

## Deel II

# Die intervlak tussen 'n sistematies-teologiese behoefte-antropologie en sekulêre behoefte-antropologieë

## Inleiding tot deel twee

'n Mens beleef jou persoonlike welsyn eerstehands as gevoel: hetsy as een of ander soort pyn óf een of ander aangename gewaarwording. Net so beleef mens 'n mens die doele en state waarna jy streef as begeerte, hoop en motivering.

'n Mens se idees oor wat goed is vir ander mense word nie primêr deur die gevoel bemiddel nie, maar deur denke. Hoe 'n mens implisiet of eksplisiet oor menslike behoeftes dink, het 'n invloed op die praktyk van aktiwiteite wat ten doel het om mense ten goede te kom. Hierdie hoofdeel bestaan uit twee hoofstukke wat afsonderlik 'n paar eksplisiete en implisiete beskouings ondersoek oor wat mense nodig het. Ek gebruik beide implisiete en eksplisiete beskouinge omdat veral die implisiete beskouinge meermale 'n verskansing van sekere waardes en 'n sekere mensbeeld verteenwoordig. Juis deur iets nie aan die orde te stel nie of as gegewe te aanvaar, kry dit 'n paradigmadiese funksie.

Met hierdie deel van die studie gaan ek uit van 'n beskouing van die sistematiese teologie wat nie net die innerlike koherensie van die teologie nie, maar ook die korrespondensie daarvan met die horison van menslike ervaring as sy vertrekpunt neem. Hierin is ek 'n navolger van Pannenberg (1991:16-17)<sup>15</sup> se definisie van die taak van die sistematiese teologie. Om daardie rede ondersoek ek die twee vakdissiplines waarvan hier onder sprake is. Ek gaan eers aan die einde van hierdie deel 'n teologiese evaluering van die resultate gee. In die twee hoofstukke wat volg, gaan ek eers die inhoud van geselekteerde eksplisiete en implisiete behoefte-beskouinge in hulle eie terme analiseer. As besluit van hierdie deel gaan ek die intervlak tussen die volgende twee hoofstukke en die eerste deel bespreek.

Die vakdissiplines wat ek ondersoek vir eksplisiete en implisiete beskouinge,

---

<sup>15</sup>Sien ook bespreking van Pannenberg se posisie by 1.1 op bladsy 7 asook my bespreking by 1.2 op bladsy 15.

is die psigologie en die ekonomie. Sekere skole en denkers in die psigologie tematiseer menslike behoeftes meer eksplisiet en daarom maak ek uit hulle geledere 'n seleksie van dié wat ek as die mees invloedryke beskou. Die psigologie verteenwoordig die dissipline wat die ontwikkeling en genesing van die individuele persoon as sy studieveld en toepassingveld het. Die psigologie is die wetenskap wat voortgekom het uit die praktyk van terapie. Dit ontstaan uit die praktyk van bestuur as die vraag na die optimale aanwending van skaars hulpbronne. Die instellings wat bestuur word, gee aan die vak ekonomie sy verdere spesialisterreine: makro-ekonomie het sy grondslag in die bestuur van die hulpbronne van 'n samelewing as geheel - iets waarin die staat as verteenwoordiger van die algemene belang 'n belangrike rol speel. Die mikro-ekonomie handel oor die verbruiker en die firma. Die basiese probleem onderliggend aan hierdie spesialis-terrein is hoe die huishouding of die firma sy bronne moet aanwend.

Die psigologie én die ekonomie het ten doel om mense se welsyn te bevorder. Die psigologie doen dit deur die teoretiese analise van die ontwikkeling of wan-ontwikkeling van die individu en die praktyk van terapie met die oog op herstel of groei van die individuele persoon. Die ekonomie beywer hom vir menslike welsyn deur empiriese en teoretiese analise van die wyse waarop 'n gemeenskap, firma of huishouding met sy beperkte bronne omgaan en die praktyk van bestuur van hulpbronne ten einde optimale benutting van hulpbronne te verseker.

Onderliggend aan albei hierdie teoretiese en praktiese ondernemings lê beskouinge oor wat mense is, en dus oor wat hulle nodig het. Moontlik kan verskillende skole binne die genoemde dissiplines onderskei word juis op grond van die aannames wat hulle maak oor menslike behoeftes en dus oor die menslike natuur<sup>16</sup>.

Hierdie hoofstuk ondersoek die beskouinge oor menslike behoeftes binne hierdie twee dissiplines omdat hulle twee komplementêre perspektiewe verteenwoordig. Die psigologie bestudeer die funksionering van die enkeling met die gemeenskap as afgeleide daarvan. Die ekonomie bestudeer die gemeenskap se omgang met dit wat waarde het. Die enkeling word hier vanuit die groep bestudeer. Die ander rede is omdat die psigologie duideliker fokus op die doel(e) van die menslike ontwikkelingsproses terwyl die ekonomie haar eerder bemoei met die middele wat die mens tot haar beskikking het en hoe sy daarmee omgaan. Die onderskeid tussen 'n kollektiewe en 'n individuele

---

<sup>16</sup>So byvoorbeeld Chomsky in sy kritiek op Skinner. Sien 7.1.1 op bladsy 221.

perspektief, asook die onderskeid tussen behoeftes en middele beteken dat albei hierdie dissiplines van belang is vir hierdie studie.

In 'n studie soos hierdie word daar uiteraard met 'n lae-resolusie analise van die stof gewerk omdat die tematiek so omvattend is. Albei die genoemde dissiplines is uiters gesofistikeerd en die literatuur in beide is onoorsigtelik wyd. Ek maak dus keuses om spesifieke temas en spesifieke denkers uit te sonder en selfs dan behandel ek dit met 'n vlugtigheid wat byna steurend is. Tog wil ek aanvoer dat op dieselfde wyse as wat daar in die geografie plek is vir die grondopname, die lugfoto én die satelietfoto, daar 'n legitieme plek is vir 'n breë en desnoods laag-genuanseerde oorsig oor die tema van menslike behoeftes is. Die resultate van so 'n oorsigtelike studie vorm dan die vertrekpunt van meer gedetailleerde navorsing waarby daar vakspecialiste van meer as een dissipline by betrek kan word<sup>17</sup>.

Die keuses wat gemaak word, word vervolgens uiteengesit vir die inhoud van hoofstuk 7 en hoofstuk 8.

Die psigoloog van die 20ste eeu wat seker die meeste invloed gehad het oor hoe mense oor behoeftes dink, was Abraham Maslow. Sy teorie oor 'n hiërargie van behoeftes is in 1943 die eerste maal gepubliseer en daarna telkens herdruk in ander publikasies. Dit is ook opgeneem in 'n boek wat drie uitgawes beleef het. Die laaste daarvan was in 1987, na Maslow se dood. Tot vandag toe word Maslow aangehaal en is sy hiërargie populêr bekend. 'n Oorsig van eksplisiete behoefte-beskouings kan kwalik volledig wees sonder om deeglik van Maslow kennis te neem. Ek behandel sy bydrae tot die studie van menslike behoeftes by 7.4 op bladsy 237.

Ek wil in hierdie oorsig oor belangrike en invloedryke behoefte-beskouinge aanvoer dat Maslow 'n sekere sintese maak van teoretici wat hom voorafgegaan het. Ek bespreek om hierdie rede, én ter wille van hulle invloed wat hulle self uitgeoefen het, eers die twee groot benaderings tot die psigologie wat aan die begin van die 20ste eeu vorm aangeneem het: Die dieptepsigologie en die gedragspsigologie. By die dieptepsigologie beskryf ek die beginfasies van ontwikkeling van die dissipline in redelike detail omdat daarin die vertrekpunte van die denkrigting duidelik word. Die denke van Freud kry besondere aandag omdat hy so 'n massiewe invloed gehad het. Ek bespreek 'n paar latere psigoloë in hierdie skool se bydrae vlugtig ter wille van elemente daarvan waarheen ek later wil terugkeer.

Ek volg dieselfde diakroniese benadering met die oorsig oor die gedrags-

---

<sup>17</sup>Ek sluit hierdie studie met voorstelle vir verdere navorsing. Sien 10.3.2 op bladsy 348.

psigologie waar ek kortliks aandag gee aan die Russiese refleksiopsigologie maar my dan meer fokus op die Amerikaanse behaviorisme. Veral die werk van B. F. Skinner kry aandag omdat hy werklik die behaviorisme tot sy logiese (en ekstreme) konklusie volg.

Lesers wat die geskiedenis van die ontwikkeling van die psigologie in die 20ste eeu ken, sal sekere belangrike skole en persone mis. So byvoorbeeld ontbreek 'n behandeling van die *Gestalt* psigologie en die bydrae van iemand soos Carl Rogers. By die keuse van die stof het ek gepoog om my te beperk tot denkers en skole wat behoeftes op 'n direkte manier tematiseer en wat 'n groot invloed uitgeoefen het. Hier val die *Gestalt* psigologie en Rogers buite die bestek van hierdie studie. Volgens die kriteria van direkte tematisering en invloed bestaan die moontlikheid om die werk van David McClelland in te sluit. Hy was inderdaad 'n besonder goeie navorser wat 'n enorme bydrae gelewer het tot die verstaan van wat mense motiveer. Ook op die gebied van die metodologie van meting van motivering het hy 'n ryk nalatenskap deurdat hy daarin kon slaag om die kwalitatiewe insig van die dieptepsigologie te kombineer met die kwantitatiewe dissipline van die gedragspsigologie. Sy invloed word oorskadu deur dié van Maslow, en daarom word Maslow eerder behandel. Ek verwys die leser na McClelland se *Human Motivation* vir 'n uiteensetting van sy metode en resultate (McClelland 1987). Clayton Alderfer het 'n behoefte-teorie wat groot parallels met Maslow's vertoon. Hy is ook minder bekend buite die vakgebied en het 'n veel kleiner invloed gehad. Om dieselfde redes bespreek ek eerder die werk van Maslow.

Met my bespreking van Maslow se behoefte-beskouing eindig die oorsig oor teorieë uit die psigologie. Die volgende belangrike teoretiese bydrae tot die studie van menslike behoeftes het nie van 'n psigoloog gekom nie, maar van 'n ekonoom. Vanaf 7.5 word die werk van Max-Neef, en verdere teoretiese uitbreidings op sy model, bespreek. Een van daardie uitbreidings is deur myself en my kollega, Dr Montagu Murray, gedoen as deel van 'n navorsingsprojek oor lewenskwaliteit in die arm huishouding wat in 2004 aan die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria uitgevoer is. Ons verwerking van Max-Neef se teoretiese bydrae word by 7.6 op bladsy 283 behandel.

Hoofstuk 8 handel oor beskouinge oor menslike behoeftes wat nie sterk geartikuleer is nie, maar wat tog die basis van ander teorieë en praktyke vorm. Elke teorie in die geesteswetenskappe of praktyk gerig op die samelewing het 'n sekere 'n mensbeeld en dus 'n behoefte-beskouing daaragter, maar ek behou die fokus op die vakkdisiplines wat ek gekies het. In hierdie hoofstuk is

veral die ekonomie ter sprake. Die stelling dat mense oneindige behoeftes het kom nogal onder ekonome voor<sup>18</sup>. Wat die betekenis hiervan is, hoop ek om in die loop van hierdie hoofstuk te ontdek. Die begrippe *behoefte*, *begeerte* en *vraag* is van besondere belang vir die ekonomie. Ek gaan probeer onderskei tussen hierdie begrippe en aantoon wat daardie onderskeidings moontlik kan beteken.

Die subdissiplines van die ekonomie wat die omstandighede bestudeer waarin die vervulling van menslike behoeftes ten minste op 'n minimum vlak moontlik is, is die ontwikkelings-ekonomie. Max-Neef het hom met hierdie probleem besiggehou. Die Nobelpryswenner, Amartya Sen het ook op dié gebied 'n groot bydrae gemaak wat besondere implikasies vir die spesialis-gebied van ontwikkelings-ekonomie het en wat 'n sekere verandering in die denke oor menslike behoeftes veronderstel. Om hierdie rede word sy bydrae kortliks ondersoek.

Hierdie hoofdeel eindig met 'n samevatting van die resultate van deel een en deel twee.

---

<sup>18</sup>Sien byvoorbeeld Mohr en Fourie (2001:7): “Behoeftes is oneindig - ons wil almal so veel as moontlik hê - maar middele is skaars. Derhalwe moet keuses deurentyd uitgeoefen word. Die verwantskap tussen onbeperkte behoeftes en skaars middele is van kardinale belang vir die ekonomie.” Hierdie boek van Mohr en Fourie word gebruik as 'n handboek vir eerstejaarstudente by Unisa, die grootste universiteit in Suid-Afrika. Ek het self in 2002 vir die eerstejaarskursus in ekonomie ingeskryf (en dit met lof geslaag). My inskrywing was 'n soort gevallestudie om te probeer uitvind hoe studente in die aanname van oneindige of onbeperkte behoefte ingesosialiseer word. In die besprekingklasse het die dosent by herhaling die aanname van oneindige behoeftes genoem. Geen student het dit ooit bevraagteken nie. Die bespreking in hoofstuk 8 oor die vraagbegrip en die nutsbegrip bevat die resultate van hierdie 'eksperiment' van my. Ek gaan probeer om uit die inhoud van die boek van Mohr en Fourie aan te toon dat die stelling op bladsy 7 onhoudbaar is. Of dit geslaag is, sal die leser self na afloop van hoofstuk 8 moet oordeel.

## Hoofstuk 7

# Eksplisiete behoefte-antropologieë

**Samevatting.** In die psigologiese antropologie sedert die begin van die twintigste eeu het daar 'n sekere beweging weg van die fokus op die dierlike plaasgevind. Waardes is al hoe meer gebruik om die inhoud van behoeftes mee uit te druk. Daar word ook al hoe skerper onderskei tussen behoeftes en vervullers. Hierdie fokus op die simboliese en die voorlopige maak dit makliker om die teologiese interpretasie van behoeftes, soos dit in hierdie hoofstuk gemaak is, met sekulêre behoefte-teorieë in gesprek te laat tree.

### 7.1 Behaviorisme

#### 7.1.1 'n Kort oorsig oor enkele belangrike bydraers uit die behaviorisme

Aan die begin van die vorige eeu het daar 'n soort psigologie ontstaan wat die mens van buite wou ondersoek. Introspeksie as psigologiese metode is totaal gediskwalifiseer. In lyn met die neiging van die psigologie tot in daardie tyd om al hoe meer objektief te word, het hierdie soort psigologie gepoog om werklik wetenskaplik te wees. Wetenskaplik word hier bedoel in die positivistiese sin van die woord (Mouton 1987:20 en verder). Waarneembaarheid en kontroleerbaarheid was ken-teoretiese kriteria binne hierdie benadering<sup>1</sup>.

---

<sup>1</sup>Wat werklik interessant is, is dat die kriterium van waarneembaarheid 'n uiterste vorm van subjektivisme tot gevolg het. Dit kom daarop neer dat dit wat ek nie kan waarneem nie, nie bestaan nie. So 'n kennisleer is al uitgewerk maar met 'n heel ander doel. Berkeley

Dit lei tot die uitgebreide gebruik van eksperimente op mense en diere wat die stof vir psigologiese teorievorming voorsien het. Die Amerikaanse vorm van hierdie benadering het bekend gestaan as die *behaviorisme* met die *operasionalisme* en die *neo-behaviorisme* as later variante. Psigologie as gedragswetenskap het tegelykertyd ontwikkel in Europa (Rusland) sowel as in Noord-Amerika gedurende veral die eerste kwart van die 20ste eeu<sup>2</sup>.

Hoewel die wortels van die behaviorisme dieper lê<sup>3</sup>, begin besprekings van die begin van die moderne behaviorisme gewoonlik by Ivan Pavlov. Sy bekende eksperimente met die speekselrefleks van honde vanaf 1900 het gelei tot die ontdekking van die voorwaardelike of gekondisioneerde refleks<sup>4</sup>. Hy was tot met sy dood in 1936 'n diere-psigoloog wat gepoog het om die gedrag van die dier - waarby die mens ingesluit is - suiwer fisiologies te verklaar. Die grondstruktuur van refleksiewe gedrag vir Pavlov word gegee in die skema: prikkel - reaksie. Pavlov het doelbewus weggebly van die gedagte van bewussyn en het sy laboratorium-assistente verbied om woorde soos *psige* in sy laboratorium te gebruik (van den Berg 1973a:69-71).

Ongeveer gelyklopend met die werk van Pavlov het 'n soortgelyke ontwikkeling hom op die Noord-Amerikaanse kontinent afgespeel. 'n Duitse dierkundige en fisioloog, Jacques Loeb, emigreer na die VSA en publiseer in 1899 'n boek getiteld *Comparative Physiology*<sup>5</sup>. Hierin gee hy 'n analise

---

se motto *Esse est percipi* vorm deel van 'n Godsbewys. Die syn word gewaarborg deur die waarneming daarvan deur God. Die behaviorisme se aandrang op waarneembaarheid en objektiwiteit kan dus nie saam gehandhaaf word nie. Die feit dat dit wel saam voorkom, het 'n teologiese betekenis. Die mens neem die plek in wat God in Berkeley se argument het. Dit wat nie waargeneem kan word nie, bestaan nie. In die psigologie is dit wat nie waargeneem kan word nie, die innerlike van die medemens.

<sup>2</sup>Van den Berg merk op dat die reflekspsigologie en die behaviorisme albei in kultureel arm gemeenskappe ontwikkel het en dat dit uitmunt in eenvoudige taal en toeganklik is vir die massas (van den Berg 1973a:73).

<sup>3</sup>Sechenov se boek oor die refleks van die brein wat 'n invloed op Pavlov gehad het, het al in 1863 verskyn. Die basiese gevolgtrekking van hierdie werk is dat psigologie niks anders as fisiologie is nie (van den Berg 1973a:69). Watson se werk kan gesien word as 'n voortsetting en radikalisering van die funksionalistiese skool. Die pos wat hy in 1908 betrek het, was juis die leerstoel vir *eksperimentele en vergelykende psigologie*. Ook die funksionalisme het introspeksie verwerp, eksperimente met diere gedoen en in die algemeen gepoog om van die psigologie 'n objektiewe wetenskap volgens die positivistiese ideaal te maak (van den Berg 1973b:118,119) (Marx en Cronan-Hillix 1987:147). Die nuwe van Watson se benadering was dat hy alle innerlike state ontken het.

<sup>4</sup>Die term kom van een van Pavlov se studente, I. F. Tolotsjinov in 1903. (van den Berg 1973a:70)

<sup>5</sup>Die Engelse uitgawe was in 1903.



van die meganismes wat aanleiding gee tot wat hy die *sogenaamde psigiese fenomene* noem. Hy herlei, net soos Pavlov die hele psigiese fenomeen tot die fisiologiese en dus tot die meganiese. Selfs 'n psigoloog soos William James publiseer 'n artikel in 1904 onder die titel *Does Consciousness Exist?* met 'n negatiewe antwoord. Hy sê dat bewussyn slegs 'n slordige naam vir fisiologiese prosesse is.

Dit is egter J. B. Watson wat die werklike vader is van die Noord-Amerikaanse behaviorisme. Die term is ook van hom afkomstig<sup>6</sup>. Hy begin met sy gedagtes in 1903, dieselfde jaar as Pavlov se eerste publikasie. Sy eerste openbare lesing oor die onderwerp is in 1908 by Yale Universiteit. Hy publiseer 'n artikel in die *Psychological Review* van 1913 onder die titel *Psychology as a behaviorist views it*. In 1914 publiseer hy 'n boek getiteld *Behavior: an introduction to comparative psychology* en in 1919 weer *Psychology from the standpoint of a behaviorist* (Watson 1919). In 1924, toe hy al bekend was en 'n aanhang gehad het, publiseer hy 'n boek met die eenvoudige titel *Behaviorism* (Watson 1925).

Watson stem ooreen met Pavlov in die afwysing van die hele konsep van bewussyn of enige sinoniem daarvoor en dus ook die diskwalifikasie van introspeksie as metode vir die psigologie. Sy standpunt is duidelik geformuleer in sy werk van 1924: "...the belief in the existence of consciousness goes back to the ancient days of superstition and magic." (Watson aangehaal in van den Berg 1973a:73)

Watson bestudeer gedrag volgens die skema: stimulus - respons. Die onderskeid tussen psigologie en fisiologie verval met die enkele onderskeid dat waar die fisiologie besig is met die afsonderlike organe en sisteme, die behaviorisme die funksionering van die hele organisme bestudeer.

Wat ook van belang is by Watson is die manier waarop hy die konsep van oorerwing hanteer. Hy ontken die bestaan van enigiets soos die oorerwing van talent of temperament of enige soortgelyke eienskappe. Alle gedrag van 'n mens is volgens hom aangeleer.

Die behaviorisme was invloedryk veral in die VSA en daar is byna geen skool van die psigologie in die VSA (veral in die eerste helfte van die 20ste eeu) wat nie op een of ander manier daardeur gevorm is nie. Die behaviorisme het in sy klassieke vorm nie later as die jare 50 van die vorige eeu as dominante teorie bly voortbestaan nie. Veral die sukses van psigoterapie

---

<sup>6</sup>Van den Berg (van den Berg 1973a) noem die skool van Pavlov nie behaviorisme nie maar *reflekspsigologie*. Ek verwys na die groter beweging as gedragspsigologie.

volgens die psigoanalitiese metode met soldate wat terugkeer het uit die eerste wêreldoorlog het die psigoanalise se status in die Amerikaanse milieu verhoog. Dit het as teenvoeter vir die invloed van die behaviorisme gedien.

Hoewel nie meer die dominante denkrigting nie, het die behaviorisme ook in die tweede helfte van die twintigste eeu verder ontwikkel. Die mees invloedryke denker van hierdie skool in die latere tydperk was sekerlik B. F. Skinner. Soos te verwagte, verwerp Skinner die konsep van bewussyn en doen hy baie eksperimentele werk met diere. Hy verkies duiwe as sy proefdier.

Skinner se bydrae by die konsepsuele stof van die behaviorisme is die konsep van *operante kondisionering*. Operante kondisionering verskil van die klassieke konsep van kondisionering deurdat 'n aksie van die organisme versterk of verswak word deur die gevolg daarvan te manipuleer deur byvoorbeeld beloning of straf<sup>7</sup>. Pavlov het die geluid van die klok met die gee van voedsel geassosieer het en kon later 'n speekselrefleks met slegs die klok ontlok. Hy kondisioneer sy honde dus om 'n gegewe respons op 'n aangeleerde stimulus te hê. Skinner het sekere gedragspatrone, wat reeds deel van die organisme se repertorium was, versterk en ander verswak deur 'n vorm van beloning en straf. Kos of elektriese skokke is tipies in diere-eksperimente gebruik. In een studie het hy byvoorbeeld beweer dat hy bygeloof by duiwe gevestig het deur middel van operante kondisionering (Skinner 1947). Hy het duiwe uitgehonger en dan in 'n hok geplaas met 'n toestel wat 'n graankorreltjie met 'n vaste interval in die hok laat val. Sommige van die duiwe het later begin om 'n spesifieke gedrag te vertoon, byvoorbeeld om die kop te skud of een of ander gestileerde beweging te maak. Hierdie gedrag het natuurlik niks met die tempo of hoeveelheid van die kos-toevoer te doen gehad nie. Die kos het as gedragsversterker gedien. Die gedrag was later baie gestileerd en Skinner kon letterlik duisende repetisies waarneem. Hy beweer dat die duiwe 'n soort bygeloof ontwikkel het wat op 'n valse assosiasie tussen hulle gedrag en die kos-toevoer gebaseer is. Hy vergelyk dit met persoonlike manierismes

---

<sup>7</sup>Die woord *reinforce* is 'n sleutelterm in Skinner se werk. Hy gebruik die woord as plaasvervanger vir enige woord wat op 'n bewuste toestand dui. Die volgende aanhaling maak dit duidelik. "The expressions 'I like Brahms', 'I love Brahms', 'I enjoy Brahms', and 'Brahms pleases me' may easily be taken to refer to feelings, but they can be regarded as statements that the music of Brahms is reinforcing." (Skinner 1974:48) Hoekom Brahms se musiek vir 'n sekere persoon *reinforcing* sou wees, word natuurlik volgens Skinner bepaal deur die omgewing en die geskiedenis van *reinforcements* van die persoon. Vergelyk ook die definisies van *instrumentele kondisionering* en *operante kondisionering* in die *Psigologieoordeboek*. (Plug *et al.* 1988:ad loc)

en ritueeltjies van dobbelaars of met 'n rolbal (*bowling*) speler wat liggaamsbewegings maak na die bal sy hand verlaat het. Hierdie studie demonstreer tegelyk die eksperimentele sukses wat Skinner met operante kondisionering gehad en die trivialiteit van sy onderneming.

Skinner sien die konsep van operante kondisionering as die sleutel tot die bestuur van die menslike samelewing. Hy voorsien 'n utopie as gedragsbeheertegnologie (dus operante kondisionering) op 'n groot skaal gebruik kon word. Die konsep van versterking van gewenste gedrag is vir hom die sleutel tot opvoeding en sosiale beheer. Straf is 'n swak gedragsbeheertegnologie omdat organismes geneig is om net hulle gedrag verander om die strafstimulus te vermy en nie om die onderliggende gedrag (dit wat gestraf word) te verander nie. Deur positiewe gedragsversterking glo hy dat 'n gemeenskap geskep kan word waarin straf nie nodig is nie. So 'n visie op utopiese gemeenskap het hy uiteengesit in sy novelle van 1948 getiteld *Walden Two*.

Wat interessant is van Skinner is dat hy die fenomene bestudeer het wat die duidelikste aanduiding gee dat die behaviorisme nie geskik is vir die studie van die mens nie, naamlik taal en vryheid. In die behaviorisme se program om die konsep van bewussyn te verwyder is daar geen belangriker taak as om taal meganisties te verklaar nie. As daar was, sou dit wees om met die gedagte van vryheid eens en vir altyd af te reken. Skinner probeer om beide te doen.

Getrou aan die tradisie neem Skinner die standpunt in dat daar weggedoen moet word met konsepte soos denke en idees of enige gepostuleerde innerlike state van 'n organisme<sup>8</sup>. In sy studie oor taal verwys hy na wat tradisioneel *taal* genoem is as *verbale gedrag*<sup>9</sup>. Hy weier om te sê dat mense 'n gesprek voer of idees uitruil. Hy sal ook nie sê dat 'n mens 'n taal ken nie, maar dat 'n persoon 'n gedragsrepertoire het wat haar in staat stel om gepas op sekere verbale stimuli te reageer.

The words and sentences of which a language is composed are said to be tools used to express meanings, thoughts, ideas, propositions, emotions, needs, desires and many other things in or on the speaker's mind. A much more productive view is that verbal behavior is behavior. It has a special character only because it is reinforced by its effects on people. (Skinner 1974:89)

<sup>8</sup>Hy noem sulke konsepte *mentalistic explanations*. (Skinner 1974:89)

<sup>9</sup>So byvoorbeeld in die titel van sy werk *Verbal Behavior*. (Skinner 1957)

'n Persoon se omgewing, geskiedenis en afkoms (hy laat genetiese faktore ook toe, anders as Watson) bepaal hoe sy op verbale stimuli sal reageer. In sy studie oor verbale gedrag het hy dan ook gepoog om 'n behavioristiese taal-teorie te ontwerp wat geen innerlike state van die organisme aanvaar nie en waar die eksterne verbale en ander stimuli asook vroeëre gedragsversterking 'n persoon se verbale gedrag bepaal. Dit kom neer op die aanwending van die terminologie van die laboratorium op die veld van taal. Alle taal word dus herlei na *stimulus*, *respons*, *versterking* en *deprivasie* en die verfynings wat aan hierdie konsepte aangebring is. Skinner het ook vyf soorte verbale gedrag geïdentifiseer<sup>10</sup> wat elkeen sy eie stimulus het wat dit ontlok, sy eie soort respons en sy eie soort gedragsversterker.

Skinner se strategie is grootliks terminologies van aard. Hy vervang klasieke konsepte met sy eie behavioristiese terminologie. Chomsky se hewige en deeglike kritiek op Skinner se boek *Verbal Behavior* (Chomsky 1959:xi) kom daarop neer dat as Skinner se terme letterlik opgeneem word, dit op omtrent geen spraakgedrag van toepassing is nie en dat, wanneer dit metafories<sup>11</sup> verstaan word, dit geen waarde by die gebruikelike mentalistiese taalkunde toevoeg nie - dit is eerder onakkuraat en onvoldoende. Skinner vermy ook omtrent totaal die vraag hoe dit moontlik is om sinne te gebruik wat grammatikaal korrek is maar wat 'n persoon nog nooit gehoor het nie. Sy verklaring dat so 'n sin soortgelyk is aan ander wat al gehoor is, word sonder verdere verduideliking van die reëls van gelyksoortigheid gegee. Die reëls onderliggend aan taal blyk uiters kompleks te wees en dit word uiters vinnig deur kinders aangeleer. 'n Ongenuanseerde konsep van soortgelykheid is net te grof om dit te kan verklaar.

Om die probleem verder te vererger, wil dit voorkom dat daar selfs by diere en veral by die mens 'n inherente drang na ontdekking, intellektuele stimulasie en eksperimentering bestaan. Waarneming, denke en taal is dus nie werklik afhanklik van gedragsversterking en koppeling aan ander onderliggende drange soos die teorie van operante kondisionering voorstel nie. Maslow het byvoorbeeld gevind dat die ape waarmee hy eksperimente gedoen het, sekere raaisels opgelos het en dan die kos wat as beloning gegee is,

---

<sup>10</sup> *Mand, tact, intraverbal, textual response* en *echoic response*. Hy wy 'n hoofstuk aan elk in *Verbal Behavior* (Skinner 1957). Vir 'n kort opsomming sien Poling *et al.* (1991:161) en vir 'n kritiese bespreking van elke soort afsonderlik en die hele sisteem, sien Chomsky (1959).

<sup>11</sup> Met ander woorde, as Skinner sê *stimulus control* bedoel hy maar net *denotasie* ens.

weggegooi het<sup>12</sup>.

Die behavioriste se dogmatiese ontkenning van innerlike toestande maak dit vir hulle onmoontlik om die voor-die-hand-liggende oplossing - dat taal deel is van die menslike *hardeware* - te aanvaar. Hierdie oplossing is deur Chomsky voorgestel. Die kritiek teen sy teorie vanuit die behavioristiese kamp toon baie duidelik die empiristiese posisie van die behaviorisme aan.

There is no direct evidence that deep structures exist. They are not physical entities that are measured, but hypothetical entities that are inferred. Although knowledge of the rules of grammar may facilitate language, humans can and clearly do speak appropriately without knowing such rules. Although it might be argued that, in such cases, rules are somehow used “unconsciously,” this hypothesis is untestable and hence meaningless (Poling *et al.* 1991:159).

Dit wil voorkom uit die aanhaling hierbo asof die outeurs dink dat die behaviorisme nie op teoretiese inferensie staatmaak nie<sup>13</sup>.

Skinner het in 1971 'n boek gepubliseer met die titel *Beyond freedom and dignity*. Die basiese strekking van die boek is dat die konsepte van vryheid en outonomie in die weg staan van die vooruitgang van die kultuur en dat 'n samelewing gevestig moet word wat gebaseer is op psigiese beheertegniese soos deur Skinner in die laboratorium gebruik. Skinner verkies beloning bo straf as metode om gedrag te reguleer omdat dit meer effektief is. Die doel is om 'n samelewing daar te stel wat so deur gedragsbeheertegnologie gevorm is dat straf eintlik nooit nodig sal wees nie. Skinner kan hierdie visie hê omdat hy weer eens daarop aandring dat alle gedrag deur eksterne omgewingsfaktore bepaal word. Dit volg dan dat die eksterne omgewing net van 'n sekere aard moet wees om so perfekte burgers vir 'n perfekte samelewing te skep.

Ook op hierdie werk het Chomsky uitvoerige kritiek gelewer. Chomsky se kritiek is eerstens gerig teen Skinner se terminologie. Wanneer hy byvoorbeeld die woord *reinforce* gebruik waar die gewone Engelse taal sal praat van *like* of *enjoy* skryf Chomsky:

<sup>12</sup>Bespreking hiervan in Wilson (1972:149). Sien ook McClelland (1987:78) vir verdere voorbeelde.

<sup>13</sup>Hulle sou korrek wees as die behaviorisme nog net twee sake bo alle twyfel kon aantoon: dat die mens 'n rot is en dat die wêreld 'n laboratorium is.

A literal interpretation of such remarks yields gibberish, and a metaphorical interpretation merely replaces an ordinary term by a homonym of a technical term, with no gain in precision. (Chomsky 1971)

Hierdie kritiek het Chomsky ook teen sy analise van taal gebruik (en daar in groot detail met elkeen van Skinner se terme afsonderlik). Verder vind Chomsky dat Skinner nie eers by benadering daarin slaag om die verskynsel van menslike vryheid deur middel van sy teorie te verklaar nie. Chomsky stel dit verder dat daar geen verskil is tussen 'n goed georganiseerde konsentrasiekamp en Skinner se ideale samelewing nie. In die slot van die artikel van Chomsky vind hy dat die eintlike verskil tussen Skinner en sy humanistiese opponente hulle konsep van menslike behoeftes is.

The problems that Skinner discusses - it would be more proper to say "circumvents" - are often real enough. In spite of his curious belief to the contrary, his libertarian and humanist opponents do not object to "design of a culture," that is, to creating social forms that will be more conducive to the satisfaction of human needs, though they differ from Skinner in their intuitive perception of what these needs truly are. (Chomsky 1971)

### 7.1.2 Die gedragspsigologie se definisie van behoeftes

Onderliggend in die gedragspsigologie lê die gedagte dat die mens basiese fisiologiese drange het en dat daardie drange aanleiding gee tot spanning en dat die spanning verlig word deur bevrediging van die drange. Met die eerste oogopslag is alle menslike en selfs dierlike gedrag egter nie op die aanvulling aan fisiologiese tekorte gerig nie. Dit is hier waar die kunsgreep manifesteer wat tot refleksiopsigologie en die behaviorisme ontwikkel het: die organisme leer op grond van die fisiologiese drange<sup>14</sup> dan nuwe response aan (*dit is Pavlov se gekondisioneerde refleks*) of sekere gedrag word versterk deurdat die verligting van die drifspanning geassosieer word met 'n sekere stimulus (*Skinner se operante kondisionering*). Deur hierdie twee meganismes kan min of meer alle gedrag van enige organisme verklaar word omdat daar 'n arbitrêre

---

<sup>14</sup>*Drive* wat ek met *drang* vertaal, is 'n tegniese term in die behaviorisme. Sien die opsomming by McClelland (1987:68 en verder). Sien ook die betekenis van die terme *drang* en *drangreduksie* in Plug *et al.* (1988:72).

222      *HOOFSTUK 7. EKSPLISIETE BEHOEFTE-ANTROPOLOGIEË*

assosiasie tussen enige gedrag en die vermindering van drifspanning tot stand kan kom. Skinner kon inderdaad deur die toediening van saadkorrels te beheer 'n duif leer dans of bygelowigheid, soos hy dit noem, by die duif laat ontstaan.

## 7.2 Die dieptepsigologie

### 7.2.1 'n Kort oorsig oor enkele belangrike bydraers uit die dieptepsigologie

#### 7.2.1.1 Die begin van die dieptepsigologie

Soos dié van die behaviorisme, gaan die geskiedenis van die dieptepsigologie<sup>15</sup> ook terug na die einde van die negentiende eeu. Die ontdekking van die dieptepsigologie word deur van den Berg by Josef Breuer in 1882 geplaas (van den Berg 1970:19). Sy ontdekking dat by historiese pasiënte hul simptome 'n bepaalde emosie vervang, was die begin van sy ontrafeling van die verskynsel van die onbewuste<sup>16</sup>. In 1893 en 1895 publiseer Breuer in samewerking met sy jonger medewerker, Sigmund Freud 'n artikel<sup>17</sup> en 'n boek om hulle verklaring van neurotiese simptome en die behandeling daarvan te verduidelik. Freud, 'n neuroloog van opleiding, werk van 1887 tot 1895 saam met Breuer. Hulle het egter in 1892 reeds begin verskil en is uiteindelik as gevolg hiervan uitmekaar.

Dit is belangrik om op te merk dat die psigoanalitiese beweging in besonder in die vroeë dae uit medici bestaan het. Die psigoanalise ontwikkel dan ook uit die behandeling van pasiënte. Die antropologie wat hieruit ontwikkel se swakte is dat dit die sieke as norm van die gesonde hanteer. Daardie antropologie het sy bewys gevind in die oënskynlike sukses van die behandelingsmetode wat daaruit voortgevloei het. Die gebruik van die siek mens as antropologiese norm was inderdaad die inhoud van die verskil tussen Freud en Breuer. Die ontdekking van die onbewuste dimensie van die menslike lewe wat op niks minder as 'n dubbele persoon neerkom nie, sien Breuer as iets wat slegs by neurotics voorkom. Freud is egter van mening dat 'n onbewuste wat teenoor die bewuste staan, ons almal se lot is. Hier het Breuer en Freud se paaie geskei. Freud het voortgegaan om sy teorieë te ontwikkel en het

---

<sup>15</sup>Ek gebruik *dieptepsigologie* as die benaming vir die groter beweging wat die belang van die onbewuste in die mens erken. *Psigoanalise* is die skool van Freud.

<sup>16</sup>Die onbewuste is al deur ander tydgenote van Breuer genoem, maar nie met die volledige teoretiese verklaring van die betekenis daarvan soos by die publikasies van Freud en Breuer nie. Théodule Ribot verwys al in 1884 na 'n staat van sieklike verdubbeling waarin hy na die bewuste en die onbewuste verwys. In dieselfde jaar verwys Hippolyte Bernheim na 'n soortgelyke toestand. Daar is nog vele voorbeelde. (van den Berg 1970:131)

<sup>17</sup>In die *Neurologisches Centralblatt* nommers 1 en 2. Opgeneem in (Breuer en Freud 1974:53-69).



mettertyd 'n gevolg opgebou. So word die psigoanalise 'n beweging. Aan die begin van die beweging was dit Sigmund Freud wat die beweging bepalend gerig het.

### 7.2.1.2 Freud en Breuer se artikel van 1893

Die eerste artikel wat die begin van die dieptepsigologie as wetenskap aandui, was dié van Freud en Breuer van 1893 getiteld *Vorläufige Mitteilung*<sup>18</sup>. Die inhoud het 'n verklaring gebied vir die verskynsel van histerie en 'n suksesvolle behandelingsmetode aangebied. Die tese van die artikel was dat histerie en neurose in die algemeen veroorsaak word is deur psigo-trauma (Breuer en Freud 1974:56). Die psigo-trauma word onbewus en kom in die daaglikse lewe nie bewus na vore nie, maar uit sigself in die gevoel (Breuer en Freud 1974:58). Die neurotiese simptome is die teken van die geheime aanwesigheid van die psigo-trauma (Breuer en Freud 1974:60). Wanneer die ware oorsaak van die neurose (naamlik die psigo-trauma) ontdek word en die pasiënte daarvan bewus geword het en die passende emosies na vore bring, verdwyn die neurose (Breuer en Freud 1974:68). Hipnose is die hulpmiddel wat die terapeut in staat stel om die pasiënt te lei om onbewus gemaakte traumatiese gebeure te onthou en te verwerk.

In hierdie artikel kom alreeds die belangrike strukturelemente van die psigoanalise na vore (van den Berg 1970:30-31):

- Die onbewuste is bepalend.
- Die onbewuste het die karakter van 'n anti-ek.
- Die mens se doen en late word eerder affektief as kognitief bepaal.
- Die verlede is bepalend.

### 7.2.1.3 Die ontwikkeling van Freud se terapeutiese metode en teoretiese model

DIE METODE VAN SUGGESTIE. Tot in 1895 het Freud van hipnose gebruik gemaak om toegang tot die onbewuste van sy pasiënte te bewerkstellig. Na

---

<sup>18</sup>Ek ontleen die inligting in hierdie paragraaf aan (Breuer en Freud 1974:53-69) asook van den Berg se werk oor die geskiedenis van die dieptepsigologie (van den Berg 1970:25-31).

'n besoek aan Hippolyte Bernheim waartydens Bernheim die krag van post-hipnotiese suggestie demonstreer laat vaar hy die hipnose en gebruik slegs suggestie. Freud het sy hande op die pasiënt se kop gedruk en gesê dat sodra hy sy hande lig, die pasiënt van die verdronge herinneringe bewus sal raak. Dit het inderdaad ook so gebeur. Die pasiënte het dan aan Freud een of ander traumatiese gebeurtenis uit hulle verlede vertel, meermale van seksuele aard. In 1899 laat vaar Freud die metode omdat hy tot die besef gekom het dat die pasiënte die herinneringe versin. Hoewel hy dit reeds in 1899 besef het en sy terapeutiese metode gewysig het, skryf hy eers in 1917 daaroor. In 1917 skryf hy dat die meeste van die verhale wat sy pasiënte hom vertel het versinsels was. Later, in 1925, het hy gemeen dat alles versin was (van den Berg 1970:49).

DIE METODE VAN VRYE ASSOSIASIE. Vanaf 1899 gebruik Freud die metode van vrye assosiasie. Die metode kom daarop neer dat die terapeut woorde noem en die pasiënt vra om die eerste woord wat sy daarmee assosieer te noem. Niks wat pynlik of beskamd is mag weggesteek word nie<sup>19</sup>. Veral woorde waarop die pasiënt met huiwering antwoord is van belang. Hierdie woorde lê dan meermale die bron van die persoon se emosionele probleme bloot. Hierdie metode verskil van die metode van die eerste twee fases in dié opsig dat die doel nie die uiting van 'n, by die verdronge trauma passende, emosie is nie, maar dat die pasiënt tot insig kom oor die oorsaak van haar ongesteldheid. Vanaf 1899 is Freud besig met psigoanalise in die streng sin van die woord - hy analiseer die psige. Die terapie word meer kognitief, neem dus langer en het ook meer wisselvallige sukses. Soortgelyk aan die metode van vrye assosiasie analiseer Freud ook die droom en die daaglikse versprekinge wat mense maak.

FREUD SE DIEPTEPSIGOLOGIESE ANTROPOLOGIE. Reeds voor 1899 het daar 'n spesifieke antropologie uit die terapeutiese werk van Freud voortgevloei. Hierdie mensbeeld het mettergaan uitgebrei tot 'n redelik gekompliseerde beskouing van die samestelling en funksionering van die menslike subjek. Ten grondslag van hierdie antropologie lê die verdeling van die menslike persoon in 'n bewuste en 'n onbewuste laag. Aan die begin van sy werk het Freud die onbewuste gesien as die domein waarheen die psigo-trauma en ander ongewenste gedagtes verdring is. Dit was voor sy ontdekking dat sy

---

<sup>19</sup>Dit is natuurlik die Achilleshak van die hele metode. Deur die streng opdrag om niks pynlik of beskamd weg te steek nie, dink die pasiënt meer aan dit wat pynlik of beskamd is. Wat veral beskamd was in die tyd van Freud was die seksuele.

pasiënte die traumatiese verhale gefabriseer het wat hulle aan hom vertel het. Hy moes dit na 1899 aanpas om die drange in die onbewuste te lokaliseer. Daaroor meer later.

Wat bly vasstaan, selfs na die ontugtering van 1899, is dat daar een of ander mag is wat onaanvaarbare gedagtes, ervarings of drange onbewus maak. Die vraag na die agent van verdringing, soos die tegniese term lui, het gelei tot die ontdekking van nog 'n deel van die onbewuste wat later (in 1923) deur Freud die *Über-Ich* genoem is. Die mens se sin vir die behoorlike is gesetel in die *Über-Ich* wat self uit twee dele bestaan naamlik die *Ich-Ideal* en die gewete. Die *Ich-Ideal* word deur die opvoedingsproses gevorm en dan deur die subjek geïnternaliseer en word deel van die onbewuste. Hierdie deel van die menslike subjek word 'n onafhanklike intra-psigiese mag. Dit word oorheers deur die moraliteits-prinsiepe en is ongenaakbaar in sy eise. Die bewuste deel van die *Über-Ich* bestaan uit die gewete.

Teenoor die van buite opgelegde en later geïnternaliseerde eise van die opvoeders staan die persoon se eie drange as 'n opponerende mag. Freud noem dit die *Es*. Die keuse van 'n neutrale woord is belangrik. Die diepste deel van die *Es* bestaan uit die vitale drange terwyl 'n vlakker deel bestaan uit die verdronge deel van die bewuste. Die vitale drange, op hulle beurt, bestaan uit drange wat op die ek gerig is soos alles wat vir die liggaamsonderhoud nodig is, en dié wat op die voortbestaan van die spesie gerig is, naamlik die seksuele drange<sup>20</sup>. Die *Es* word oorheers deur die lusbeginsel en is dus hedonies van aard, dit funksioneer in terme van genot. Volgens Freud is die *Es* amoreel, redeloos en outonoom.

Tussen die twee, meestal opponerende, outonome en dus ontoegeefflike, meerendeels onbewuste magte lê die *Ich*. Die *Ich* word beheers deur die realiteits-prinsiepe. Hy moet die eise van die *Über-Ich* en die *Es* op die bes moontlike manier akkomodeer. Die *Ich* het die werklik onbenydenswaardige taak om die luste en die gewete te stil. Dit wil voorkom of die *Ich* gedoem

---

<sup>20</sup>Wat opvallend is, is hoe min aandag die drang ontvang wat werklik met die voortbestaan van die spesie gemoeid is, naamlik dié van ouerskap. Die seksuele is meermale nie gerig op voortplanting nie. Ook interresant is dat daar in eksperimentele werk met rotte in die behavioristiese tradisie gevind is dat moederskap die sterkste drang is by rotte is. Dit is gemeet aan die hoeveelheid pyn wat 'n rot sal deurstaan om by 'n sekere bevrediger uit te kom. Die pyn is toegedien deur 'n geëlektrifiseerde bruggie tussen die rot en die begeerde voorwerp te plaas en dan die stroom al hoe hoër te stel totdat die rot nie meer die brug oorsteek nie (McClelland 1987:72). Dat veral moederskap 'n drang is, is nie te ontken nie. Die vraag van belang is hoekom Freud nie moederskap as deel van die *Es* beskou nie.

is om te misluk as dit nie was vir die kunsgreep van *sublimasie* nie. Freud het die konsep van sublimasie in 1905 ingevoer. Dit hou in dat die seksuele of aggressiewe drif toegepas word op 'n ander lewensterrein wat vir die *Über-Ich* aanvaarbaar is. Die aggressiewe persoon word byvoorbeeld 'n chirurg. Die aggressiewe drange word gekanaliseer deurdat hy mense oopsny maar hy bereik daarmee iets goeds. Deur sublimasie kan die *Es* en die *Über-Ich* gepaai word en kan 'n mens 'n lewe lei waarin gewetenswroeging en neurotiserende frustrasie nie oorheers nie. Met die konsep van sublimasie kan Freud sy antropologie wat gebaseer is op siek mense ook vir die gesondes handhaaf. Dit het ook tot gevolg dat hy werklik alle menslike optrede kan terugherlei na die basiese drange. Daarmee verdaag hy die outonomie van die hoër ideale van die mens. Kuns, wetenskap en medemenslikheid is alles vorme van sublimasie. Net soos sy kollegas aan die ander kant van die Atlantiese oseaan het Freud die menslike na die dierlike herlei. Dit is miskien die grootste kenmerk van die Westerse psigologiese mensbeeld van die eerste deel van die twintigste eeu.

Van den Berg se kritiek op Freud se konsep van sublimasie is die moeite werd om woordeliks aan te haal, al is dit ook net ter wille van die welsprekendheid daarvan.

Wetenschap, kunst en menslievendheid zijn niet hoger of meer verheven dan drift, aangezien drift niet lager is dan de vermelde inspanningen. Dat wil zeggen, meer nog dan de woord *sublimatie* is het woord *drift* mistplaats. *Verlangen* is ons eigen, hevig, hartstogtelik verlangen, maar niet drift. Drift is de degeneratie van menselijk verlangen. Het verlangen te eten uit zich in een gezinsmaaltijd, die als menselijk gebeuren op één lijn staat met wetenschap, kunst en menslievendheid. Het verlangen geslachtelijk te genieten uit zich in een tot zinsverrukking voerend liefdespel, dat, hoe is men er ooit op gekomen, niets laags of lagers in zich heeft. Toch kwam men erop, wat moet betekenen dat het 'driftmatige', tot in Freud's tijd, door degeneratie was aangetast. (van den Berg 1970:62)

DIE ONTWIKKELINGSFASES VAN DIE KIND. Daar is reeds op die belang van die verlede in die denke van Freud gewys. Die ontdekking dat sy pasiënte nie, soos hy aanvanklik gedink het, een of ander psigo-trauma beleef het nie, beteken dat hy nie in die besondere verlede van die spesifieke pasiënt die

oorsaak van neurose moes vind nie, maar in die verlede van elke mens. Die psigo-trauma wat vermoedelik in die kinderjare van die neurotiese pasiënt plaasgevind het, maak dus plek vir 'n beskrywing van die ontwikkeling van die kind in die algemeen waarin die oorsake van neurose sowel as menslike gedrag in die algemeen te vinde is. Dit laat natuurlik die vraag na hoekom party mense neuroties word en ander weer nie.

Ek bespreek die fases hier vlugtig omdat daar later in die verband op die meer gebalanseerde en volledige werk van Eric Erikson teruggekom sal word<sup>21</sup>. Erikson het inderdaad baie van Freud oorgeneem, maar met belangrike nuansering.

Soos met die res van sy denke, oorheers die seksuele ook vir Freud die lewe van die kind. Daar moet bygevoeg word dat Freud se begrip van die seksuele baie wyd is. Hy beskou alles wat met lus te doen het as seksueel. Freud vind dat die ontwikkeling van die kind volgens 'n bepaalde patroon plaas. Hierdie patroon orden hy volgens die liggaamsdele waarop die drang telkens gefokus word. Die drange by die kind is *Partialtriebe*, deeldrange dus, wat nie gerig is op geslagsgemeenskap nie - want die kind is te jonk - maar daarom op ander dele van die liggaam, die sogenaamde erogene sones, betrek word. Hy onderskei vyf fases in die ontwikkeling van die kind. Ek gee hulle weer met telkens slegs 'n kursoriese bespreking.

1. Die orale fase (0-1 jaar). Die mond is die erogene sone. Die suigeling ervaar die wêreld deur haar mond. Karl Abraham, medewerker van Freud stel voor dat die fase twee subfases het: die *oraal-narsistiese* fase waarin die kind nie 'n duidelike besef het van die onderskeid tussen haarself en die moeder nie, en die *oraal-kannibalistiese* fase, waarin die kind haar wreek op die soms afwesige ma deur haar tepel te byt.
2. Die anale fase (1-3 jaar). Die anus is die erogene sone. Anders as in die orale fase, waar die kind van die moeder afhanklik is, het die kind self beheer oor die ervaring van genot. Die kind leer in hierdie tyd haar ontlasting beheer en leer dat daar gemanipuleer kan word deur hierdie beheer oor die uitskeiding. Die lof van die ouers, wat 'n belangrike deel van hierdie fase vorm, vestig ook die samehang tussen prestasie en aanvaarding.
3. Die urethrale fase (rondom 3 jaar). Dit toon ooreenkoms met die anale fase, maar met die verskil vir die psigoanalitiese skool, dat seuntjies

---

<sup>21</sup>Sien die bespreking by 7.2.1.4 op bladsy 232

en dogtertjies dit verskillend beleef. In hierdie tyd ontstaan die sogenaamde *penisneid* by dogtertjies. Die skaamtegevoel rondom die geslagsdele word ook in hierdie fase aangewakker.

4. Die falliese fase (3-6 jaar). In hierdie eerste genitale fase is die genitaleïe die erogene sone. Die tweede genitale fase breek met puberteit en volwassenheid aan. Die seuntjie wil volgens Freud sy moeder seksueel besit en sy vader as teenstander dood. Hy vrees egter dat sy vader hom sal kastreer. Hy vermy dit deur van die moeder afstand te neem en hom met die vader te identifiseer. By dogtertjies vind daar volgens Freud weer 'n soortgelyke proses plaas waar die dogtertjie met die ma identifiseer maar hierdie keer gedrewe deur die ontdekking dat sy geen penis het nie (die vroulike kastrasiekompleks).
5. 'n Latensietydperk (6 - 12 jaar). Met die afhandeling van die falliese fase is die seksuele ontwikkeling van die kind in beginsel voltooi. Die seun word soos sy pa en die dogter soos haar ma. Al wat oorbly is om te wag vir die fisieke volwassewording wat in die puberteitsjare sal aanbreek.
6. Puberteit. Tydens die puberteit word die deeldrange (*Partialtriebe*) van die vorige fases onderhorig gemaak aan die primaat van die genitaal. Drangvermenging vind plaas. Van den Berg verduidelik Freud se posisie soos volg:
 

” Zo bijvoorbeeld word de destructieve kracht van het oraal-sadisme 'op bevel van het penis' (op het zoveel sagter bevel van het clitoris) in het geheel van de volwasse geslachtelijke liefde ingevoegd. *De beet word een kus*. De beet is een uiting van een drift-element. De kus is een compromis, een *vermenging*.” (van den Berg 1970:97)

#### 7.2.1.4 Enkele verdere ontwikkelinge in die dieptepsigologie

KAREN HORNEY<sup>22</sup>. Horney is gebore in 1885, opgelei as medikus in Berlyn maar vertrek na die VSA in 1932. Sy vind dat Amerikaans neuroses nie soveel met seks te doen het as wat die ortodokse psigoanalitiese teorie dit wou hê nie. Dit was die groot depressie en die neuroses het veel eerder te doen gehad met geld.

<sup>22</sup>(Marx en Cronan-Hillix 1987:271-273), (van den Berg 1970:219-220, 226-231, 248-251)

Die konsep van *basic anxiety* is bepalend in haar werk. 'n Kind begin die lewe hulpeloos en dit lei na die strewe van die mens om sekuriteit. Sy vind ook meer die oorsake van neurose in die sosiale as in die biologiese wat haar in staat stel om 'n meer optimistiese houding in te neem as wat die ortodokse psigoanalise doen. In 'n omgewing waar die kind onveilig voel, soos byvoorbeeld waar die ouers nie liefdevol teenoor die kind optree nie, ontstaan 'n onderliggende angstigheid by die persoon. Die respons van die persoon hierop is dan die sogenaamde neurotiese neiging (*neurotic trend*) waardeur die persoon poog om die angs te verminder. Horney noem nege sulke neigings<sup>23</sup>.

Horney stem nie saam met Freud se siening van neurose as regressie nie. Horney vind die oorsake van neurose in die huidige samelewing en nie in die biologiese en spesifiek seksuele aard van die mens nie. Die samelewing bevat neurotiserende faktore<sup>24</sup>. Hierdie faktore bestaan as kontradiksies tussen waardes wat dieselde samelewing voorhou: Die samelewing beloon kompetisie maar verwag naasteliefde, die samelewing skeep nuwe behoeftes wat nie vervul kan word nie, en die samelewing verheerlik vryheid maar omsingel die enkeling met reëls. Veral die neurotiserende uitwerking van begeerte-skepping is vir hierdie studie van belang. Daar word later hierop teruggekom.

Horney gebruik die konsepte van self-idealiserings en self-realiserings op 'n interessante manier. Self-idealiserings is, soos die *Ideal Ich* by Freud, die gevolg van die internaliserings van die waardes van die samelewing. Daardie self-ideaal is egter nie haalbaar nie. Die persoon beleef dan die konflik tussen self-idealiserings en selfrealiserings. Neurotiese persone glo hulle is die geïdealiseerde persoon.

Drie soorte gedrag ontstaan in 'n poging om angs te besweer en dit korrespondeer met drie persoonlikheidstipes: Die aggressiewe tipe, die onderdanige soort en die verwyderde tipe. Normale mense gebruik al drie gedragstipes. Die uitsluitlike gebruik van slegs een soort gedrag dui op neurose.

ERICH FROMM (Marx en Cronan-Hillix 1987:273-275). Fromm was jonger as Horney (gebore 1900) en het in 1933 na die VSA verhuis na studies in sosiologie en psigologie in München, Frankfurt, Heidelberg en Berlyn. Fromm se werk handel in 'n groot mate oor die verhouding tussen die groter eenhede van die gemeenskap en die individu. Fromm was dan ook 'n bewonderaar

<sup>23</sup>Sien (Horney 1942:54 en verder) asook die bespreking in (van den Berg 1970:250-255).

<sup>24</sup>Vergelyk ook die werk van J H van den Berg wat gebaseer is op hierdie konsep van Horney. (van den Berg 1962)

van Marx. Hy argumenteer dat moderne mense onveilig voel binne 'n omgewing waar die gemeenskap nie 'n sterk stuktuur bied nie en dat hulle vlug vir vryheid - soos die titel van sy een boek lui.

People today suffer from feelings of insecure aloneness engendered by their lack of a framework. They desire to actualize their selfpotential and to develop feelings of belongingness. (Marx en Cronan-Hillix 1987:274)

Die maniere waarop mense die gevoel van onveiligheid wat die gevolg is van die vry samelewing, hanteer is deur hetsy 'n outoritêre<sup>25</sup> of 'n humanistiese samelewing na te streef. Die humanistiese samelewing laat mense se potensiaal ontwikkel deur die liefde en samewerking van ander.

Fromm identifiseer vier maniere waarop mense ontsnap van die isolasie en onveiligheid van die moderne samelewing. Hy praat van vier oriëntasies<sup>26</sup>. Later voeg hy 'n vyfde by.

1. Die *ontvanklike* oriëntasie. Dit kom voor in samelewings waar sekere groepe bevoordeel word. Sulke mense doen moeite om hulle identifikasie met die bevoorregte groep te behou. Hulle verwag bepaalde voorregte. As hulle die bevoorregte posisie verloor, raak hulle aggressief.
2. Die oriëntasie van *uitbuiting*. Hierdie is die soort persoon wat iets by iemand anders sal afneem om geen ander rede as dat dit vir daardie persoon waardevol is nie.
3. Die oriëntasie van *opgaar* (hoarding). Veiligheid word deur hierdie mense gesien in terme van die opgaar van rykdom.
4. Die oriëntasie van *bemarking*. Hierdie oriëntasie hang saam met die opkoms van die kapitalisme. Kunsmatige doelwitte word nagejaag.
5. Die liefde vir die lewe.

---

<sup>25</sup>Hy sien geloof in 'n opperwese saam met politieke diktatorskap as deel van die totalitêre patroon.

<sup>26</sup>In terme van Max-Neef se terminologie is hulle almal bevredigers vir die behoefte aan *Beskerming*. Max-Neef se werk word by 7.5 op bladsy 268 bespreek.



Wat Fromm se werk belangrik maak vir die tema van hierdie studie is dat hy bestudeer het hoe samelewingsvorme (soos die vier oriëntasies hierbo) tot stand kom uit die verskillende maniere waarop mense hulle behoeftes probeer bevredig. Dit lei tot die insig dat 'n spesifieke soort deprivasie aanleiding gee tot 'n spesifieke soort samelewing soos mense probeer om daardie behoefte aan te spreek. Fromm tematiseer ook die spanning tussen die behoeftes van die gemeenskap en dié van die enkeling. Hy droom van 'n samelewing waar hierdie twee soorte behoeftes nie teenoor mekaar staan nie.

ERIKSON SE WERK OOR ONTWIKKELING. Erikson bou voort op die werk wat Freud oor die ontwikkelingsfasies van die kind gedoen het. Hy koppel die ontwikkeling van die kind nie noodwendig aan sekere drange wat op hulle beurt weer gekoppel is aan sekere organe nie, maar aan ontwikkelingstake. Hierdie take bestaan telkens as die oplossing van 'n spanning tussen twee waardes. Die onderstaande tabel gee 'n oorsig oor die fasies en take soos dit deur Erikson uiteengesit word (Erikson 1974:94). Die eerste vyf fasies stem wat die lewensjare betref min of meer ooreen met dié van Freud. Die laaste drie is deur Erikson bygevoeg. Die vyfde fase self is deurslaggewend omdat alles hier geïntegreer word. Ry vyf en kolom vyf bevat die take wat in elke fase afgehandel moet word. Dit lees horisontaal en vertikaal op die gedeeltes in hoofletters af, byvoorbeeld: In fase twee (Freud se anale fase) is die ontwikkelingstaak tegelyk om 'n basiese temporele perspektief en basiese vertoue te verwerf.

Wat die leser moet oplet is die verandering wat sedert Freud se uiteensetting van die ontwikkelingsfasies ingetree het<sup>27</sup>. Freud druk die ontwikkelingsfasies organies uit waar Erikson dit simbolies doen. Die klem is nie by Erikson op die spanning tussen inherente drange en sosiale eise nie maar op die groei van 'n persoon se identiteit binne die verhouding met mense om hom. By fase een en twee is dit die ouers en by name die moeder. Vanaf fase drie handel dit oor die kind in sy verhouding met sy gesin en breër wordende omgewing. Vanaf fase vyf handel dit oor die funksionering van 'n persoon binne die gemeenskap maar met 'n meer intieme verhouding tot die lewensmaat en later gesin (fase sewe).

---

<sup>27</sup>Sien die bespreking by 7.2.1.3 op bladsy 227.

VIII								INTEGRITEIT vs. WANHOOP
VII							VRUG- BAARHEID vs. STAGNASIE	
VI						INTIMITEIT vs. ISOLASIE		
V	Temporele Perspektief vs. Tyds- verwarring	Selfvertroue vs. Self bewustheid	Rol- eksperimente- ring vs. Rol fiksase	Leerlingskap vs. Werks- verlamming	IDENTITEIT vs. IDENTITEITS- VERWARRING	Seksuele Polarisasie vs. Biseksuele verwarring	Leier en volgelingskap vs. Gesags- verwarring	Ideologiese verbindtenis vs. Waarde- verwarring
IV				VLYT vs. MINDER- WAARDIG- HEID	Taak identifikase vs. Nutteloosheid			
III			INISIATIEF vs. SKULD		Rol-antisipatie vs. Rol-inhibisie			
II		OUTONOMIE vs. SKAAME en TWYFEL			Wil tot eie iden- titeit vs. Self-twyfel			
I	VERTROUE vs. WANTROUE				Wedersydse erkenning vs. Outistiese isolasie			
	1	2	3	4	5	6	7	8

### 7.3 Die betekenis van die oriëntasie op die laer behoeftes by die psigologie van die eerste helfte van die 20ste eeu

Die behaviorisme toon interessante ooreenkomste met die psigoanalise hoewel die aanhangers van die beide skole op 'n sekere vlak mekaar se teenstanders was. Dit waarop die hele psigoanalise gebou is, naamlik die primaat van onbewuste innerlike prosesse in die menslike psige word deur die behaviorisme konsekwent ontken. Skinner het op 'n keer gesê dat 'n uiters klein deel van die materie in die heelal binne mense se velle te vinde is en dat daar geen rede is om daardie materie anders te beskou as die ander materie in die res van die heelal nie (1974:21).

Van den Berg (van den Berg 1969b:29 en verder) vergelyk die behaviorisme (hy gebruik Pavlov se refleksiopsigologie as voorbeeld van die breëre behavioristiese beweging) en die psigoanalise van Freud en ontdek dan dat ten spyte van hulle oënskynlike verskille hulle tog op ses punte ooreenstem. Ek noem dit hieronder met addisionele voorbeelde.

1. BEIDE BESKOU DIE MENS AS EPIFENOMEEN. Die mens soos hy homself beleef as subjek word in die behavioristiese tradisie ontken deurdat bewussyn ontken word. Pavlov herlei die hele menslike lewe tot refleks en dit maak die hele konsep van bewussyn onnodig. Ook Watson en Skinner doen dieselfde op 'n effens ander manier (bv. Skinner gebruik operante kondisionering as sleutelbegrip). *Mentalities* is 'n lelike woord in die behaviorisme. In die dieptepsigologiese tradisie word die mens as bewuste subjek op 'n ander manier tot bykomstige fenomeen gemaak. Dit gebeur deurdat die bewuste tot 'n onbelangrike deel van die menslike samestelling gemaak word. Die *Es* of die *Superego* is dit wat die mens se gedrag eintlik bepaal. Die bewuste is maar die klein gebied tussenin wat die eise van twee onversoerbare meesters moet hanteer.
2. 'N FASET VAN DIE MENSLIKE BESTAAN WORD TOT DIE GEHEEL GEPROKLAMEER. Die hele menslike gedrag word binne die behavioristiese tradisie uit die gekondisioneerde refleks en later uit die versterkte operant verklaar. Freud weer, herlei omtrent alles in die mens se subjektiewe lewe tot die geslagsdrang en aggressie. Dit is deels te verstane binne die omgewing waarin hy gewerk het - die laat 19de eeuse ryk Oostenrykse samelewing het rondom die geslagtelikheid nogal probleme

gehad<sup>28</sup>. Nogtans kan nie eers alles in Freud se eie samelewing tot die seksuele herlei word nie. Hierdie insig het duidelik geblyk toe die psigo-terapie te doen gekry het met die neurotiese soldaat na die eerste wêreldoorlog (van den Berg 1970:205 en verder).

3. DIE FASET WAT DIE GEHEEL VERVANG IS VAN LAER<sup>29</sup> AARD. Die behaviorisme in die breë het 'n voorliefde daarvoor om die mens se bewussyn tot die refleksmatige te reduseer. Pavlov, Watson en Skinner se aversie vir die begrip *bewussyn* is reeds bespreek. Ook Freud, veral in sy vroeë werk, doen moeite om die menslike bestaan geheel tot die fisiologiese drange te herlei<sup>30</sup>.
4. DIE VERLEDE IS DIE ALLES-BEPALENDE FAKTOR. Pavlov se voorwaardelike refleks is 'n produk van die verlede<sup>31</sup>. Alle gedrag is gebaseer op kondisionering in die verlede. Dieselfde geld by Freud. “De psychoanalise bestaan in een herleiding van het psychische tot dat wat vroeger plaatsvond en van waaruit zich het latere ontwikkelt” (Freud 1913 aangehaal in (van den Berg 1969b:21)). Die begeerte en gedrag van die mens in die hede word herlei na 'n nou onbewuste verlede. So is dit volgens die klassieke psigoanalise 'n fout om te dink dat 'n man sy vrou kies omdat hy op haar verlief is, hy kies eintlik net sy ma of die vrou wat hom grootgemaak het. Vir Freud lê die oorsaak van beide liefde en haat en alles tussenin in die verlede van 'n mens.

---

<sup>28</sup>Sien die bespreking in (van den Berg 1970:139 en verder asook 325 en verder)

<sup>29</sup>Die betekenis van *hoog* en *laag* moet verder omskryf word. Van den Berg gebruik die indeling van M Scheler om praktiese redes (van den Berg 1969b:14). Scheler onderskei die sintuiglike gevoelens (lus en onlus) van die vitale (vaakheid en energiekheid), asook die psigiese gevoelens (blyheid en ontstemdheid) en die geestelike (geluk en vertwyfeling). 'n Ander verdeling wat meer op die anatomie van die brein gebaseer is, is dié van Paul MacLean (McClelland 1987:116). Hy onderskei die reptiliese, die paleosoogdier en die neosoogdier-gedeelte van die brein. Die deel van die brein wat ooreenstem met die vroeë soogdiere bemiddel affektiewe en emosionele toestande soos begeerte, woede, vrees, hartseer en vreugde. Die neosoogdier gedeelte van die brein, wat by die mens geweldig sterk ontwikkel is, word verbind aan kognitiewe vermoëns en verbeelding. *Laag* en *hoog* kan in hierdie sin gebruik word vir breinfunksies wat met die onderskeie dele van die brein verband hou en korrespondeer met onderskeidelik reptiele en ander soogdiere.

<sup>30</sup>Van den Berg (van den Berg 1969b:20) maak die interessante punt dat die hele poging om menslike gedrag te verklaar, wat die negentiende en vroeë twintigste eeu kenmerk, alreeds 'n oriëntasie op die laere is. *Verklaar* beteken in die sin herlei tot iets eenvoudiger.

<sup>31</sup>Dieselde geld natuurlik vir Skinner se konsep van operante kondisionering.

5. DIE UITGANGSPUNT IS KUNSMATIG. Beide die psigoanalise en die behaviorisme berus op 'n kunsmatige uitgangspunt. Dit neem letterlik jare in psigoterapie vir 'n persoon om die nou onbewus gemaakte traumas van sy jeug te onthou. Freud het in 'n stadium agtergekom dat sy pasiënte traumas uit hulle kinderjare fabriseer. Eers het hy gesê dat meeste van hulle stories onsin was maar later (toe hy sy teorie gewysig het om die oorspronklike trauma in die geboorteproses te lokaliseer) was hy van mening dat dit alles onsin was. Net soos psigoanalise waar gemaak word deur die psigoterapie, so word die behaviorisme waar gemaak deur die laboratorium (van den Berg 1970:81). Pavlov se laboratorium het per geleentheid oorstroom. Na die insident het die honde hulle gekondisioneerde refleksse verloor (van den Berg 1969b:16).
6. DIE MENSLIKE BESTAAN IS DIE BESTAAN VAN 'N EENSAME EN WÊRELDLOSE SUBJEK WAT SLEGS SEKONDÊRE VERBINTENIS MET ANDER EN DIE WÊRELD HET. In die reflekspsigologie van Pavlov maar ook in die behaviorisme in die algemeen is die wêreld en ander persone 'n bron van stimuli. Van 'n wêreld wat as geheel die mens se woonplek is en waaraan hy deel het, is daar geen sprake nie. Net so is daar by die ortodokse psigoanalise weinig sprake van tussenmenslike kontak. Die klem val deurentyd op die vreemdheid en selfs die vyandigheid van die ander, al die klem wat die psigoanalise op die seksuele plaas ten spyt. Die bron van die mens se energie is in homself en by name in sy eie drange geleë. Sy gehele gedrag word ook in die psigoanalise van die mens se binnekant herlei.

Wat 'n mens werklik verbaas is hoe veral die behaviorisme so 'n groot aanhang kon gekry het. Freud kon blykbaar sekere mense nog help, die behaviorisme was nie eers so terapeuties geïnteresseerd nie. Die vermoede ontstaan dat die nuwe mensbeeld wat aan albei onderliggend is, iets met die breë aanvaarding van die psigoanalise maar veral die behaviorisme te doen gehad het. Daardie mensbeeld is hierbo onder ses punte uiteengesit. Die essensie is die anti-religieuse karakter daarvan. Beide die voorrang van die verlede<sup>32</sup> as die verwydering tussen mens en wêreld<sup>33</sup> dui daarop.

<sup>32</sup>Die ordeningsbeginsel in Pannenberg se fundamenteel teologiese antropologie wat by 4.2 is die mens se gerigtheid op die toekoms en die onmiskenbare teologiese betekenis daarvan.

<sup>33</sup>Wat toevalling is waar Barth se teologiese antropologie begin. Sien bespreking by 4.1.3.1 op bladsy 93.

Die ander steunpilaar van hierdie mensbeeld is die geloof dat die mens 'n dier is. Wat beide hierdie soorte antropologie doen, is om die getuienis dat die mens duidelik nie 'n dier is nie, weg te verklaar - vandaar die geforseerde kunsmatigheid waarmee alles herlei word na dit wat laer is.

In beide skole is daar ook verklarings van die fenomeen van godsdiens by name. Freud sien godsdiens as illusie en as 'n besondere soort geestesongesteldheid. Skinner bewys eksperimenteel dat bygeloof by duiwe kan ontwikkel. Hoewel hy dit nêrens in die artikel (Skinner 1947) behalwe in die titel doen nie, is die implikasies dat hy 'n behavioristiese verklaring vir godsdiens gevind het.

## 7.4 Abraham Maslow

### 7.4.1 Inleiding

Maslow se groot bydrae tot die studie van menslike behoeftes is myns insiens nie sy behoefte-hiërargie nie, maar sy insig dat behoefte motivering is en dat behoefte nie net gekoppel is aan tekort nie, maar ook aan kapasiteit. “Any talent, any capacity, I thought, was also a motivation, a need, an impulse.” (Wilson 1972:22) Tog is dit sy gedagte aan 'n hiërargie van behoeftes wat die populêre verbeelding aangegryp het.

### 7.4.2 Maslow se *Theory of Human Motivation*

Maslow se bekende teorie oor die hiërargie van behoeftes is eerste gepubliseer in sy artikel genaamd *A Theory of Human Motivation* (in *Psychological Review* Julie 1943). Hy het later in 1954 die teorie verder uiteengesit in sy boek *Motivation and Personallity*. Die boek het verskeie uitgawes beleef. Aan die begin van die tweede hoofstuk van hierdie werk gee hy 'n aanduiding van die manier waarop hy met sy voorgangers van 'n verskeidenheid skole in die psigologie omgaan.

This theory is in the functionalist tradition of James and Dewey, and is fused with the holism of Wertheimer, Goldstein, and Gestalt psychology and with the dynamism of Freud, Fromm, Horney, Reich, Jung and Adler. This integration or synthesis may be called a holistic-dynamic theory. (Maslow 1987:15)

Sy eie teorie sien hy dus as 'n sintese van die werk wat tot op daardie stadium in beide die Europese en die Noord-Amerikaanse wetenskaplike psigologie gedoen is. Dit sal uit die bespreking duidelik word op watter manier hy hierdie soms uiteenlopende beskouinge integreer. Die kritiese vraag wat aan die einde van hierdie hoofstuk beantwoord moet word, is of hy wel daarin geslaag het<sup>34</sup>.

#### 7.4.2.1 Die konsep van pre-potensie

Die konsep van pre-potensie beteken eenvoudig dat nuwe behoeftes voortkom as bestaande behoeftes 'n sekere vlak van bevrediging bereik het. Dit beteken dat sekere behoeftes prioriteit bo ander het en dat die nie-bevrediging van daardie behoeftes dringender is as die bevrediging van ander.

Op die eerste bladsy van die artikel van 1943 sit hy die basis van sy teorie as volg uiteen.

Human needs arrange themselves in hierarchies of pre-potency. That is to say, the appearance of one need usually rests on the prior satisfaction of another, more pre-potent need. Man is a perpetually wanting animal...

Die konsep van pre-potensie in Maslow se beskouing van behoeftes los twee belangrike teoretiese probleme op. Die eerste hou verband met die verhouding tussen biologie en sielkunde. Maslow onderskryf die sogenaamde wetenskaplike antropologie wat 'n sielkunde tot gevolg het wat daarop aandring dat die mens op dieselfde manier as enige ander organisme beskryf moet word. Alledaagse ervaring bewys egter dat die mens nie soos die dier is nie. Die projek van die Europese dieptepsigologie en die Noord-Amerikaanse gedragspsigologie kon nie oortuigend die uniekheid van mense na die dierlike terughertel nie. Maslow was deur sy loopbaan baie bewus van menslike eienskappe soos liefde, kreatiwiteit en selfverwesenliking en het studies aan hierdie onderwerpe gewy. Hy het te staan gekom voor die probleem van die verskil tussen die biologiese benadering tot die mens en sy belangstelling in, wat by gebrek aan 'n beter term, die menslike gees genoem sou kon word.

Die tweede teoretiese probleem is dat daar deur die loop van die eerste helfte van die twintigste eeu 'n verskeidenheid teorieë oor menslike behoefte of

---

<sup>34</sup>Wat spesifiek van belang is, is die vraag of Maslow nie moontlik die betekenis van die begrippe *sinteties* en *holisties* met mekaar verwar nie.

motivering ontstaan wat elkeen sy eie eksperimentele of teoretiese basis het. Maslow het die taak op sy skouers geneem om hierdie twee probleme op te los deur 'n sintese van bestaande teorieë oor menslike behoeftes. Sy oplossing was dat hy die basiese inhoud van die teorieë van sy voorgangers ongeveer onveranderd kon gebruik deur hulle in 'n hiërargie te rangskik waarmee hy tegelyk aan die basiese dogma en *raison d'être* van die moderne wetenskaplike sielkunde, die dierlikheid van die mens, getrou kan bly.

Wat tog opval van Maslow se formulering van die hiërargie van behoeftes is dat hy dit so formuleer dat dit verskans is teen empiriese falsifikasie. Hy doen dit deur self die oënskynlike uitsonderings op sy teorie te bespreek (Maslow 1987:26,27). Na my mening is hierdie uitsondering van so 'n aard dat dit die herformulering van die hele konsep van prepotensie vereis. Hy noem sewe gevalle. Ek noem hulle kortliks met my eie beoordeling van die epistemologiese waarde van elkeen. My oordeel verskil van Maslow s'n deurdat ek dit eerder sien as falsifikasie van sy konsep van prepotensie en hy dit bloot as uitsonderings met geen spesiale epistemologiese status nie.

1. DAAR IS MENSE VIR WIE SELFRESPEK BELANGRIKER IS AS LIEFDE. Maslow verklaar dit deur te sê dat daardie mense eintlik liefde soek *deur* selfvertroue te vertoon. Met dié soort strategie kan enige omkering van die verwagte hiërargie natuurlik wegverklar word, byvoorbeeld: *Iemand soek liefde want hy dink die een wat hom liefhet, sal hom beskerm... Die kunstenaar skep want dis hoe hy kos kry...* Die basiese probleem is dat daar nie reëls is om te bepaal watter soort gedrag verwys na watter behoeftes nie. Alles kan dus *ad hoc* geïnterpreteer word.
2. DAAR IS MENSE WAT INHERENT KREATIEF IS EN WIE SE DRANG NA KREATIWITEIT HULLE ANDER BEHOEFTE OORHEERS. Dit falsifiseer die konsep van prepotensie of ten minste 'n vaste hiërargie daarvan. Hierdie mense se drang na kreatiwiteit is prepotent. As daar 'n hiërargie bestaan, moet mens nie in die lig van hierdie observasie sê dat die hiërargie van mens tot mens en van tyd tot tyd binne die lewe van een mens verskil nie? As dit so is, maak dit die hele konsep van 'n behoefte-hiërargie as antropologiese teorie nutteloos.
3. PARTY MENSE IS MET MIN TEVREDE. Die hoë behoeftes verdwyn gewoonweg. Dit is die resultaat van vroeë kroniese deprivasie.



4. PSIGOPATE HET GEEN BEHOEFTE AAN LIEFDE NIE. Hulle is blykbaar liefde ontnem in hulle heel eerste lewensfase en het heeltetal die behoefte verloor. Dit toon weer eens die dinamiese en historiese aard van behoeftes aan. Nog 'n rede om weg te beweeg van 'n streng hiërargie van behoeftes.
5. MENSE WAT OOR 'N LANG TYD VAN BEVREDIGING VAN 'N BEHOEFTE ONTNEEM IS, ONDERWAARDEER DIE BELANG VAN DAARDIE BEHOEFTE. Met ander woorde: *die kreef raak gewoond daaraan*. Kroniese honger mense gaan voort om te streef na die vervulling van hulle hoër behoeftes. Maslow glo egter dat deur die verloop van tyd die verwagte hiërargie weer sal begin geld. Dit is nog 'n verskansingtegniek. Die tydperk van 'n geldige waarneming word gemanipuleer.
6. DIE HIËRARGIE VAN BEHOEFTE GELD NIE VIR GEDRAG NIE MAAR VIR WAT 'N PERSOON WIL HÊ<sup>35</sup>. Die hele teorie word dus verplaas tot die onwaarneembare. Geen onverwagte gedrag hoef dus as falsifikasie aanvaar te word nie. Wat Maslow buite rekening laat is dat 'n mens alles gelyk kan wil hê. *Die gedanken sind frei...*
7. VROEË BEHOEFTEBEVREDIGING STEL PERSONE IN STAAT 'N BAIE HOË TOLERANSIE VIR FRUSTRASIE TE ONTWIKKEL. Sulke mense kan later martelare vir hulle ideale word. Histories was daar egter martelare wat deur die hele loop van hulle lewe ontbering moes verdra. Sulke mense kan volgens Maslow se teorie nie bestaan nie<sup>36</sup>.

As beide aanhoudende deprivasie én aanhoudende bevrediging tot frustrasietoleransie kan lei, en as daar beide mense sonder hoë behoeftes én mense met sterk gerelativeerde lae behoeftes is, en as daarby die hele teorie slegs geld in die onwaarneembare sfeer van die begeerte, moet 'n mens die hele teorie van prepotente behoeftes se algemene geldigheid bevraagteken.

#### 7.4.2.2 Die aanhoudendheid van behoeftes

Wat ook opval van Maslow se uiteensetting van 1943 is dat hy die mens as 'n *perpetually wanting animal* beskryf. Daaroor die volgende opmerkings:

---

<sup>35</sup>Hierdie in Maslow se mees belangrike verskansing van sy teorie teen empiriese falsifikasie.

<sup>36</sup>Vergelyk byvoorbeeld Sorokin se analise van Christelike heiliges wat slawe was.

Ten eerste: Die mens is 'n 'perpetually wanting *animal*'. Die beskrywing van die mens as 'n dier, verbind Maslow sterk aan die moderne westerse wetenskaplike mensbeeld soos dit vorm aanneem in die evolusieleer, die behaviorisme en ook in die psigoanalise. Maslow het self vir etlike jare van sy lewe psigologiese navorsing met diere gedoen.

Hy het ook in die evolusieleer belang gestel en self 'n soort evolusieteorie ontwerp wat gebaseer was op die aanname van Adler, wat ook deur sy eksperimente met ape ondersteun is, dat dominasie die dryfveer van die menslike bestaan is (Wilson 1972:157). Maslow se eksperimente met die primate het 'n paar gegewens aan die lig gebring wat hom laat afsien het van 'n streng behavioristiese aanpak van die psigologie. Dit het daarop gedui dat primate nie net ter wille van die behoefte aan kos (soos algemeen aanvaar onder behavioriste) sekere probleme oplos nie. Met verwysing na die ape wat hulle in hulle eksperimente gebruik het sê Maslow dat:

... often they would successfully solve the problem and then casually throw away the food reward, which, according to the motivation theory of that time, was the *only* reason for working at the problem and seeing it through. (Maslow aangehaal in (Wilson 1972:149)

Later het Harlow, vir wie Maslow in daardie stadium (d.i. in 1932) gewerk het, gevind dat ape soms probleme oplos net vir die interessantheid.

... monkeys would work hard and persistent to solve simple puzzles without any external reward; that is, just for whatever satisfactions are inherent in the puzzle-solving itself. (Wilson 1972:149)

Tydens hierdie vroeë ervaring in die behaviorisme, merk Maslow dat daar duidelik meer soorte motivering is as net die basiese fisiologiese behoeftes, en dat nie alle gedrag, selfs nie eers dié van diere nie en selfs nie eers in 'n laboratorium, terug te voer is na die basiese fisiologiese tekorte nie. Maslow het in die loop van sy lewende redelike afstand geneem van die behaviorisme, maar hy behou in sy opmerking van 1943 nog die verband tussen mens en dier<sup>37</sup> wat ook aan die evolusieleer en die psigoanalise onderliggend is<sup>38</sup>. Maslow

<sup>37</sup>Dit is iets wat 'n mens in elk geval as vanselfsprekend moet aanvaar om enigsins eksperiment op diere doen ter wille van insig in menslike gedrag

<sup>38</sup>Die psigoanalise herlei alles tot drange wat 'n fisiologiese basis het. Dit is byvoorbeeld duidelik in Freud se analyses van die ontwikkeling van die kind, waar die onderskeie drange by elke fase duidelik met 'n orgaan verbind word.

was ook sterk beïnvloed deur Freud, soos blyk uit sy *Principles of Abnormal Psychology* van 1941.

Die afstand wat hy van sy wortels geneem het, is duidelik daarin dat hy in 1962 die *Association for Humanistic Psychology* gestig het saam met bekende kollegas soos Carl Rogers en Rollo May. Dit het neergekom op nog 'n skool van die sielkunde, naamlik *humanistiese sielkunde*. Die beskrywing *humanisties* beklemtoon juis dat hy afstand neem, hoewel nie totaal nie, van die oriëntasie op dit wat laer is wat die sielkunde van die einde van die negentiende en die eerste deel van die twintigste eeu kenmerk. Hy verwys dan ook eksplisiet na sy psigologie as 'n derde weg in die psigologie (Maslow 1987:xxxix). Hierdie derde weg beklemtoon nie die dierlike wortels van menslike gedrag nie, maar die verre grense van menslike potensiaal. Hy stig ook 'n tydskrif, die *Journal of Transpersonal Psychology*, waarin hy self artikels publiseer om aan hierdie doel inhoud te gee.

Tweedens: Die mens is vir Maslow 'n *'perpetually wanting animal'*. Die aanhoudendheid van die mens se behoefte is daarin geleë dat sodra een behoefte-kategorie vervul is, hy nuwe behoeftes ontwikkel. Daar is 'n moontlikheid dat juis 'n ongenueanseerde lees van hierdie stelling, dat 'n mens *voortdurend* behoeftes het, aanleiding gegee het tot die populêre stelling, onder andere onder ekonome<sup>39</sup>, dat 'n mens *oneindige* behoeftes het.

Wanneer 'n mens daarvoor nadink, is die aanhoudendheid van behoefte 'n analitiese waarheid. Iets kan net 'n behoefte wees omdat dit 'n aanhoudende behoefte is. Sels nie-dierlike lewe kan as voorbeeld hiervan dien. 'n Plant benodig onder meer sonlig, suurstof, koolsuurgas, water en hitte om te kan leef. Die versameling fisiologiese prosesse wat ons *lewe* noem, bestaan as die handhawing van 'n homeostatiese balans van elkeen van bogenoemde 'insette' uit die omgewing van die plant. Homeostase is per definisie dinamies en ossilleer tussen maatreëls van die organisme om die balans tussen *nie te veel* en *nie te min* van elke gegewe omgewingsinset te handhaaf. Sodra die wisseling van een van die insette geen uitwerking meer op die organisme het nie, of die organisme reageer nie meer op so 'n wisseling nie, is die organisme dood. Alle behoeftes is dus voortdurend hoewel die reaksie van die organisme wissel tussen opwaartse of afwaartse aanpassings om die homeostase te behou. Maslow kon dus nie die aanhoudendheid van behoeftes op hierdie manier

---

<sup>39</sup>Sien byvoorbeeld die lys van definisies van wat ekonomie is by Mohr en Fourie (2001:8) asook hulle eie gebruik van die konsep van oneindige behoeftes op bladsy 7. Ek keer weer later na hierdie kwessie terug.

bedoel het nie. Hy bedoel eintlik dat behoeftes motivering is en dat die mens aanhoudend motivering ervaar. Wanneer, volgens hom, een tekort voorsien is, kom daar outomaties iets in die plek van daardie tekort wat die mens weer motiveer. Hy dring egter daarop aan daar 'n spesifieke hiërargie bestaan.

Die verskillende vlakke van behoefte wat Maslow geïdentifiseer het, word vervolgens kortliks bespreek. Daar sal telkens ook aandag gegee word aan die oorsprong van elke soort behoefte.

### 7.4.3 Maslow se taksonomie van behoeftes

#### 7.4.3.1 Vlak 1: Materiële behoeftes

##### Fisiologiese behoeftes

Hoewel die fisiologiese behoeftes 'n besondere plek in Maslow se taksonomie inneem, dink hy geensins soos die behavioriste oor die primaat van die fisiologiese behoeftes nie. By hulle is ander motiverings sekondêr en kom dit tot stand deur assosiasie<sup>40</sup> met drif-reduksie van biologiese drange. Maslow waarsku daarteen dat die hongerdrang nie as 'n paradigma vir motivering gebruik behoort te word nie. In vergelyking met ander motiverings is honger meer geïsoleerd, minder algemeen en dit het 'n bekende somatiese basis wat vir die meeste motiverings skaars is (Maslow 1987:4).

Die meeste drange funksioneer nie soos honger en dors nie:

The common assumption has been that all drives will follow the example set by the physiological drives. It is fair to predict now that this will never be. Most drives are not isolable, nor can they be localised somatically, nor can they be considered as if they were only the things happening in the organism at the time. The typical drive or need or desire is not and probably never will be related to a specific, isolated, localised somatic base. The typical desire is much more obviously a need of the whole person. (Maslow 1987:4)

Maslow is bewus dat fisiologiese behoeftes moeilik te lokaliseer is, en dat die aktiwiteite wat op die bevrediging daarvan gerig is tegelyk ander behoeftes bevredig. Die hongerdrang kan byvoorbeeld gestil word deur water te drink

---

<sup>40</sup>Hetsy in die sin van klassieke of operante kondisionering.

of te rook (Maslow 1987:16). Max-Neef sou later hierdie en ander tipes behoeftebevrediging kategoriseer<sup>41</sup>.

Maslow beklemtoon dat dit moeilik en selfs oorbodig is om 'n taksonomie van fisiologiese behoeftes daar te stel. Hy verwys na navorsing deur Cannon wat in 1932 verskyn het, wat die liggaam se beheer oor die homeostatische balans in die bloed beskryf. Daar is liggaamlike prosesse wat die balans handhaaf van nege aspekte van die bloed: soutgehalte, suikergehalte, proteïeninhoud, vetinhoud, kalsiuminhoud, suurstofinhoud, waterstofioninhoud (pH) en temperatuur. Maslow vermoed die lys kan uitgebrei word om minerale, hormone en vitamien in te sluit. Navorsing wat in die jare veertig deur Young gedoen is, bevestig die verband tussen spesifieke homeostatische tekorte en mense se apte vir spesifieke kosse. 'n Mens ontwikkel 'n lus vir iets spesifiek waaraan daar 'n tekort is. Hierdie verband is egter onvolmaak.

Maslow beklemtoon dat nie alle fisiologiese behoeftes homeostaties van aard is nie. Daar is ook drange wat teenoor mekaar staan soos luiheid en aktiwiteit.

Vir Maslow tematiseer 'n kroniese en ekstreme tekort in die vervulling van die een of ander fisiologiese behoefte daardie behoefte ten koste van die ander behoeftes:

Another peculiar characteristic of the human organism when it is dominated by a certain need is that the whole philosophy of the future tends to change. For our chronically and extremely hungry person, Utopia can be defined simply as a place where there is plenty of food. He or she will tend to think that, if only guaranteed food for the rest of life, he or she will be perfectly happy and will never want anything more. Life itself tends to be defined in terms of eating. (Maslow 1987:17)

Maslow bied nie enige empiriese gegewens aan om sy argument te steun nie. Navorsing wat deur Sorokin tydens die hongersnood van 1922 in die Sowjet Unie gedoen is, het egter getoon dat die meeste mense selfs in omstandighede van ekstreme honger byvoorbeeld nie sal steel nie en hulle waardes en sosiale bande handhaaf selfs te midde van die hongersnood<sup>42</sup>. So byvoorbeeld het

<sup>41</sup>Sien die bespreking van die verskillende soorte bevredigers by 7.5.3 op bladsy 272.

<sup>42</sup>Sien veral die tabel van Sorokin in (Sorokin 1943:108) asook die sekondêre bespreking van hierdie werk van Sorokin by Berelson en Steiner (1964:244). Sorokin het tydens die hongersnood navorsing gedoen en dit saamgevat in 'n boek getiteld *Hunger as a factor in*

minder as een persent van mense moord gepleeg op 'n bekende of kanniballisme beoefen. Minder as vyf persent sou 'n vreemdeling vermoor. Net oor die tien persent van mense sou in omstandighede van ekstreme honger steel of bedrog pleeg of prostitusie beoefen. Tussen 10 en 20 persent van mense sou 'n fundamentele godsdienstige of morele beginsel oortree. Tussen 20 en 99 persent<sup>43</sup> van mense het een of ander minder belangrike wet of morele reël verbreek. Tussen 50 en 99 persent sou estetiese oorwegings prysgee wanneer dit by kossoek kom. Tussen 70 en 90 persent van mense wat lank en ernstig verhonger het, het opgehou met seksuele aktiwiteite.

### Sekuriteitsbehoefes

Maslow se hiërargiese denke bepaal dat sekuriteitsbehoefes te voorskyn kom as die fisiologiese behoeftes bevredig is. Sekuriteitsbehoefes (*safety needs*) is 'n versamelnaam vir 'n breë kategorie van behoeftes wat sekuriteit, stabiliteit, afhanklikheid, die afwesigheid van vrees, angs en chaos en die behoeftes aan orde en struktuur asook wet en orde insluit. Volgens Maslow kan die drang na sekuriteit net soos die hongerdrang die totale gedrag van 'n organisme oorheers sodat daar in die geval van ekstreme en kroniese onveiligheid gesê kan word dat 'n persoon net vir veiligheid lewe. Die sekuriteitsbehoefes is bevredigbaar op dieselfde manier as wat honger gestil kan word. Die gesonde mense in Maslow se eie gemeenskap se behoefte aan sekuriteit is inderdaad volgens hom bevredig.

The peaceful, smooth running, stable, good society ordinarily makes its members feel safe enough from wild animals, extremes of temperature, criminal assault, murder, chaos, tyranny and so on. Therefore, in a very real sense, they no longer have any safety needs as active motivators. Just as the sated person no longer feels hungry, a safe one no longer feels endangered. (Maslow 1987:18)

---

*human affairs*. Die boek is nooit in Russies uitgegee nie omdat die Cheka die manuskrip by die drukkers gekonfiskeer het. Toe Sorokin en sy vrou Rusland in 1922 verlaat het hy 'n stel proewe uitgesmokkel. Die boek is na sy dood in Engels vertaal en uitgegee onder die titel hierbo. Sy vrou Elena, het 'n voorwoord geskryf wat die omstandighede waarin die boek tot stand gekom het, verduidelik het. (Sorokin 1975:xxix-xxxvi)

<sup>43</sup>Dit hang af van die graad van die oortreding.

Wat sekuriteitsbehoefte behels, kom duidelik na vore by die sosiale en ekonomiese verdruktes, die neurotici en in omstandighede van chaos en wanorde. Minder ekstreme vorme van die drang na sekuriteit blyk uit mense se voorkeur vir stabiele werk, versekering en die spaar van geld. Mense in die algemeen het 'n voorkeur vir die bekende en stabiele. Dit wil blyk asof mense die bekende bo die onbekende verkies. Maslow het self hieroor in 1937 'n artikel in die *Journal of Experimental Psychology* gepubliseer.

Die behoefte aan orde kom ook na vore in die fenomeen van godsdiens en wêreldbeeld omdat beide die wêreld as samehangende en betekenisvolle geheel uitbeeld. Ook wetenskap en filosofie vervul hierdie funksie.

Buiten hierdie normale fenomene is die drang na veiligheid net in ekstreme gevalle 'n dominante organiseerder van die organisme se hulpbronne, soos Maslow dit beskryf. Daar is egter neurotiese persone vir wie die drang na veiligheid ook die alledaagse lewe oorheers. Mense wat ly aan obsessief-kompulsiewe gedragsversteurings of die obsessief-kompulsiewe persoonlikheidsversteuring is 'n goeie voorbeeld hiervan. Sulke mense voel onderliggend angstig en probeer hulle lewe orden deur geykte gedragspatrone, private rituele en reëls. Maslow verwys ook na mense wat as gevolg van angs 'n behoefte het aan 'n sterker persoon of stelsel. Hy verwys nie spesifiek na Fromm nie, maar hulle gedagtes is verwant in hierdie verband. Hy verwys wel instemmend na Horney se werk oor basiese angs en na neurotiese persone se regressie by die ontvangs van 'n angs-stimulus.

Maslow sluit sy bespreking van sekuriteitsbehoefte af met 'n paragraaf waarvan die politieke konsekwensies na my mening uiters gevaarlik is. Ek haal dit volledig aan ter wille van die bespreking wat volg.

Safety needs can become very urgent on the social scene whenever there are real threats to law, to order, to the authority of society. Threats of chaos or of nihilism can be expected in most human beings to produce a regression from higher needs to the more prepotent safety needs. A common, almost an expectable reaction, is the easier acceptance of dictatorship or of military rule. This tends to be true for all human beings, including healthy ones, since they too will tend to respond to danger with realistic regression to the safety need level and will prepare to defend themselves. But it seems most true of people who are living near the safety line. They are particularly disturbed by threats

to authority, to legality, and to the representatives of the law.  
(Maslow 1987:20)

Om mee te begin moet dit onomwonde gestel word dat Maslow geensins ten gunste van diktatoriale regering was nie. Hy noem inderdaad verskillende vryhede as voorwaardes vir die bevrediging van basiese behoeftes.

Such conditions as freedom to speak, freedom to do as one wishes so long as no harm is done to others, freedom to express oneself, freedom to investigate and seek for information, freedom to defend oneself, justice, fairness, honesty, and orderliness in the group are examples of such preconditions for basic need satisfaction. (Maslow 1987:22)

Die gevaar verbonde aan Maslow se opmerking dat daar so iets soos *realistiese regressie* na die veiligheidsbehoefte is en dat selfs gesonde mense 'n diktatuur sal aanvaar as hulle bedreig is, is dat dit 'n wetenskaplike basis bied vir die regverdiging wat byna elke diktatuur as verskoning vir sy hardhandigheid aanbied, naamlik dat hy bloot die publiek beskerm deur die orde te herstel<sup>44</sup>.

Die eerste uitgawe van *Motivation and personality* was in 1954, die tweede in 1970 en die derde in 1987. Die byna paranoïese vervolging (hoewel sonder enige strafregtelike skuldigbevindings) van sogenaamde kommunistiese simpatiseerdes en spioene gelei deur senator Joseph McCarthy het van 1947 tot 1957 plaasgevind, met die tydperk van 1950 tot 1956 die mees intense. Die Baai van Varke insident vind plaas in 1961. Die VSA was sedert 1954 militêr betrokke in Vietnam. Die Viëtnam-oorlog begin met die Golf van Tonkin insident in 1964 en eindig met die nederlaag van Suid-Viëtnam en sy bondgenote en die Amerikaanse onttrekking in 1975. Die “geheime oorlog” in Laos en kovertse bombardemente in Kambodja vind ook in hierdie periode

---

<sup>44</sup>Die onlangse menseregtevergrype teen letterlik honderde duisende mense in Zimbabwe word ook in die naam van orde gedoen. Opvallend van die retoriese strategie van die Zimbabwe regering wanneer hierdie en ander vergrype goedgepraat of weggepraat word, is dat die relatiewiteit van sienings beklemtoon word. Hierdie is 'n voorbeeld van hoe epistemologiese relativisme funksioneer as onderdrukkende diskoers. Dit is dus uitsteking onwaar dat die aanspraak om die waarheid te praat of dit ten minste op 'n manier te benader, inherent onderdrukkend is - juis die teenoorgestelde is die geval. As iemand voorgee om die waarheid te praat, kan nog hy as leunaar uitgewys word. As elkeen geregtig is op sy mening is niemand reg nie en niemand verkeerd nie en die onreg gaan voort. Sien hieroor artikel van Pauw (1999).



plaas. Die Watergate-skandaal kom op die lappe in 1972. Gedurende hierdie tydperk het die boek van Maslow sy verskeie uitgawes beleef en sy teorieë het hand oor hand in populariteit toegeneem.

Die vrees vir die aanslag van kommunisme was nie ongegrond nie. Die USSR het byvoorbeeld daarin gelaag om deur spioenasie genoeg inligting te bekom om in 1949 hulle eie suksesvolle kerntoets met 'n replika van *Fat Man* te doen. Die Kubaanse missielkrisis was 'n werklike bedreiging. Daar was ook werklik pogings van die USSR om invloed oor lande in die Derde Wêreld te bekom.

My kritiek teen Maslow se konsep van *realistiese regressie* is nie dat hy teen die ideaal van 'n vry samelewing is nie, en ook nie dat hy deel is van 'n tydsgees waarin militarisme hoogty gevier het nie. My kritiek is dat juis wanneer die samelewing in chaos verval, daar vasgehou moet word aan die waardes van menswaardigheid, waarheid, liefde en respek. Die gedagte van 'n prepotente behoefte aan veiligheid bo byvoorbeeld vryheid verleen 'n wetenskaplike rasionaal aan die koverte operasie, die noodtoestand en die *pre-emptive strike*. Dit verleen die wetenskaplike basis vir 'n politiek waarin diktators en *warlords* gesteun en onderhou word omdat daar geglo word dat in arm, verdeelde derde-wêreldlande daar in die eerste plek 'n behoefte is aan kos en water, daarna aan veiligheid en orde (wat die diktator bied) en eers later aan vryheid is. Dit is onvermydelik dat 'n hiërargiese behoefte-antropologie sal lei na 'n hiërargiese siening van die ontwikkeling van die samelewing met die gepaardgaande hiërargiese buitelandse politiek. In die tydperk waarin Maslow se boek geskryf, uitgegee en gepopulariseer is, steun die VSA leiers soos Baptista, Mobutu Sésé Sekou, die Contras, Savimbi en Hussein. Die resultate hiervan word nou duidelik.

In teenstelling met hierdie gedagte van *realistiese regressie* gaan Max-Neef se onderskeid tussen behoefte en bevrediger later<sup>45</sup> bespreek word. Max-Neef se onderskeid stel mens in staat om menseregte en vryheid as bevrediger vir beskerming te sien. Sen<sup>46</sup> se punt dat daar nog nooit 'n hongersnood in 'n demokrasie was nie, toon ook hoe die najaag van sogenaamde hoë behoeftes of waardes juis tot die bevrediging van sogenaamde lae behoeftes lei. Die soort liniêre<sup>47</sup>, atomistiese<sup>48</sup> en hiërargiese denke wat ook in Maslow se bespreking

<sup>45</sup>Sien bespreking by 7.5 op bladsy 268.

<sup>46</sup>Sien die bespreking by 8.2.3.2 op bladsy 303.

<sup>47</sup>In die betekenis dat een vervuller primêr gekoppel word aan een behoefte: bv. 'n huis is 'n skuiling.

<sup>48</sup>In die betekenis dat behoeftes los van mekaar bedink word.

van veiligheidsbehoefte na vore kom, het bygedra tot die rampe van die internasionale politiek van die twintigste eeu.

#### 7.4.3.2 Vlak 2: Sosiale behoeftes

##### Liefde

Maslow hou vol met sy aandrang dat hoër behoeftes na vore kom namate die laer behoeftes bevredigend vervul is. Vir hom is dit net die veilige welgevoede mens wat verlang na liefde (Maslow 1987:20). So 'n persoon ontwikkel 'n *honger* na verhoudings en groepsgebondenheid. 'n Persoon sal dan strewe na 'n plek in 'n groep. Hierdie strewe word allesoorheersend.

Attaining such a place will matter more than anything else in the world and he or she may even forget that once, when hunger was foremost, love seemed unreal, unnecessary, and unimportant. (Maslow 1987:20)

Maslow verduidelik nie waar hy iemand waargeneem het vir wie liefde nie belangrik is nie, hoewel hy in die inleidende paragraaf van die hoofstuk sê dat die belangrikste bron van informasie kliniese ervaring is.

Maslow beklemtoon die belang van die groep asook die bekende territorium in menslike gedrag. Hy verwys spesifiek na Ardrey se werk van 1966, *Territorial Imperative*. Dit volg hieruit dat die kroniese tekort aan 'n groepsverband en bekende omgewing, soos byvoorbeeld van kinders in 'n gesin wat baie verhuis, tot patologie aanleiding gee. Patologie word egter ook veroorsaak deur die belemmering van liefde deur die norme van die samelewing.

##### Respek en selfrespek

Die volgende behoefte wat volgens Maslow se skema aan die orde kom, is die behoefte aan agting deur ander en aan 'n realistiese basis aarvoor. Hy verdeel die behoefte self in twee subkategorieë.

There are, first, the desire for strength, achievement, adequacy, mastery and competence, confidence in the face of the world, and independence and freedom. Second, we have what we may call the desire for reputation or prestige (defining it as respect or esteem

from other people), status, fame and glory, dominance, recognition, attention, importance dignity, or appreciation. (Maslow 1987:21)

Maslow wys daarop dat Adler en sy volgelinge hierdie behoefte baie sterker beklemtoon het as dié van Freud. Hy beklemtoon saam met Horney dat respek gebaseer moet wees in 'n mens se ware vermoë en wilskrag en nie in 'n geïdealiseerde pseudo-self nie.

#### 7.4.3.3 Vlak 3: Selfverwesenlikings of morele behoeftes

Maslow se groot bydrae tot die studie van menslike behoeftes is na my mening sy klem op die behoeftes tot self-aktualisering. Sy groot fout lê myns insiens in die feit dat hy hierdie behoefte hiërargies na die fisiologiese en sosiale behoeftes geplaas het.

Die derde uitgawe van *Motivation and personality* het slegs 'n kort uiteensetting by die hoofstuk waar hy die hiërargie van behoeftes bespreek. Later wy hy drie hoofstukke aan aspekte van hierdie tema. Die eerste is gevallestudies oor selfverwesenlikende mense, die tweede oor liefde in selfverwesenlikende mense en die derde oor kreatiwiteit. (Maslow 1987:123, 150, 158 )

Wat belangrik is van die konsep van selfverwesenliking<sup>49</sup> by Maslow, is dat dit te doen het met dit waarvoor die spesifieke individu geskik is. Die enkeling se vermoë het 'n soort dwang sodat 'n mens moet word wat jy kan word. Maslow is lief daarvoor om die drang van kunstenaars om te skep as voorbeeld hiervan te gebruik<sup>50</sup>. Presies waarin 'n persoon homself uitleef verskil natuurlik van persoon tot persoon, afhangende van hulle eie vermoëns.

Maslow sluit die paragraaf af met die aandrag dat selfverwesenliking rus op die bevrediging van die reeds genoemde ander behoeftes. Weer eens gee hy nie voorbeelde nie.

IN 1950 publiseer Maslow 'n studie getiteld *Self-Actualising People, A Study of Psychological Health* wat later herdruk is as hoofstuk 11 van *Motivation and personality*<sup>51</sup>. Maslow verskil van die benadering van Freud en

---

<sup>49</sup>Hy neem die term oor van Kurt Goldstein maar gebruik dit baie meer beperk. Goldstein was 'n lid van die *Gestalt* skool en het dus die geheel beklemtoon. By hom funksioneer die term nie so atomisties soos by Maslow nie.

<sup>50</sup>So byvoorbeeld in (Maslow 1987:22).

<sup>51</sup>Ek gebruik die derde uitgawe (Maslow 1987).

ander deurdat hy 'n psigologie wil ontwerp wat gebaseer is op die studie van die gesonde mens. Kenmerkend van psigies gesonde mense is dat hulle 'n sekere ongemak en selfs antagonisme met die samelewing vertoon omdat dit die samelewing is wat siek is (Wilson 1972:168, 169).

Maslow het mense uitgekies wat hy as gesond geag het vanuit die geleedere van kennis en vriende en ook onder studente gesoek na gesonde persone om deel te neem aan sy studie. Sy studie oor kreatiwiteit in selfverwesenlikers het gebruik gemaak van ouer mense in hulle vyftiger- en sestigerjare (Maslow 1987:161). Hy het ook historiese gevallestudies van bekende persone gebruik. As negatiewe kriteria is mense uitgelaat wat enige neurose, psigose of ander psigopatologie vertoon het. Vir hierdie doel het hy van die Rorschach toets gebruik gemaak. As positiewe kriterium het hy aanduidings gesoek van selfverwesening soos blyk uit die volle aanwending van iemand se moontlikhede. Hy het ook gesoek na iemand wie se ander behoeftes reeds bevredigend vervul is (Maslow 1987:126). Op die manier was sy studie metodologies sydig om sy hiërargiese teorie van behoeftes te ondersteun deurdat dit onvermydelik sou blyk dat die selfverwesenlikers wat hy ondersoek het se selfverwesening gebaseer is op die vervulling van die ander, sogenaamde laer, behoeftes. Die enigste vraag wat hy ooplaat is of bevrediging van die ander behoeftes 'n noodsaaklike of genoegsame voorwaarde vir die voorkoms van selfverwesening is.

Maslow se bevindinge word puntsgewys hieronder gegee (Maslow 1987:128 en verder, behalwe waar anders vermeld). Hy vind dat selfverwesenlikers sekere eienskappe deel waarin hulle van die gemiddeld verskil:

1. Hulle vertoon 'n sekere oplettendheid of onderskeidingsvermoë en verskerpte waarneming. Dit geld op beide die interpersoonlike sowel as die konsepsuele vlak.
2. Hulle aanvaar hulleself en is relatief vry van skuldgevoel. Dit beteken dat hulle dit aanvaar wat nie verander kan word nie, en wel werk aan die aspekte van hulleself wat kan verander.
3. Hulle is spontaan, veral in hulle denke maar soms ook in hulle gedrag. Hulle is nie onaangepas by die konvensies van die alledaagse lewe nie, maar hulle is ook nie verknog daaraan nie. Volgens Maslow is dit moontlik dat selfverwesenlikers se motivering kwalitatief anders is as dié van ander mense. Hulle word nie gemotiveer deur tekorte nie, maar deur wat Maslow noem *metamotiveerders* of die motivering om te groei.

4. Hulle is op eksterne probleme gefokus en is nie op hulleself nie. In sy terminologie druk hy dit uit dat hulle *problem centered* is eerder as *ego centered*. Hulle voel hulle het 'n taak in die lewe wat hulle moet vervul. Dit is hierdie taak waarop hulle hulle energie fokus. In hulle denke is hulle gefokus op grondliggende en ewige sake wat Maslow as filosofies of eties tipeer.
5. Hulle geniet alleen wees meer as ander mense. Om die waarheid te sê, hulle geniet dit in 'n mate om alleen te wees. Ook te midde van ander mense behou hulle hulle mening en pas hulle nie noodwendig by die groep aan nie - hulle dink vir hulleself. Hulle vermoë tot intense konsentrasie op 'n enkele saak laat hulle soms verstrooid voorkom.
6. Soos blyk uit wat reeds bespreek is, toon selfverwesenlikers 'n relatiewe onafhanklikheid van hulle fisiese en sosiale omgewing. Hulle maak nie staat op die bevredigers van die samelewing nie maar word gemotiveer deur hulle eie potensiaal. Omdat hulle in 'n mate onafhanklik van hulle omgewing funksioneer, beïnvloed weerstand en frustrasie hulle nie tot die selfde mate as ander mense nie. In die uiteensetting van hierdie eienskap wil dit voorkom asof Maslow wil suggereer dat sulke mense ander minder nodig het.  
“Deficiency-motivated people *must* have other people... growth-motivated people may actually be *hindered* by others. The determinants of satisfaction and of the good life are for them now inner-individual and *not* social. They have become strong enough to be independent of the good opinion of other people, or even their affection. The honors, the status, the rewards, the popularity, the prestige, and the love they can bestow must have become less important than self-development and inner growth.” (Maslow 1987:136)
7. Hulle het die vermoë om om dinge intens te waardeer. Hulle kan iets oor en oor geniet. Hulle is in staat tot genot, verwondering en ekstase. Hierdie ervaring neem nie af met bekendheid nie.
8. Baie van hulle beleef piek-ervarings. Maslow beskryf piek ervarings as iets verwant aan die gevoel van mistiese belewenis, die gevoel om jouself te verloor, die oseaniese gevoel en selfs seksuele orgasme. Maslow beklemtoon die nie-metafisiese aard van die piek-ervarings en doen moeite

om aan te toon dat dit iets natuurliks is en dat die bo-natuurlike verwysing misleidend is wat tradisioneel aan veral die mistiese belewenis gekoppel is.

9. Hulle voel 'n diep verwantskap met die mensdom. Selfs al is selfverweselikers anders as ander mense, beleef hulle nog steeds 'n band wat hulle aan mekaar bind.
10. Hulle is nederig en respekteer ander. Maslow verwys na sy onderskeid tussen die outoritêre en demokratiese persoon en tipeer selfverweselikers as demokratiese persone. Hulle is byvoorbeeld nie skaam om van iemand anders te leer nie, ten spyte van die ander persoon se moontlike laer sosiale status.
11. Hulle het meer liefde en dieper interpersoonlike verhoudings. Hierdie verhoudings is dikwels met ander mense wat ook selfverweselikers is. Omdat dit die geval is, is hulle vriendekringe gewoonlik klein. Hoewel dit so is, is hierdie mense tog verdraagsaam en vriendelik met 'n baie wye groep mense. Hulle is egter in staat tot aggressie teenoor mense wat dit verdien en in situasies waar dit iemand ten goede kan kom. Maslow het in 'n meer gedetailleerde studie (Maslow 1987:150-157) bevind dat selfverweselikers se verhoudings vry van angs was. Dit is vir hulle ewe belangrik om liefde te gee as om dit te ontvang. Seks is by hulle baie nou met liefde verbind. Hulle oorskry die grense van die ego deurdat die beminde se behoefte as hul eie ervaar. Hulle is ook in staat om te speel en dinge te geniet. Hierdie soort liefde word volgens Maslow gekenmerk deur wedersydse respek en elke lid handhaaf tog 'n unieke karakter. Die liefde wat selfverweselikers het, is 'n doel op sigself en word gemotiveer nie deur tekort nie, maar deur die potensiaal om lief te hê.
12. Hulle het 'n duidelike en pragmatiese sin vir reg en verkeerd. Hulle het definitiewe standaarde van wat reg en verkeerd is, maar dit mag verskil van dié van die samelewing. Maslow vind egter dat, hoewel hulle 'n sterk sin vir die etiese het, baie min van hulle godsdienstig is in die ortodokse sin van die woord.
13. Hulle onderskei middele en doele. Hulle is in die algemeen gefokus op die doel. Tog is baie alledaagse aktiwiteite vir hulle 'n doel op sigself.

254 HOOFSTUK 7. EKSPLISIETE BEHOEFTE-ANTROPOLOGIEË

14. Hulle het 'n filosofiese sin vir humor. Hulle vind nie die alledaagse vyandige of snobistiese humor snaaks nie. Hulle sin vir humor is meer verwant aan die wysheid van die hofnar.
15. Hulle is almal is kreatief. Volgens Maslow was daar in sy studie nie een uitsondering nie: al die deelnemers was kreatief op een of ander wyse. Nie almal is kunstenaar nie, maar op een of ander manier is hulle kreatief in die werk wat hulle doen of selfs in die alledaags lewe. Daar is huisvroue wat kreatief sop kook en digters wat verbeeldinglose gedigte skryf. Hierdie mense was kreatief in hulle denke en het nie die onbekende gevrees nie. Maslow het verder bevind dat selfverwesenlikers minder geïnhibeerd en meer spontaan as ander mense is. Hulle het verder 'n soort tweede naïwiteit deurdat hulle ook as volwassenes die spontaneïteit en openheid vertoon het wat 'n kenmerk is van enige gesonde kind. (Maslow 1987:159)
16. Hulle weerstaan inkulturasie. Volgens Maslow is selfverwesenlikers nie goed aangepas in die gewone sin van die woord nie. Hulle kom wel oor die weg met die kultuur, maar is tog innerlik afsydig teenoor die kultuur. Wat gewoontes betref, kom selfverwesenlikers normaal voor. Hulle afstand van die kultuur is nie primêr sigbaar in hulle kleredrag of eetgewoontes nie, omdat dit nie vir hulle belangrik is nie. Hulle is ook nie besonder rebels in die adolessente sin van die woord nie, hoewel hulle gerig is op die bewerking van sosiale verandering op die lang termyn. Hulle gaan oor die algemeen krities en eklekties met die kultuur om.
17. Hulle eienskappe het ook negatiewe kante. Omdat hulle sterk persone is, kan hulle chirurgies kil wees as dit nodig is. Omdat hulle intens konsentreer kan hulle verstrooid wees. Hulle kan dalk afsydig teenoor ander wees omdat hulle na binne gekeer is.
18. Hulle deel sekere waardes. Hulle is realisties, medemenslik, entoesiasies en doelgerig. Hulle is nie begaan oor morele trivialiteite soos reëls oor eetgewoontes en kleredrag nie. Net so is hulle nie oormatig begaan oor voorafbepaalde sosiale rolle nie. Hulle beleef nie die wêreld primêr as 'n gevaarlike plek met mense wat gedomineer kan word of waardeur

mens gedomineer kan word nie<sup>52</sup>. Hulle hoogste waarde is om hulle eie unieke karakter uit te leef.

19. Hulle is in staat om waarde-polariteite op te los. Maslow beskou dit as 'n belangrike teoretiese gevolgtrekking van sy studie dat dit psigies ongesonde mense is wat nie sekere waarde-polariteite kan oplos nie. Selfverwesenlikers beleef byvoorbeeld nie hulle emosies en denke as teenstrydig nie. Hier vertaal Maslow Augustinus se “Wees lief vir God en doen wat jy wil” in “Wees gesond en vertrou jou impulse”. Hulle los ook die pole van selfsug en onselfsugtigheid, gees en vlees, plig en plesier en 'n magdom ander op<sup>53</sup>.

Maslow kom tot die gevolgtrekking dat daar eintlik twee soorte psigologieë moet wees: een vir selfverwesenlikers en een vir nie-selfverwesenlikers. Volgens Maslow lê die fout van die sielkundige tradisie tot op daardie tydstep daarin dat dit patologiese, onvolwasse en ongesonde eksemplare (hy gebruik die woord *specimens*) van die mensdom gebruik om 'n teorie oor die menslike natuur mee te ontwikkel. Maslow betoog dat dit onvermydelik lei tot 'n kreupel psigologie en filosofie. Hy wil die selfverwesenlikers gebruik as basis van die psigologiese wetenskappe (Maslow 1987:149) maar ook as die basis vir 'n humanistiese biologie (Maslow 1971:9).

#### 7.4.3.4 Die instinkmatigheid van hoër behoeftes

Hoewel Maslow altyd 'n wye belangstellingsveld gehad het, het sy vroeëre werk sy skoling in die behavioristiese psigologie verrai. Enkele titels van sy publikasies vanaf 1932 tot 1937 gee 'n indruk van waarmee hy hom vroeg in sy loopbaan besig gehou het<sup>54</sup>: *Delayed reaction tests on primates from the lemur to the orangoutang* (1932); *The emotion of disgust in dogs* (1932); *Food preferences of primates* (1933); *Influence of differential motivation on delayed reactions in monkeys* (1934); *The effect of varying external conditions on learning, retention and reproduction* (1934); *Appetites and hunger in animal motivation* (1935); *The role of dominance in the social and sexual behaviour of infra-human primates* (in vier dele, 1936); *Dominance-feeling, behaviour*

<sup>52</sup>Hoewel Maslow nie hier spesifiek na Adler verwys nie, is dit tog duidelik dat hy Adler se analise van motivering hier in gedagte het.

<sup>53</sup>Maslow noem 17 pare. (Maslow 1987:149)

<sup>54</sup>'n Volledige lys van publikasies verskyn in Maslow (1987:273 en verder). Ek lig enkele titels uit ter wille van klem.



*and status* (1937). Vanaf 1937 ondersoek hy die verband tussen dominansie en seksualiteit by vroue. In 1943 verskyn *A Theory of human motivation*.

Toe Maslow begin om die hoër behoeftes te identifiseer en selfs aan hulle 'n sekere primaat te verleen, was die vraag of daardie behoeftes instinktief is en of hulle afgeleides was van ander behoeftes. Die behaviorisme en die psigoanalise het die hoër menslike funksies tot basiese drange herlei<sup>55</sup>. Dat dit nie die geval is nie, en dat die sogenaamde hoër behoeftes ook instinkmatig is, is volgens Robert Frager, wat die voorwoord tot die derde uitgawe van *Motivation and Personality* geskryf het, een van die groot bydraes van Maslow. Frager som Maslow se gevolgtrekking oor die menslike natuur onder vier punte op. Die eerste hiervan is dat alle mense in inherente geneigdheid het om te streef na hoër vlakke van gesondheid, kreatiwiteit en selfverwesening. Die tweede is dat neurose die blokkering van die natuurlike geneigdheid tot selfverwesening is (Maslow 1987:xxxv)<sup>56</sup>.

In 1954 publiseer Maslow 'n artikel getiteld *The instinctoid nature of basic needs*. Hy bewerk dieselfde stof weer tot hoofstuk 7 van die 1954 uitgawe van *Motivation and Personality*<sup>57</sup> en later weer tot 'n addendum in *The farther reaches of human nature* (Maslow 1971:379-390). Hy vind dat daar goeie redes is om te postuleer dat mense 'n intrinsieke geneigdheid het om te ontwikkel tot selfverwesening. Hy betoog dat daar wegbeweeg word van die paradigma van dierlike instinkte as model vir menslike instinkte. Elke spesie het sy eie instinkte en mense s'n sluit denke, skoonheid, kreatiwiteit en liefde in (Maslow 1987:51, 53). Die mens het eintlik nie dierlike instinkte nie, net reste daarvan (Maslow 1971:380). Een van die eienskappe van 'n instinktiewe behoefte is dat die nie-vervulling daarvan een of ander vorm van patologie tot gevolg het (Maslow 1987:53)<sup>58</sup>. Maslow gee in sy *Farther reaches of human nature* 'n lys van 15 metamotiveerders (hoër behoeftes) en die patologieë wat ontstaan wanneer hierdie behoeftes nie vervul word nie (Maslow 1971:318). Maslow vergelyk ook die behoefte aan vitamines, die behoefte aan liefde, die nuuskierigheds-impuls en neurotiese behoeftes<sup>59</sup> aan die hand van 18 kriteria waarvan die belangrikstes die patogeniese gehalte

<sup>55</sup>Sien die bespreking by 7.3 op bladsy 234.

<sup>56</sup>Die ander twee hou verband met die ontwikkeling van 'n sinergiese gemeenskap en sakewêreld.

<sup>57</sup>Hoofstuk 4 in die derde uitgawe wat na sy dood in 1987 verskyn het.

<sup>58</sup>Max-Neef neem hierdie punt weer in sy teorie op. Sien bespreking op bladsy 271.

<sup>59</sup>Hy verwys waarskynlik na die neurotiese behoeftes wat deur Karen Horney geanaliseer is. In haar *Self Analysis* noem Horney tien neurotiese neigings wat sy telkens as 'n behoefte aan iets uitdruk. Hulle is: Die neurotiese behoefte aan liefde. Die neurotiese behoefte aan

van nie-vervulling en algemene voorkoms in alle kulture en lewensfases is. Vitamine, nuuskierigheid en liefde voldoen aan die meeste. Neurotiese behoeftes nie. Op die wyse kan hy bewys dat die sogenaamde hoër behoeftes ook instinkmatig is en dat hulle nie van die laer behoeftes af te lei is nie (Maslow 1971:381-388). Maslow beskou ook kognitiewe behoeftes as instinktief. Dit word egter maklik misgekyk deur 'n soort psigologie wat afleidings maak vanuit psigopatologie. Kognitiewe patologie is subtiel en word dus maklik oorgesien (Maslow 1987:23).

Maslow se gedagtes oor menslike behoeftes is kompleks en omvattend. Ek het gepoog om die belangrikste elemente van sy denke in die verband hierbo aan die hand van 'n paar van sy belangrikste werke uiteen te sit. Hoewel ek plek-plek kritiese opmerkings gemaak het, gaan ek nou voort om die bydrae van Maslow tot die studie van menslike behoeftes te evalueer.

#### 7.4.4 Kritiese evaluering van Maslow se behoefte-hiërargie

##### 7.4.4.1 Maslow se bydrae: 'n draaipunt weg van dierlike determinisme

Maslow se bydrae moet histories verstaan word. Hy is een van die baanbrekers wat 'n nuwe tema in die psigologie van die twintigste eeu na vore bring: die menslikheid van die mens. Die dierlike het in die eerste dekades van die twintigste eeu as paradigma vir die menslike gefunksioneer. Die psigologie van Watson en sy navolgers asook van Pavlov en sy volgelinge het hierdie verbintenis tussen mens en dier metodologies gestalte gegee deur 'n psigologie wat in 'n groot mate op eksperimente met diere gebaseer is, uit te werk<sup>60</sup>. Daarmee saam word verwysing na alle intra-psigiese prosesse ontken. Hoewel

---

'n lewensmaat. Die neurotiese behoefte om die eie lewe te beperk. Die neurotiese behoefte aan mag. Die neurotiese behoefte aan 'n almagtige wil (die introverte weergawe van die vorige). 'n Neurotiese behoefte om ander uit te buit. Die neurotiese behoefte aan aansien. Die neurotiese behoefte aan bewondering. Die neurotiese ambisie om te presteer. Die neurotiese behoefte aan onafhanklikheid. Die neurotiese behoefte aan perfeksie.

Die grondkenmerk van neurotiese behoeftes is die rol wat angs daarin speel (Horney 1937:41). Ironies genoeg vermeerder die bevrediger, na kortstondige verligting, die angs. Op die wyse is 'n neurotiese behoefte is bese kringloop. In die terminologie wat ek in hierdie studie ontwikkel sal ek eerder in hierdie gevalle na neurotiese *begeertes* verwys.

Die term *neurose* word nie meer algemeen in die moderne psigologie gebruik nie (Plug *et al.* 1988:235-236).

<sup>60</sup>Sien bespreking by 7.1.1

Freud en sy skool se teorieë gebaseer is op kliniese ervaring en nie op diereksperimente nie, herlei ook hulle dit wat oënskynlik uniek menslik is na 'n stel basiese drange wat die mens met die dier deel. Van die intra-psigiese prosesse word daar wel deeglik kennis geneem. Maar die belangrikste van hierdie prosesse vind buite die bewuste subjek plaas. Albei benaderings het 'n deterministiese mensbeeld<sup>61</sup>. Maslow verwerp hierdie soort determinisme (Wilson 1972:178).

Hy gebruik die gesonde mens as metodologiese vertrekpunt<sup>62</sup> teenoor metodologiese voorrang van die sieke (soos die psigoanalise) en die dier (soos die behaviorisme).

Maslow se psigologie is basies positief. 'n Mens kry byna die indruk dat Freud aktief poog om sy preutse tydgenote aanstoot te gee met uitsprake soos dié dat elke man eintlik sy ma begeer en sy pa haat, dat soen eintlik byt is, dat die kind 'polimorf pervers' is en dat alle mensliewendheid bloot gesublimeerde wellus en aggressie is. Freud se psigologie moet help om siek mense normaal te laat funksioneer. Maslow se psigologie is gerig op persoonlike groei. Om net op 'n minimum vlak te kan funksioneer is nie genoeg nie. Maslow beskou selfverwesenliking as instinkmatig en dus as iets wat elke mens nastreef. Vir Maslow kan elkeen 'n selfverwesenliker wees (Wilson 1972:178). Neurose is juis 'n faling in persoonlike groei.

Maslow bestudeer menslike liefde en kreatiwiteit op sigself en nie as 'n sekondêre kategorie nie (byvoorbeeld iets wat aangeleer is of wat die produk van sublimasie is) maar as die belangrikste eienskappe van die mens. Vir Maslow is die hoër behoeftes net so instinktief as laer behoeftes<sup>63</sup>. So byvoorbeeld bestaan die drang om te weet nie as 'n sublimasie van 'n seksuele of dominasie-behoefte nie (soos deur onderskeidelik Freud en Adler<sup>64</sup> veronderstel is), maar is dit 'n behoefte in eie reg.

Hy tematiseer transendensie en piek-ervaring in sy psigologie. So byvoorbeeld identifiseer hy 14 waardes wat 'n doel opsigself is en waarna 'n mens

<sup>61</sup>Sien die bespreking by 7.2 op bladsy 223 en verder.

<sup>62</sup>Hierdie vertrekpunt bring sy eie metodologiese vrae mee, maar dit is ten minste 'n probleem wat verband hou met 'n nuwe deurbraak. Die probleme word by 7.4.4.6 op bladsy 265 bespreek.

<sup>63</sup>Sien die bespreking by 7.4.3.4 op bladsy 255 asook (Wilson 1972:164).

<sup>64</sup>Adler was 'n belangrike teoretikus wat in 1911 van Freud se skool geskei het en sy eie skool, die van die *Individualpsichologie*, gestig het. Hy het vanaf 1926 die VSA meermale besoek en dus 'n invloed daar gehad. Hy beklemtoon die belang van die aggressiedrang en aspekte soos dominansie. (van den Berg 1970:155 en verder)

streef. Hierdie *B-values*<sup>65</sup>, soos hy dit noem, sluit waarheid, goedheid, skoonheid en heelheid in<sup>66</sup>. Hy maak ook 'n studie van die verskillende betekenisse van die term *transendensie* en som dit dan aan die einde van die bespreking van 35 aspekte soos volg op:

Transcendence refers to the very highest and most inclusive or holistic levels of human consciousness, behaving and relating, as ends rather than as means, to oneself, to significant others, to human beings in general, to other species, to nature, and to the cosmos. (Maslow 1971:279)

Die afstand tussen Maslow aan die einde van sy loopbaan en sy voorgangers in die behaviorisme en psigoanalise is in hierdie aanhaling duidelik. Hy praat oor waardes wat 'n selfstandige doel is, dus iets waarna gestreef word, dus oor die toekoms en nie oor die verlede nie; hy praat van die bewuste en nie van die onbewuste nie, van potensiaal en nie van tekort nie. Ten spyte van al die kritiek wat teen Maslow uitgespreek gaan word, moet die leser in gedagte hou waar Maslow vandaan gekom het en hoe ver hy gevorder het.

Wat Maslow ook in 'n mate kon regkry was om die bevindinge van verskillende skole van die psigologie nuttig binne sy eie model te inkorporeer. Hy vind 'n plek vir die mediese en biologiese fokus van die skool van Freud en die behavioriste. Hy kan Karen Horney se konsep van basiese angs in sy analise van sekuriteitsbehoefte inkorporeer. Hy kan Adler se resultate by sy behoefte aan respek inbring. Selfs die term *selfverwesenskap* kom oorspronklik van Kurt Goldstein. Wat Maslow gedoen het, was om vorm te gee aan die verskeidenheid bevindinge en teorieë wat gaande was. Die vorm wat hy daaraan gegee het, was natuurlik sy hiërargie. Dit het groot populêre byval gevind maar dit was na my mening sy grootste fout. Paragraaf 7.4.4.2 gee redes ter staving.

#### 7.4.4.2 Hiërargie

Die hoofbesware teen die konsep van 'n hiërargie van behoeftes is, kan onder twee hoofde saamgevat word:

1. Maslow formuleer sy teorie op so 'n manier dat dit ontoetsbaar is.

---

<sup>65</sup>Being Values

<sup>66</sup>Volledige lys by (Maslow 1971:134).

2. As 'n mens die basiese konsepte in falsifiëerbare terme herformuleer, bestaan daar getuienis tot falsifikasie.

Ek bespreek Maslow se hiërargie onder hierdie twee hoofde.

**Ontoetsbare formulering** Daar is reeds by 7.4.2.1 op bladsy 239 verwys na die manier waarop Maslow sy teorie teen falsifikasie verskans. Ek verwys hier net kortliks na die resultaat van wat vroeër bespreek is. Maslow formuleer *ad hoc*-hipoteses om die meer algemene uitsonderings op sy teorie te verklaar. Daardie uitsonderings is egter van so aard dat dit die geldigheid van die hele gedagte van 'n hiërargie in twyfel trek. Die stelling is veral verdag dat beide aanhoudende deprivasie én historiese vervulling van 'n sekere behoeftes tot frustrasie-toleransie kan lei. Die eintlike verskansing is egter nie die verklaring van die ooglopende uitsonderings nie, maar die stelling dat gedrag nie 'n aanduiding is van wat mense motiveer (dus van wat hulle behoeftes is nie). Vir Maslow word gedrag deur meer as een faktor veroorsaak<sup>67</sup>. As gedrag nie 'n maatstaf is waaraan die hiërargiese rangskikking van behoeftes gemeet kan word nie, ontstaan die vraag na wat dan daardie maatstaf is. Maslow se antwoord is die begeerte van die individu. Hy stel egter nie 'n manier voor hoe hierdie begeerte gemeet kan word nie. Die feit dat 'n mens alles gelyk kan begeer bemoelik verder die gedagte van 'n behoefte-hiërargie gebaseer op begeerte (Maslow 1987:26) .

'n Ander vraag ontstaan nou: As dit nie oor gedrag gaan nie, waar kom Maslow aan die stof vir sy behoefte-hiërargie? Dit kon nie deur waarneming van mense se gedrag gewees het nie, omdat dit nie gaan oor gedrag nie, want gedrag het meer as een bepaler. Maslow sê die basis van sy teorie is *kliniese ervaring*. Hy gee egter nie gevallestudies weer om telkens die hipoteses vir sy teorie te verskaf nie. Die gebruik van gevallestudies sou egter 'n probleem wees omdat hy nie 'n formele metode ontwikkel het om begeerte te meet nie<sup>68</sup>. Dit laat die vraag na die werklike oorsprong van Maslow se behoefte-hiërargie nog onbeantwoord.

Daar is reeds verwys na hoe Maslow die groot teorieë oor mense motiveering in sy hiërargie inkorporeer. Hy noem sy eie teorie 'n sintese van die werk van die funksionalistiese skool, *Gestalt* teorie, Freud, Adler, Horney, Fromm

<sup>67</sup>Ook ander psigoloë stem saam met hierdie punt. McClelland (1987:4-6) sê byvoorbeeld dat motivering een van drie bepalers van gedrag is. Die ander twee is denke en vaardigheid.

<sup>68</sup>McClelland (McClelland 1987) het 'n besonder gesofistikeerde repertorium van tegnieke ontwikkel om 'n verskeidenheid van motiverings te meet.

en die behaviorisme (Maslow 1987:15). Ek waag 'n antwoord op die vraag na waar die stof vir Maslow se behoefte-hiërargie sy oorsprong het: In die biblioteek! Maslow se hiërargie is 'n teoretiese sintese. Hy bring met sy briljante intellek en sy omvattende kennis van die psigologiese literatuur, en met die voordeel van sy vryheid ten opsigte van die skole van die psigologie 'n teorie byeen wat 'n verskeidenheid perspektiewe op 'n uiters eenvoudige manier byeenbring - 'n rangorde so eenvoudig dat 'n eerstejaarstudent dit kan verstaan. Binne hierdie eenvoud is daar ruimte vir nuansering en kompleksiteit. Tot Maslow se eer kan mens byvoeg dat hy self later in sy loopbaan gekonsentreer het op die hoër menslike funksies en waardes en daar 'n belangrike bydrae gemaak het<sup>69</sup>. Hy kon dit egter sonder die hiërargie van behoeftes ook gedoen het.

**Getuienis van die teendeel** In die daaglikse lewe en in uitsonderlike gevalle is mense die heel tyd besig om keuses tussen hulle verskillende behoeftes te maak. Daar is reeds in die verband na die navorsing van Sorokin verwys<sup>70</sup>. Mense kies vir liefde selfs op 'n honger maag, mense stel hulleself in gevaar ter wille van sosiale status, hongerstakers sterf om hulle ideologie te verdedig, mense ly vir hulle geloof, mense weier om onrein kos te eet selfs al is hulle honger vlugteling. Die lewe is vol van voorbeelde van uitruilings, oorskrydings en inversies van Maslow se hiërargie<sup>71</sup>.

Maslow se eie vroeëre navorsing weerspreek eintlik sy teorie van potensie van behoeftes. Maslow het self volkekundige navorsing onder die Eskimo's gedoen en gevind dat hulle eintlik moeilike lewenstoestande verkies (Wilson 1972:161). Volgens Lutz en Lux se artikel in Max-Neef en Ekins se *Real life economics* (Ekins en Max-Neef 1992:194) beweeg Maslow self in sy later werk weg van 'n hiërargiese behoeftebeskouing tot 'n beskouing waarvolgens mense hulle behoeftes aan selfverwesenliking en hulle tekort-behoeftes (d.i. materiële en sosiale behoeftes) gelyk wil bevredig en sekere uitruilings en afkope maak. Om sulke besluite te neem, vereis een of ander waardestelsel. Maslow beklemtoon ook dat selfverwesenlikers goeie frustrasie-toleransie het en dus dat hulle ook kan funksioneer wanneer hulle ander behoeftes nie vervul is nie. Maslow eindig dan eintlik met die twee tipes psigologie wat hy

---

<sup>69</sup>Die publikasies wat saamgevat is in (Maslow 1971) is 'n goeie voorbeeld hiervan.

<sup>70</sup>Sien 7.4.3.1 op bladsy 244.

<sup>71</sup>Sien voorbeelde by (Berelson en Steiner 1964:243) asook die bevindinge van Murray en Pauw. Bespreking by 7.6 op bladsy 283.

self in die vooruitsig gestel het: een vir selfverwesenlikers en een vir ander mense. (Maslow 1971:149)

#### 7.4.4.3 Die dimensie van tydsverloop *versus* absolute moment

Maslow se hiërargie van behoeftes kan moontlik baat by die onderskeid wat Montagu Murray gemaak het tussen die betekenis van 'n stelling met betrekking tot 'n verloop van tyd of 'n absolute moment<sup>72</sup>. Dit is nie duidelik in Maslow se uiteensetting of die hiërargie geld vir 'n moment of 'n verloop van tyd nie. Daar is reeds daarna verwys dat Maslow nie sy hiërargie van behoeftes as 'n hiërargie van gedrag aanbied nie maar van begeerte<sup>73</sup>. Selfs al aanvaar 'n mens dit so, bly die vraag nog steeds wat die epistemologiese betekenis van die verskillende begeertes sou wees, sou hulle meetbaar wees.

Ek probeer die hierdie vraag met 'n hipotetiese anekdote toelig. 'n Natuurkundige stap deur die bosse van die Sentraal-Afrikaanse Republiek. Hy maak 'n opname van plant- en dierspesies en stuur dan elke aand sy data per satellietfoon na 'n medenavorser op 'n ander kontinent. Daardie medenavorser is moontlik 'n vriend of selfs 'n geliefde. Vroeg een aand is hy besig om sy toerusting op te stel om 'n e-pos via satellietfoon te versend en somer ook 'n boodskap aan sy vriend of geliefde te stuur. Skielik hoor hy 'n gekraak van takke in die bos. Op daardie oomblik is die data en die vriendskap vir hom nie meer belangrik nie. Hy konsentreer net op die takke wat kraak. Wat hy volgende doen is volgens Maslow nie van belang nie. Volgens McClelland (McClelland 1987:4) sal sy optrede die produk van motivering(s), denke en vaardigheid wees. Wat in Maslow se mening belangrik is, is dat hy op daardie oomblik veiligheid bo liefde of sin begeer. Die vraag ontstaan nou na wat so 'n voorval sou beteken selfs al kon ons mense se innerlike emosies waarneem.

Die eerste lesing hiervan is dat, in terme van Maslow se behoefte-hiërargie, alles volgens verwagting verloop. Die situasie laat die meer pre-potente behoefte, naamlik veiligheid, na vore tree as die oorheersende behoefte en dus as die sterkste motivering. Siedaar, nog 'n bewys vir Maslow se hiërargie van behoeftes. Dit is egter alles vanuit die perspektief van die absolute moment.

Die perspektief vanuit 'n verloop van tyd bring 'n ander analise van die betekenis van die situasie na vore. Die navorser het gewet hy gaan in die loop van sy reis gevaar moet trotseer. Hy het al in die verlede olifante in die

---

<sup>72</sup>Murray gebruik die onderskeid om teologiese stellings oor armoede en lewenspeil te bespreek. Dit kan egter nuttig in ander analyses ook gebruik word. (Murray 2003:258)

<sup>73</sup>Sien 7.4.2.1 op bladsy 239 en 7.4.4.2 op bladsy 260.

woud raakgeloop, malaria opgedoen en gaboenadders teengekom. Hy weet dat hy selfs gewapende wildstropers of rebelle mag raakloop. Vir hom is die bewaring van die ekosisteem egter van uiterste belang. Hy glo dat die navorsing wat hy doen, kan bydra tot die bewaring van die ekologiese skatte van die woude van sentraal Afrika. Dis nie dat hy nie lief is vir sy vriende en geliefdes nie, dis ook nie dat hy nie bang is vir die gevare wat sy reis gaan meebring nie - hy waag dit alles vir die saak waarvoor hy hom beywer. Vanuit die perspektief van 'n verloop van tyd is die waardes wat 'n persoon nastreef die sterkste motiveerders en dus die pre-potente behoefte. Hier staan die behoefte-hiërargie op sy kop.

Een situasie dien dus tegelyk as bewys van 'n hiërargie van behoeftes én 'n bewys daarteen, afhangende van die tydsperspektief. Die vraag is watter een van die twee Maslow in gedagte gehad het en of hy *überhaupt* só daaraan gedink het. Dit kom voor asof, naas die leemte van die diskwalifikasie van gedrag en die afwesigheid van riglyne om begeerte te meet, die onduidelikheid oor die tydsperspektief 'n belangrike tekortkoming van Maslow se teorie oor 'n hiërargie van behoeftes is.

#### 7.4.4.4 Die verwarring van behoeftes en vervullers

Maslow onderskei nie metodologies duidelik tussen behoefte, begeerte, drang en vervullers nie. Tog gebruik hy al hierdie terme in min of meer hulle korrekte tegniese betekenis maar soms gebruik hy behoefte, begeerte en drang ook as sinonieme<sup>74</sup>. Hy wys byvoorbeeld daarop dat vervullers op meer as een behoefte gerig kan wees soos dat kos ook 'n funksie het ten opsigte van sekuriteit en ook liefde (Maslow 1987:16). Hy verduidelik nooit eksplisiet die verband tussen byvoorbeeld die *hunger drive*, die begeerte na kos, die bevrediger *kos* en die gedrag *eet* nie. Uit afsonderlike stellings wat hy in die verband gemaak het kan mens egter poog om die verband binne sy teoretiese model aan te toon. Stelling 1: Daar is 'n verband tussen die hongerdrang en aptyt (dus begeerte) deurdat dit blyk dat mense lus raak vir 'n sekere soort kos wat aan 'n spesifieke fisiologiese behoefte beantwoord. Hierdie verband is egter onvolmaak (Maslow 1987:16). Stelling 2: 'n Vervuller het meer as een funksie. Stelling 3: Gedrag het meer as een bepaler.

Dit volg hieruit dat nie net gedrag nie 'n aanduiding van die relatiewe sterkte van behoeftes (pre-potensie) is nie, maar óók dat begeerte nie 'n aan-

---

<sup>74</sup>Sien die aanhaling uit (Maslow 1987:4) by 7.4.3.1 op bladsy 243.



duider is van die relatiewe sterkte van behoefte nie. Die rede is dat begeerte gerig is op 'n spesifieke bevrediger en dat daardie spesifieke bevrediger meer as een funksie het.

#### 7.4.4.5 Die sosiale betekenis van Maslow se hiërargie van behoeftes

Maslow se behoefte-hiërargie het gevaarlike gevolge wanneer dit gebruik word as basis vir beleidsbesluite in veral ekonomies onderontwikkelde lande. Ek het reeds by 7.4.3.1 hierdie punt bespreek, dus verwys ek hier kortliks daarna met 'n addisionele perspektief wat nie vroeër genoem is nie.

By wat vroeër gesê is, kan bygevoeg word dat Wilson, 'n goeie vriend en kollega van Maslow, op grond van sy aanvaarding van Maslow se hiërargie, tot die gevolgtrekking kom dat 'n outoritêre regering in arm lande sal werk, omdat die mense se sekuriteitsbehoefte groot is. Max-Neef en Sen se betoog tot die teendeel word by 7.5 op bladsy 268 en 8.2.3.2 op bladsy 303 behandel. Sen beklemtoon dat vryheid (tot selfverwesenliking) materiële voorwaardes het. Juis daarom beklemtoon hy dat daar gefokus moet word op die hoër waardes soos vryheid (substantief ondersteun). Die motivering tot hoër behoeftes sluit in elk geval die ondersteuning van sy eie basis in<sup>75</sup>. Vry mense sorg ook immers dat hulle genoeg kos het. Daar moet juis van 'n behoefte-hiërargie as basis van politieke en ekonomiese beleid wegbeweeg word omdat dit so 'n goeie verskoning vir diktators is.

Met hierdie interpretasie stem Maslow se behoefte-hiërargie in sy politieke betekenis ooreen met die evolusieleer waarvan dit in elk geval 'n geesgenoot is. Die politieke betekenis van die evolusieleer is dat dit wat laag is, die eintlike basis van die mensdom is<sup>76</sup>, dat skepping deur stryd plaasvind<sup>77</sup> en dat sommige rasse beter as ander is<sup>78</sup>. Maslow beklemtoon net soos Darwin dat dit wat hoog is uit dit wat laag is voortkom en wel op so 'n manier dat dit 'n proses deurloop waarin daar nie spronge ('n mens sou kon sê *missing links*) is nie. Maslow beklemtoon ook dat net sommige mense bo uitkom, hoewel hy self wil hê alle mense moet selfverwesenlikers word. Dit doen hy

---

<sup>75</sup>Sien (Sen 1999b). Hy staan in teëstelling met Hutchenson se skool wat van mening is dat ekonomiese groei voor stelselmatige demokratisering moet geskied. 'n Studie van Harvard 2004 sê presies die teenoorgestelde.

<sup>76</sup>Dis hoekom kommunisme die evolusieleer kan aanhang

<sup>77</sup>Dis hoekom kapitaliste die evolusieleer kan aanhang

<sup>78</sup>Dis hoekom fasciste die evolusieleer kan aanhang

meer eksplisiet as Darwin wat eintlik verhul (onbewus?) met die woorde *favoured races* in die subtitel van sy *Origens of Species* die suggestie laat dat ook party mensrasse beter as ander kan wees<sup>79</sup>.

Dit moet duidelik gemaak word dat Maslow self glad nie beoog het om 'n teorie te ontwerp wat as verskoning vir diktature kan dien nie. Die teendeel is waar. Sy teorie oor bestuur<sup>80</sup> is juis daarop gerig om werk vir werkers 'n meer sinvolle ervaring te maak - dan werk hulle in elk geval beter met minder toesig en beheer (Maslow 1971:237).

#### 7.4.4.6 Die keuse van gesonde mense

Maslow se studie oor *self actualising people* was revolusionêr in die tyd toe die psigologie die dier of die geestesongesonde mens bestudeer het<sup>81</sup>. Intuïtief voel die resultate geldig as voorbeelde van mense wat 'n mens kan idealiseer: selfverwesenlikers het minder angs, hulle geniet meer dinge, hulle neem beter waar en hulle dink vir hulleself.

Ten spyte van die intuïtiewe geldigheid van die studie moet 'n mens tog 'n kritiese vraag oor die universele geldigheid van die resultate daarvan stel. Die studie is metodologies gebaseer op (ten slegste) 'n sirkelredenasie en (ten beste) 'n onvoltooide hermeneutiese sirkel. Maslow selekteer mense wat hy as selfverwesenlikers beskou sodat hy die eienskappe van selfverwesenlikers uit die studie van hierdie mense kan aflei.

Die kritiek is nie noodwendig teen hierdie prosedure gerig nie. Om iets te bestudeer waarvan 'n mens nie die eienskappe ken nie moet 'n mens noodwendig êrens begin. Die huidige debat oor die ontdekking van die sogenaamde tiende planeet is ook 'n voorbeeld van die interaksie van denotatiewe en konotatiewe definisies<sup>82</sup>. Die kritiek teen Maslow se metode is dat hy aan die einde van sy eerste afleiding van eienskappe nie krities vra of sommige van die eienskappe juis sy eie seleksiekriteria weerspieël en of daar nie tipes mense

<sup>79</sup>Die volledige titel is: *The origins of species by means of natural selection or the preservation of favoured races in the struggle for life.*

<sup>80</sup>Maslow is 'n geliefde skrywer in die bestuurswese. Ek het in die uiteensetting van sy werk in hierdie hoofstuk baie meer gefokus op sy werk van suiwer psigologies-teoretiese aard. Hy was in die bestuurswese egter 'n inoewerder in eie reg. Uit die bibliografie wat as addendum in die 1987 uitgawe van *Personality and Motivation* aangeheg is, blyk dit dat hy veral in die laaste deel van sy loopbaan gewerk het aan die toepassing van sy insigte oor selfverwesenliking vir die werkplek. (Maslow 1987:273)

<sup>81</sup>Sien die bespreking van die inhoud van hierdie studie by 7.4.3.3 op bladsy 250.

<sup>82</sup>Die basiese gegewens hieroor is te vinde by [http://en.wikipedia.org/wiki/10th\\_planet](http://en.wikipedia.org/wiki/10th_planet)

is wat hy stelselmatig uitgelaat het nie.

Ek wil voorstel dat Maslow se seleksie wel een soort gesonde persoon en een motiveringskompleks verteenwoordig. Ek sit my argument uit aan die hand van die ontdekking van drie motiverende waardes of motiveringskomplekse in die westerse kultuur wat gemaak is deur David McClelland (McClelland 1987).

McClelland se werk toon 'n metodologiese netheid en konsepsuele skerpheid wat hom 'n belangrike bydraer op die terrein van die studie van menslike motivering maak. Sy metodes vertoon 'n kombinasie van die beste kwantitatiewe ingesteldheid van die Noord-Amerikaanse gedragspsigologie en die bewustheid van die rol van onbewuste motiewe en fenomene soos projeksie vanuit die dieptepsigologiese tradisie.

McClelland bestudeer die tekste waarmee kinder leer lees en vra homself af wat die motivering is wat 'n gemeenskap sy kinders, by wyse van spreke, met moedersmelk ingee. Hy ontdek drie motiverende waardes in sy diakroniese studie van 'n aantal Europese lande: *affiliasie*, *prestasie* en *mag*. Hy ontwerp 'n stelsel waardeur hy tekste kan analiseer en punte toeken vir elke soort motivering. Hy ontwerp psigometriese instrumente om hierdie motiverings te meet. Dit gebruik hy dan in projeksietoetse om mens se motiverings in terme van die drie kategorieë te meet<sup>83</sup>. Hieruit ontdek hy eienskappe van elke soort motivering, wat sulke mense aktiveer, hulle voorkeure vir sekere beroepe en kultuurvorme en gemeenskappe wat ontstaan uit een van die soorte motiverings.

As 'n mens 'n idieël-tipiese beeld van Maslow se keuse van mense vir sy studie oor selfverwesenlikers maak, is hulle gelukkige, intellektuele, mensliwende dog nie aktivistiese, matig eksentrieke dog goed funksionerende, gefokuste en dus bietjie verstrooide, morele maar nie godsdienstige mense in gelukkige verhoudings wat oor 'n hele aantal sake hulle eie kop volg en iets in die lewe wil bereik. Hulle is Maslow se goeie kollegas en vriende. Kortweg: Hulle is mense soos Abraham Maslow.

In terme van McClelland se kategorisering is hulle mense met 'n hoë *achievement* motivering (*nAch* soos McClelland dit noem). Eienskappe van hierdie mense sluit in dat hulle minder geneig is tot aktivisme (wat wel die geval is met *nPower*) of dat hulle minder sosiaal is (*nAffiliation*). Hulle wil

---

<sup>83</sup>Die studie van leerlesse vir klein kinder is reeds 'n vorm van projeksietoets. Ek onthou goed eerste woord wat ek in graad 1 in 1979 uit 'n leesboekie getiteld *Mossie en Baas*, leer lees het. Die woord was *Baas*. Die betekenis daarvan sou my eers jare later, by die lees van McClelland se werk byval.

self iets bereik en word gemotiveer deur die uitdagings wat hulle vir hulleself stel. Hulle is nie oormatig geïnteresseerd om beheer te neem van groepe in die samelewing nie. Hulle let nie op modegiere en sulke sosiale 'trivialiteite' nie. Hulle dink nie soos die groep nie.

Maslow sê hy wil die selfverwesenerliker gebruik as die basis van 'n universele psigologie. Hy bestudeer egter 'n sekere soort persoon: dié gemotiveer deur prestasie. Die mense wat deur mag of affiliasie gemotiveer word, word buite rekening gelaat. Net soos daar 'n patologiese beeld van die prestasie-gemotiveerde mens kan wees, byvoorbeeld iemand wat obsessief en hardkop-pig is, kan daar 'n gesonde beeld van die mag-gemotiveerde of die prestasie-gemotiveerde wees. Die gesonde persoon met 'n hoë *n*Power is die goeie leier of toegewyde baas. In die universiteit waar Maslow gewerk het, was daar ook sulke persone nodig om die organisasie te bestuur. Sulke persone leef hulleself uit in die taak wat hulle op hulleself geneem het om leierskap te gee in verantwoordelikheid aan die wat hulle volg. Nie elke leier is siek nie. Die gesonde persoon met 'n hoë *n*Affiliation leef hom of haarself uit in die verhouding tot ander mense. Sulke mense geniet ander, waardeur ander en sorg vir ander<sup>84</sup>. Wil Maslow werklik impliseer dat hulle siek of onvolwasse is?

Die bydrae van Maslow is moeilik om te beoordeel. Hy plaas liefde, sin en kreatiwiteit op die psigologie se agenda. Terselfertyd dring hy aan op 'n hiërargie van behoeftes hoewel hy dit onbewysbaar formuleer en nie oortuigend sy bronne daarvoor kan aantoon nie. Juis daardie hiërargiese ordening word populêr nagevolg.

Die volgende denker wie se bydrae tot die studie van menslike behoeftes ontleed word, is nie 'n psigoloog nie maar 'n ekonoom. Omdat ekonomie die konkrete maniere en middele ondersoek waarop mense hulle behoeftes bevredig, is dit belangrik om ook 'n bydrae uit hierdie oord in hierdie studie in te sluit.

---

<sup>84</sup>Maslow se proefpersone het 'n amper filosofiese besorgdheid oor die mensdom. Terselfdertyd het hulle nie ander mense so 'nodig' nie.

## 7.5 Manfred Max-Neef

### 7.5.1 Ontstaanskonteks

Manfred Max-Neef is 'n ekonoom uit Chile. Hy is die stigter van CEPUR<sup>85</sup>. Gedurende die vroeë sestigerjare van die vorige eeu was hy 'n dosent by die *University of California* te Berkeley in die VSA. Hy het later vir die VVO se Voedsel- en Landbou-Organisasie (FAO) en die Internasionale Arbeidsorganisasie as ekonoom en programdirekteur gewerk. Tydens die publikasie van die Engelse vertaling van *Human Scale Development* was hy die rektor van die *Universidad Bolivariana* en 'n lid van die klub van Rome.

#### 7.5.1.1 Ontwikkeling en monetarisme

Die onvermoë van die toenmalige ekonomiese stelsel in Latyns Amerika om sensitief te wees vir die behoeftes van mense het hom genoop om die basiese probleme van ontwikkeling, ekonomie en behoeftes te heroorweeg. Die instellings wat 'n groot bydrae tot hierdie proses gemaak het, was CEPUR, waarvan Max-Neef die direkteur was, en die Dag Hammarskjöld-Stigting in Swede.

Volgens Max-Neef is die krisis in die ekonomiese denke van die negentientagtiese die steriele konfrontasie tussen ontwikkelingsleer (developmentalism) en neo-liberale monetarisme. Met ontwikkelingsleer bedoel Max-Neef die filosofie van die Inter-Amerikaanse Ontwikkelingsbank tydens die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu. Die beweging het daarin geslaag om 'n kolossale bydrae te maak tot 'n ryk en diverse ekonomiese struktuur op die kontinent. Volgens hom was deelname aan hierdie beweging 'n uiters roerende ervaring, maar teen die 70s het die beweging sy identiteit begin verloor. Die uiteindelijke faling van die beweging was as gevolg van

- Die onvermoë om fiskale en monetêre wanbalanse te beheer
- Die produksie-struktuur wat geskep is het groot klem geplaas op die konsentrasie van hulpbronne
- Die benadering tot ontwikkeling was suiwer ekonomies en het sosiale aspekte uitgesluit

---

<sup>85</sup>Die sentrum vir ontwikkelingsalternatiewe. Santiago, Chile.

Monetarisme<sup>86</sup> was volgens Max-Neef 'n die geskiedenis van Latyns-Amerika 'n “concocter of prescriptions”. Dis nie dat hy nie waardering het vir die onderliggende teorie van monetarisme nie. Hy verset hom egter teen die dogmatiese wyse waarop dit in die Latyns Amerikaanse konteks gebruik is. Volgens hom het dit op die kort termyn ramspoedige gevolge gehad. In Latyns-Amerika is hierdie ekonomiese beleid in stand gehou deur diktature en pseudo-demokrasieë. Volgens hom kon dit nie anders nie.

There is enough evidence that the pressure generated by the social costs of this model can only be kept under control by repression.  
(Max-Neef 1991:5)

Volgens hom faal die model want:

- Dit het ekonomiese groei aangemoedig sonder ware ontwikkeling
- Die meganistiese verstaan van ekonomiese rasionaliteit was nie geskik vir die arm lande waarin dit toegepas is nie. Armoede kon nie opgehef word deur markte te liberaliseer waarvan die armes nie deel is nie.
- In oligopolistiese markte neig ekonomiese aktiwiteit om spekulatief te wees. Dit lei tot 'n konsentrasie van hulpbronne wat sosiaal ondraaglik is.

Beide denkrigtings neig tot meganistiese denke en het (om verskillende redes) 'n positiewe waardering van konsentrasie van hulpbronne. Beide glo dat konsentrasie van hulpbronne lei tot ekonomiese groei - en statisties gesproke is dit ook so. Daardie soort groei kon egter nie in mense se behoeftes voorsien nie. Volgens Max-Neef lê die toekoms in “...mustering all our enegies to design imaginative but viable alternatives...which aims at an adequate satisfaction of human needs.” (Max-Neef 1991:8)

---

<sup>86</sup>Die kern van monetarisme is dat geldvoorraad (M) maal die omloopsnelheid van geld (V) per definisie gelyk is aan die algemene pryspeil (P) maal die fisiese hoeveelheid goedere en dienste geproduseer (Q). Dus:  $MV \equiv PQ$ . Die omloopsnelheid van geld neig om stabiel te wees. Dus sal 'n verandering in M 'n proporsionele verandering in PQ teweeg bring. Dus:  $\Delta M \rightarrow \Delta PQ$ . Die fisiese hoeveelheid goedere en dienste geproduseer, hang af van die beskikbare produksiemiddele. Dit lei tot die gevolgtrekking dat 'n verandering in geldvoorraad op die langtermyn slegs die pryspeil kan beïnvloed. 'n Toename in geldaanbod lei op die lang duur net tot inflasie. Die gevolgtrekking uit hierdie teorie is dat die staat hom so min as moontlik in die ekonomie moet inmeng. Hy moet die geldvoorraad laat toeneem teen dieselfde koers as die onderliggende ekonomiese groei. Dit sal stabiliteit in die ekonomie verseker. (Mohr en Fourie 2001:595)

### 7.5.1.2 Die *Desarollo a Escala Humana* projek

Die Dag Hammarskjöld-Stigting is sedert die publikasie van hulle verslag oor wêreldwye ontwikkeling<sup>87</sup> in 1975 besig om alternatiewe ontwikkelingsstrategieë aan te moedig. Die Latyns-Amerikaanse *Desarollo a Escala Humana*<sup>88</sup> projek was deel daarvan. Hierdie projek het die konsepte van behoeftes, skaal en effektiwiteit ondersoek in die konteks van werkloosheid en plaaslike ontwikkeling. Die projek is in 1985-6 deur CEPUR en die Dag Hammarskjöld-Stigting uitgevoer.

Die begrip van *mens-skaal ontwikkeling* wat tydens hierdie projek sy ontstaan gehad het, is eksplisiet op die beginsel gebaseer dat die *doel van die ekonomie is om mense te dien* (Max-Neef 1991:viii). Die dominerende etiese beginsel in *Mens-skaal Ontwikkeling* is dat die enkele mens belangrik is. Stelsels wat onsensitief is vir 'n mens, omdat die skaal daarvan bo-menslik is, het nie etiese prioriteit bo die enkeling nie. Die stelsel moet na die mens toe verander en nie andersom nie.

Max-Neef het gesoek na 'n hele nuwe manier om ontwikkeling te konseptualiseer. Hy vra vir 'n vervlegting van die konsepte van ontwikkeling en menslike behoeftes. So 'n poging is 'n transdissiplinêre taak. Die transdissiplinêre aard van so 'n projek is nie net epistemologies noodsaaklik nie, maar ook eties noodsaaklik.

Only a transdisciplinary approach allows us to understand, for example, how economics and health have converged. Thus we discover an increasing number of cases where poor health is the outcome of unsound politics and bad economics. If economic policies designed by economists affect, which they do, the *whole* of society, economists can no longer claim that they are solely concerned with the economic field. Such a stance would be unethical, since it would mean avoiding the moral responsibility for the consequences of an action. (Max-Neef 1991:16)

### 7.5.2 Behoeftes

Die onderskeid wat Max-Neef maak tussen 'behoefte' en 'vervuller' is onderliggend aan sy hele analise. Hierdie aspek word volgens hom konsekwent in

---

<sup>87</sup> *What Now: Another Development*

<sup>88</sup> Ontwikkeling op menslike skaal

die literatuur oor ontwikkeling misken

A prevalent shortcoming in the existing literature and discussions about human needs is that the fundamental difference between *needs* and *satisfiers* of those needs is either not made explicit or is overlooked altogether (Max-Neef 1991:17)

Behoeftes is iets wat alle mense het. Dit is beperk (soos enige ander aspek van 'n mens) en het te doen met die aard van 'n mens as liggaam, persoon, en gemeenskapswese wat in die wêreld (tyd en ruimte) leef<sup>89</sup>. Behoeftes het te doen met die menslike natuur. Vervullers aan die ander kant het te doen met die omliggende natuur en mense se kultuur en persoonlikheid. Daar is byvoorbeeld 'n fundamentele behoefte wat alle mense het aan voeding. Die fisiese en chemiese aard van die menslike liggaam bepaal die inhoud van daardie behoefte. Daar is egter tallose soorte kos en dieëte en voedselgebruike (vervullers). Vervullers pas met wisselende grade van effektiwiteit op behoeftes. Daar is in elk geval nie 'n "een-op-een" passing van behoeftes en vervullers nie. Een vervuller kan meer as een behoefte aanspreek en net so kan een die vervulling van behoefte meer as een vervuller vereis.

Max-Neef organiseer sy sisteem van behoefte rondom nege waardes naamlik: *lewensonderhoud, beskerming, liefde, verstaan, deelname, ontspanning, skepping, vryheid, identiteit*<sup>90</sup>. Hierdie behoeftes noem hy *fundamentele behoeftes*. Wat hierdie behoeftes fundamenteel maak is dat die nie-vervulling van enige een van hulle op die lang duur lei een of ander vorm van patologie.

Die verskil tussen *fundamentele* behoeftes en *basiese* behoeftes is dat die *basiese behoefte*-beskouing hiërargies werk. Die leer oor *basiese behoeftes* veronderstel dat slegs 'n sekere tipe behoefte noodsaaklik (dus basies) is. Die patologie wat veroorsaak word deur die nie-vervulling van die behoefte aan identiteit is dus binne die beskouing nie so belangrik soos die patologie van fisieke dood nie<sup>91</sup>. Die nie-vervulling van ander (nie-basiese) behoeftes veroorsaak nie vir die aanhangers van hierdie leer 'n etiese krisis nie<sup>92</sup>.

<sup>89</sup>Max-Neef noem hierdie dimensies *wees, doen, het en bevind*.

<sup>90</sup>Volgens hom kan *transendensie* in sekere gevalle as 'n tiende waarde bygevoeg word.

<sup>91</sup>Dit bly tog interessant hoe oorlog byna altyd deur een of ander vorm van bevestiging van identiteit gedryf word. Die behoefte om aan die lewe te bly word soms baie direk teen die behoefte aan identiteit afgespeel. Selfmoordbomaanvalle is maar een ekstreme voorbeeld. "Om te veg vir jou volk" is die meer normale manier waarop mense soms hulle lewe verded op hulle identiteit.

<sup>92</sup>Amartya Sen verduidelik in sy *Development as Freedom* hoe hierdie beskouing saamgaan met 'n uitsluitlike fokus op produksie (soos gemeet in BBP per kop) en met 'n ont-



Daar is volgens Max-Neef nie 'n hiërargie van behoeftes nie. Verskillende mense en kulture verstaan hulle behoeftes verskillend. Die enigste behoefte wat volgens hom 'n 'n pre-sistemiese drempel het is *lewensonderhoud* - 'n mens kan nie ander behoeftes hê as jy dood is nie. Dit is gebruikelik dat 'n mens tussen jou verskillende behoeftes keuses maak en die vervulling van een verruil vir die vervulling van 'n ander. 'n Mens kan byvoorbeeld nie tegelyk werk en rus nie.

Max-Neef verskil van Maslow wat die bestaan van 'n hiërargie van behoeftes betref, maar hy vind sterk aansluiting by die beskouing van Maslow dat behoefte nie net gesien moet word as tekort<sup>93</sup> nie, maar ook as potensiaal. Die behoefte aan byvoorbeeld deelname is ook die potensiaal tot deelname. Op die manier word behoeftes nie net as tekort gesien nie, maar ook as motivering. As behoeftes nie net tekort is nie, maar ook potensiaal, kan 'n mens nie regtig van die 'vervulling' van 'n behoefte praat nie, maar eerder van van die aktualisering van daardie behoefte in tyd en ruimte

### 7.5.3 Vervullers

Vervullers is vir Max-Neef die maniere van *wees*, *doen*, *hê* en *bevind* waardeur ons behoeftes geaktualiseer word. 'n Vervuller is dus nie in die eerste plek 'n artefak nie. Die betekenis van wees, doen, het en bevind sal nou aan die hand van die behoefte aan verstaan verduidelik word.

- Met 'wees' as 'n vervuller bedoel Max-Neef dat 'n mens se behoeftes geaktualiseer word deur sekere ingesteldhede en persoonseenskappe. Die klem is hier op die mens as persoon. Nuuskierigheid, leergierigheid en eerlikheid is maniere van wees wat die behoefte van verstaan aktualiseer.
- Met 'doen' bedoel Max-Neef dat behoeftes geaktualiseer word deur ons eie aksies. Die klem is hier op die mens as agent. Leer, analiseer, dink, eksperimenteer en ondersoek is maniere van doen wat die behoefte van verstaan aktualiseer.

---

kenning van menseregte as 'n luukse wat later in die proses van ekonomiese ontwikkeling bygevoeg kan word.

<sup>93</sup>Soos wel die geval is by die *basiese behoefte*-beskouing waar meetbare tekort 'n deurslaggewende rol speel in wat 'n mens as 'n basiese behoefte kan beskou.

- Met 'het' verwys Max-Neef na die instellings wat 'n samelewing het. Die klem is dus hier op die mens as sosiale wese. Skole, tradisies, ambagte en universiteite is dinge wat 'n gemeenskap het waardeur die behoefte tot verstaan geaktualiseer word.
- Met 'bevind' verwys Max-Neef na die manier waarop 'n mens tyd en ruimte inrig. Die klem val dus hier op die mens in sy omgewing. Skooltyd en klaskamers is tye en plekke waarin die behoefte aan verstaan geaktualiseer word.

In sy eie woorde:

If we take for instance..different ways of Doing to actualise Understanding... we see that it includes such satisfiers as investigating, experimenting, educating, analysing, meditating and interpreting. These satisfiers give rise to economic goods, depending on the culture and resources, such as books, laboratory instruments, tools, computers and other artifacts. The function of these goods is to empower the *Doing of Understanding*. (Max-Neef 1991:31)

Daar is 'n verskil tussen ekonomiese goedere en vervullers. Eintlik is die ekonomiese goedere nie die vervuller self nie, maar dit wat die vervuller fasiliteer. Die artefakte bepaal op 'n sekere manier die effektiwiteit van die vervullers.

Satisfiers are not the available economic goods They are related instead to everything which, by virtue of representing forms of Being, Having, Doing and Interacting<sup>94</sup>, contributes to the actualization of human needs. (Max-Neef 1991:24)

Wanner vervullers beskou word as maniere van wees, doen, het en bevind, is dit duidelik dat dit die potensiële vervullers is wat oneindig<sup>95</sup> is en nie behoeftes self nie.

<sup>94</sup>*Interacting* is die vertaling vir *estar* (Spaans) of *Bevinden* (Duits). Dit dui op die menslike gesitueerdheid in tyd en ruimte.

<sup>95</sup>Werklik oneindig, omdat vervullers nie afhanklik is van artefakte nie. Artefakte moet noodwendig eindig wees omdat die natuur eindig is. Daar is wel so iets soos kwalitatiewe oneindigheid. So is daar byvoorbeeld 'n oneindige aantal stories wat 'n mens sou kon vertel.

Vir Max-Neef is vervullers nie almal van dieselfde waarde nie. Sommige vervullers vervul glad nie mense se behoefte nie, terwyl sommiges meer as een behoefte tegelyk aktualiseer. Hy beoordeel vervullers in een van vyf kategorieë naamlik:

- VERNIETIGERS is vervullers wat toegepas word om 'n sekere behoefte te vervul, meestal beskerming, maar dan selfs die moontlikheid van vervulling van daardie (asook ander behoeftes) vernietig. So gee 'n diktatuur<sup>96</sup> byvoorbeeld voor om die gemeenskap te beskerm maar nie net is die gemeenskap onveilig nie, maar die behoeftes aan verstaan, liefde en vryheid word ook nadelig geraak. Ander voorbeelde van Max-Neef noem is die wapenwedloop en burokrasie.
- PSEUDO-VERVULLERS is vervullers wat 'n valse gewaarwording van satisfaksie skep. Hulle het in gemeen dat hulle afhanklik is van een of ander soort propaganda of oortuiging. So is statussimbole vir Max-Neef 'n pseudo-vervuller vir identiteit, indoktrinasie vir verstaan en prostitusie vir liefde.
- INHIBERENDE VERVULLERS vervul wel 'n sekere behoefte maar inhibeer die vervulling van 'n ander een. 'n Inhiberende vervuller oorbevredig eintlik die behoefte waarop dit gerig is. Baie inhiberende vervullers hou verband met sekere diepgewortelde gebruike en tradisies. Die voorbeeld wat Max-Neef gebruik is die oorbeskerende gesin. Dit bied wel beskerming, maar inhibeer liefde, deelname, verstaan en identiteit.
- ENKEL VERVULLERS is slegs gerig op die bevrediging van 'n enkele behoefte. Staatsinstellings is voorbeelde van enkel vervullers. So het die staat stemreg vir deelname, kuratiewe geneeskunde vir gesondheid en sportfasiliteite vir ontspanning.
- SINERGIESE VERVULLERS wat meer as een behoefte terselfdertyd bevredig. Vir Max-Neef is die belangrikste eienskap van hierdie soort vervullers dat dit nie outoritêr is nie. Die voorbeelde wat hy gebruik is borsvoeding, selfbestuurde produksie, 'kaalvoet' banke, voorkomende gesondheidsorg en kulturele vermaak.

---

<sup>96</sup>Iets wat 'n gemeenskap 'het'.

### 7.5.4 Skaal en effektiwiteit

Die konsep van skaal is vir Max-Neef baie belangrik - hy noem immers sy beskouing 'Mens-skaal-ontwikkeling'. Die fokus op skaal hang saam met sy beskouing van effektiwiteit.

Skaal en effektiwiteit is tradisioneel kwessies waarby die ekonomie as studeveld baie belang het. In die studie van produksie het dit na vore gekom dat wanneer 'n groot aantal van 'n sekere produk vervaardig word, die eenheidskoste per produk laer is as wanneer 'n klein aantal van die produk gemaak word<sup>97</sup>. Dit lei tot die gevolgtrekking dat ten einde meer koste-effektief te werk produksie op 'n baie groot skaal moet plaasvind. Dit vereis natuurlik dat geweldige hoeveelhede bronne in die hande moet wees van diegene wat in die beheer van die produksieproses is. Tradisionele ontwikkelingsdenke sien dus geen fout met die akkumulering van hulpbronne nie, omdat dit meer koste-effektiewe produksie moontlik maak. Dit is alles goed en wel as effektiwiteit gemeet word aan die koste per produk en die effek van die proses van produksie op mense nie oorweeg word nie.

Max-Neef verset hom juis teen wat hy noem "...development models based on mechanistic theories and misleading aggregate indicators." (Max-Neef 1991:14)

Met *misleading aggregate indicators* bedoel Max-Neef nie dat die wiskunde van die standaard ekonomiese teorie verkeerd is nie. Dit mag so wees dat BNI<sup>98</sup> of BBP<sup>99</sup> styg of daal onder sekere omstandighede. Hy wil egter weet wat die verhouding tussen daardie indikatore en mense se behoeftes is. Die tradisionele antwoord van die ekonomie, dat behoeftes en begeertes gelyk is en dat begeertes gerig is op artefakte, beteken dat as daar meer produksie is, dit vanselfsprekend 'n goeie ding is. Binne hierdie beskouing is aggregeer-indikatore glad nie misleidend nie.

Dit is juis die pretensie dat daar 'n direkte verband tussen aggregeer-indikatore en menslike behoeftes bestaan wat Max-Neef in twyfel trek. Sy kategorisering van vervullers as vernietigers, pseudo-vervullers, inhiberende

---

<sup>97</sup>Daar kom natuurlik 'n punt waar die grafiek draai en dit duurder is om 'n sekere aantal produkte te maak, byvoorbeeld wanneer 'n mens net meer produkte kan vervaardig nadat jy nog 'n fabriek gebou het. Die duimreël bly egter dat 'n groter skaal van produksie meer effektief is.

<sup>98</sup>Bruto Nasionale Inkomste: die totale inkomme wat die inwoners van die land toegeval het binne 'n sekere tydperk (gewoonlik 'n jaar).

<sup>99</sup>Bruto Binnelandse Produk: die totale produksie binne die grense van die land binne 'n sekere tydperk.

vervullers, enkel vervullers en sinergiese vervullers maak dit moontlik om oor die gehalte van 'n proses soos ekonomiese groei te oordeel. Dit beteken dat die vraag of ekonomiese groei 'n goeie of slegte ding is, volgens Max-Neef se analise nie bestaan nie. So 'n vraag veronderstel 'n eenduidige betekenis van die indikatore soos BNI en BBP. Dit is wat misleidend is van aggregeer-indikatore<sup>100</sup>. Volgens Max-Neef moet 'n mens vra of mense se behoeftes beter of slegter gedien word deur 'n sekere stand van sake<sup>101</sup>.

Mens-skaal-ontwikkeling wat Max-Neef as 'n alternatief voorstel, is gerig op 'n menslike vorm van effektiwiteit. Dit is effektief weens die teenwoordigheid van sinergiese vervullers. Daardie sinergiese vervullers is teenwoordig waar mense self besluite kan neem, inisiatief aan die dag kan lê en kan leer. Groot skaalse produksie kan soms 'n enkel-vervuller of selfs 'n inhiberende vervuller<sup>102</sup> wees. Hierteenoor streef Max-Neef na maksimale selfstandigheid. Hy verstaan selfstandigheid nie as isolasie nie.

We understand self-reliance in terms of a horizontal interdependence and in no way as an isolationist tendency on the part of nations, regions, local communities or cultures. (Max-Neef 1991:58)

Mens-skaal-ontwikkeling het ten doel om mense minder afhanklik te maak. Deur dit te doen, word die ekonomiese proses self 'n vervuller vir identiteit, vryheid en deelname. Selfstandige interafhanklikheid in idees, simbole, konsumpsie en produksie is die doel van mens-skaal-ontwikkeling.

Die bestaan van groot stelsels is egter nie iets wat Max-Neef misken of gering skat nie. Die heel grootste stelsel is natuurlik die ekologie. Regdeur die werk onderstreep Max-Neef die belang van die ekologie. Die ideaal wat Max-Neef vir die interaksie tussen stelsels het noem hy artikulasie.

---

<sup>100</sup>In 'n werk waarvan Max-Neef saam met Paul Ekins die redakteurs was word 'n hele hoofstuk gewy aan die bespreking van indikatore wat 'n meer akkurate weerspieëling sal gee van mense se werklike welstand (Ekins en Max-Neef 1992). Van die indikatore wat gebruik word is die *Physical Quality of Life Index* (PQLI), *Index of Sustainable Economic welfare* (ISEW), die *Human Development Index* (HDI).

Daar is verskeie ander modelle wat BBP op verskillende maniere aanpas om 'n beter weerspieëling van die ware sosio-ekonomiese situasie te gee. Motorongelukke veroorsaak bv. 'n toename in BBP. Dit maak dus sin om die koste van motorongelukke van BBP af te trek.

<sup>101</sup>Hier is Max-Neef baie naby aan Sen se gedagte dat mense se *substantive freedoms* moet meet.

<sup>102</sup>Die verskynsel van vervreemding dui die inhiberende karakter van 'effektiewe' produksieprosesse aan.

By 'articulation' we mean the construction of coherent and consistent relations of balanced interdependence among given elements. (Max-Neef 1991:8)

Hy wy veral aandag aan wat hy noem 'mikro-makro artikulasie'. Hiermee bedoel hy die gebalanseerde interafhanklikheid tussen die klein stelsel (plaaslike gemeenskappe) en die groot stelsel (nasionale en internasionale ekonomie) sonder dat die een die ander insluk of ondermyn. Hy stel dit wel dat hierdie een van die onopgeloste probleme van die ekonomie is. Daardie artikulasie moet doelbewus besoek word om die volhoubaarheid van die menslike ras<sup>103</sup> te verseker.

### 7.5.5 'n Voorbeeld : Navorsing gedoen by Mulati in die Limpopo-provinsie

Max-Neef en Elizalde het 'n deelnemende proses in die vorm van 'n tweedaagse werkwinkel ontwerp waardeur 'n groep mense die passing van die beskikbare vervullers in hulle lewens kan analiseer. Die werkwinkel identifiseer goeie en slegte passings van vervullers en behoeftes.

Die basis van die werkwinkel is 'n 4x9 matriks. Die horisontale as bevat die dimensies van menslike lewe: wees, doen, hê, bevind (eksistensiële as). Die eerste kolom bevat eienskappe van die gemeenskap self en mense wat 'n invloed op hulle lewe het. Die tweede kolom bevat aksies deur mense in en buite die gemeenskap. Die derde kolom bevat sosiale instellings, gebruike, tradisies en artefakte wat 'n gemeenskap 'het'. Die vierde kolom bevat tye en plekke wat behoeftes vervul en ondermyn. Die vertikale as bevat nege fundamentele behoefte-waardes: voortbestaan, beskerming, liefde, verstaan, deelname, ontspanning, skepping, vryheid, identiteit (waarde as).

In die eerste gedeelte van die werkwinkel word die vervullers wat nie die behoeftes vervul wat dit bedoel om te vervul nie, of wat ander behoeftes ondermyn ondersoek.

'n Groep van ongeveer 20 mense het vir twee dae lank deelgeneem aan 'n werkwinkel oor behoeftes en vervullers. Die groep het bestaan uit gemeentelede uit Mulati, 'n plattelandse VGK-gemeente in die Limpopo-provinsie en 'n groep boere uit Mariveni, ook in Limpopo. Die resultaat van hierdie sessie word hieronder weergegee.

---

<sup>103</sup>Hy sê presies dit. Die alternatief is "*mutually assured destruction*".

## 7.5.5.1 Dag 1: Matriks van negatiewe vervullers

	Wees	Doen	Het	Bevind
Voortbestaan	Arrogant (kriminele) onbetroubaar, ongesond	Steel. Dra wapens, omkoop, bevoordeel eie groep (nepotisme)	Te min sekuriteit, werkloosheid, te min kos, min geld, te min vaardighede, seisoenale werk, min materiaal	Doen nie dinge op regte tyd (landbou), winter, werk is ver van die huis, ongesonde omgewing
Beskerming	Hardkoppig, jaloers, bang, ongeorganiseerd, agterlosig	Betree die boord in die aand, volg nie veiligheidsmaatreëls, vermoor, roof, verkrag	Wapens, slange, geen noodhulp-kis, geen opleiding met chemikalieë, onopgeleide CPF, te min telefone	Nag
Liefde	Enkelouer, hardkoppig, naywerig, geïsoleerde, skaam oor armoede, selfsugtig, trots	Weerspreek ander uit jaloësie, ondermyn ander, koester wrok, luister nie, isoleer jousef (as jy meer het as ander)	Griewe, trots, geld, tradisionele geslagsrolle, geestesversteurdheid, min respek vir gestremde mense, te min kennis van sorg vir gestremdes en oumense	Bly alleen, familieledede is weg, Kersfees (word geïgnoreer), Januarie (armes kan nie skool betaal), naweek (drink)

	Wees	Doen	Het	Bevind
Verstaan	Ongeleerd, weerbarstig	Wil nie deur ander geleer word nie, aanvaar of gee nie advies nie.	Swak leierskap, geen ABET, geen dagsorg, min leersentrums, selfsugtige leierskap	Inspekteer nie op skedule nie (landbou), opleidingsinstansies is ver
Deelname	Jaloers op leiers, lui, gierig	Leiers bevoordeel hulleself, ondermyn mekaar	Grond toekening stelsel, korrupte leiers	Werk ver van die huis
Ontspanning	Selfsugtig	Kritiseer mekaar	Tekort aan fasiliteite, min kulturele geleenthede	Geen ekstra tyd a.g.v. werk tuis, doen nie dinge op regte tyd (landbou), winter, werk is ver van die huis, ongesonde omgewing
Skepping	Nie ingestel op samewerking	Elkeen doen sy eie ding	Werkloosheid, geen kunsmis en water, min geld, swak projekte	Pomp 'downtime'
Vryheid	Jaloers	Steel, ondermyn Waardering van bederfbare goedere as waardeloos, nepotisme	Grondkwessie, Nkowankowahof	Identiteit Diskriminerend, jaloers op goeie dinge, jaloers op harde werk



	Wees	Doen	Het	Bevind
Identiteit	Tradisionele geslagsrolle, ongelukheid, werkloosheid, geen eienaarskap van grond	Nag (misdaad) Naweeke (drink, baklei)		

Een van die negatiewe aspekte van die samelewing wat respondente uitgelig het, is die voorkoms van misdaad, veral in die nag. Wat interessant is, is dat die respondente die afwesigheid van georganiseerde en opgeleide strukture in die gemeenskap as een van die oorsake hiervan geïdentifiseer het. Op die vlak van hoe mense is, is die hoë voorkoms van jaloesie iets wat die vorming van sulke organisasie belemmer. Die kwessie van leierskap het ook na vore gekom. Aan die een kant is daar jaloesie van mense teenoor hulle leiers, maar aan die ander kant is daar die persepsie dat leiers hulleself bevoordeel. Jaloesie kom ook as vernietiger van liefde, vryheid en deelname voor. Werkloosheid is ook 'n probleem wat meer as een behoefte ondermyn. Respondente het nie net aangedui dat werkloosheid voortbestaan ondermyn nie, maar ook identiteit en skepping. Dit beteken dat pogings om die gevolge van werkloosheid te verlig, ook aan hierdie aspekte moet aandag gee. Twee aspekte van die Tsonga tradisie word genoem as dinge wat die vervulling van behoeftes ondermyn. Die een is tradisionele geslagsrolle wat verhoudings in die huis bemoeilik (veral vir die vrou). Die tradisionele allokasie van grond word ook deur sommige van die respondente as belemmerend ervaar.

#### 7.5.5.2 Dag 2: Matriks van positiewe vervullers

Op die tweede dag het respondente die matriks gebruik om die vervullers wat daar wel in hulle gemeenskap bestaan, te lys. In die samevattende positiewe matriks val dit op hoe dikwels samewerking en organisasie genoem word. Dit stem ooreen met volkekundige teorieë wat beweer dat Afrika-gemeenskappe kommunaal georiënteerd is. Die positiewe aspekte van tradisie kom in hierdie matriks na vore. Begrafnisse, tradisionele leiers en tradisionele feeste en kultuur-aktiwiteite speel 'n positiewe rol in die gemeenskap.

#### Samevatting van positiewe matriks

	Wees	Doen	Het	Bevind
Voortbestaan	Gedetermineerd, Vriendelik	Werk	Eie organisasie, Hulp van buite	Werkweek
Beskerming	Betroubaar Versigtig	Vermy gevaar Konfronteer bedreigings	Eie plan Breër gemeenskap se plan	24 uur, werk en huis
Liefde	Barmhartig Meelewend Verenig	Rou saam by begrafnisse, beraad mense wat in moeilikheid is, weerstaan bose, besoek mense	Leiding, respek	Privaatheid, verjaarsdag
Verstaan	Samewerkend Instemming	Leer mekaar adviseer	Sosialisasie, kerke, skole, besighede, konferensies, graad 12	Huis en skool
Deelname	Samewerkend Nederig	Organiseer	Sportgronde, begrafnisvereniging	Begravnisse
Ontspanning	Samewerkend	Organiseer		Sportgronde
Skepping	Samewerkend	Adviseer mekaar	Projekte	In die gemeenskap
Vryheid	Lief	Bevriend, neem verantwoordelikheid vir water	Regte, SANCO, Induna, Onderwys	Tuis en in gemeenskap

	Wees	Doen	Het	Bevind
Identiteit	Eerbiedig, respekteer mense ten spyte van ras	Sorg, bid en werk	Bly saam ten spyte van verskille, naam en van, ouers, ID, kerk, plaas, beeste, erf, begrafnis- vereniging	Feestye

Aan die einde van die werkswinkel is die respondente gevra om die kolumme saam te vat en te formuleer hoe hulle wil wees, wat hulle wil doen en wat hulle wil hê. Die resultaat was as volg:

- Hoe ons wil wees: Meelewend en liefdevol
- Wat ons wil doen: Werk en leer saam
- Wat ons wil hê: Respek en bemagtiging

Hierdie formulering van ideale sal later in die uitvoering van projekte weer ter sprake kom.

### 7.5.6 Samevatting: Max-Neef en die basiese vrae oor behoeftes

Na my mening sou Max-Neef soos volg op die basiese vrae oor behoeftes antwoord:

- Is daar basiese behoeftes? Daar is fundamentele behoeftes. Fundamentele behoeftes is dieselfde oor tyd en kultuur heen. Die manier waarop daardie behoeftes geaktualiseer word, verskil tussen persone en kulture. Daardie behoeftes het nie net te doen met fisiologiese oorlewing nie, hoewel fisiologiese oorlewing 'n drempelwaarde is.

- Is daar 'n verskil tussen behoefte en begeerte? Begeerte is die manier hoe 'n mens jou eie behoefte verstaan. Begeerte kan egter gemanipuleer word.
- Is daar 'n hiërargie van behoeftes? Alle behoeftes is interafhanklik. Daar is nie 'n hiërargie van behoeftes nie. Mense besluit self wat vir hulle belangrik is. As enige behoefte op die lang duur nie vervul word nie, lei dit tot patologie. Die fisiologiese behoeftes funksioneer wel as 'n pre-sistemiese drempel.
- Is behoeftes oneindig? Behoeftes is telbaar, min en klasifiseerbaar.

## 7.6 Murray en Pauw se uitbreiding van Max-Neef se teorie

### 7.6.1 Agtergrond

As deel van 'n navorsingsprojek aan die teologiese fakulteit van die universiteit van Pretoria in 2004 het Montagu Murray en ek gewerk aan 'n analitiese instrument waarmee die lewenskwaliteit van 'n arm huishouding geanaliseer kon word. Die doel hiermee was om 'n manier te vind om die effek van intervensies te kan meet wat daarop gerig is om armoede te verlig. Dit moet veral diensbaar wees vir kerklike armoedeverligtingsprojekte. Omdat hierdie hoofdeel handel oor teoretiese werk waarby ekself nou betrokke was, verskil hierdie deel 'n stilisties van die ander deurdat ek die eerste persoon gebruik en deurdat ek 'n uiteensetting van die inhoud van ons teoretiese werk gee deur die kronologie daarvan oor te vertel. Ek wil telkens nie net die resultate aantoon nie, maar ook aandui watter oorwegings tot sekere keuses en formulerings aanleiding gegee het.

Ek en Montagu Murray het ervaring van die aanbieding van Max-Neef se deelnemende werkwinkel en het dit by verskeie geleenthede in stedelike en landelike gebiede as deel van navorsings- of kerklike werk gebruik. Die resultate van een so 'n sessie is weergegee by 7.5.5 op bladsy 277. Die metode van Max-Neef is nie in die eerste plek ingestel op navorsing nie, maar op aktivering van mense om hulle eie situasie op 'n ander manier te verstaan en iets te doen met wat hulle tot hulle beskikking het. Tog het die teoretiese skoonheid van Max-Neef se model en die data wat reeds op hierdie manier

ingesamel is ons meer positief gestem oor hierdie benadering tot menslike behoeftes as tot enige ander een. Dit kon as basis dien vir die analise van die lewens van arm mense en die praktyk van kerklike armoedeverligting. Veral Max-Neef se metodologiese onderskeid tussen behoeftes en vervullers en sy verwerping van 'n hiërargie het hiertoe bygedra.

Daar is in die begin van die navorsingsproses 'n paar kritiese keuses gemaak wat die verdere ontwikkeling van die navorsing en die uiteindelijke uitkoms daarvan bepaal het. Die eerste keuse dat verbetering in *lewenskwaliteit* en nie *lewensstandaard* nie, die doel van die projek sal wees. Tweedens is aanvaar dat lewenskwaliteit verbandhou met die vervulling van fundamentele menslike behoeftes<sup>104</sup>. Derdens is gekies om op die huishouding as 'n eenheid te fokus en nie die geïsoleerde individu of die breëre gemeenskap nie.

Die uitkoms wat ons ten doel gestel het, was gevolglik om 'n analitiese instrument te ontwikkel, gebaseer op 'n teorie oor fundamentele menslike behoeftes waarmee bruikbare inligting oor lewenskwaliteit binne die arm huishouding ingesamel kan word.

Om dit te kon bereik, moes ons 'n fyner analise van behoeftes en van die funksionering van bevredigers binne die huishouding doen. Die proses word aan die hand van hierdie twee stappe hier onder uiteengesit.

## 7.6.2 Analise vanuit die perspektief van behoefte

### 7.6.2.1 Die identifisering van *aspekte van behoeftes*

Die eerste vraag waarmee ons gekonfronteer is, was die vraag watter indeling van behoeftes gebruik moes word. Ervaring het getoon dat enige bevredigers êrens onder een of meer van Max-Neef se lys van nege waardes gesorteer kan word. Om hierdie rede is die lys van Max-Neef as basis behou. Tog het ons gevoel dat ter wille van gedetailleerde analise daar beter binne die nege kategorieë gedifferensieer moes word. Ons het die nege waardes van Max-Neef

---

<sup>104</sup> Ons doen dit in navolging van Max-Neef (1991:16) maar dit volg eintlik ook direk uit die definisies van die begrippe wat hulle gebruik. As dit so is dat nie-vervulling van behoeftes lei tot patologie (deel van Max-Neef se definisie) beteken nie-vervulling van behoeftes meer patologie en dus laer lewenskwaliteit. Die ervaring van 'n gevoel van lewenskwaliteit wanneer baie van 'n persoon se fundamentele behoeftes onbevredig is, beteken óf dat daardie persoon in 'n droomwêreld leef (soos iemand wat op 'n *dwelmtrip* is) of dat die behoeftes waarvan gepraat word nie werklik fundamenteel is nie.

gevat, 'n tiende toegevoeg<sup>105</sup>, en diskrete aspekte van daardie waardes geïdentifiseer met behulp van gesprekke met toepaslike vakspecialiste (byvoorbeeld 'n mediese dokter by die behoefte aan *voortbestaan*). Die resultaat was dat daar by elkeen van van die nege waardes van Max-Neef afsonderlike, na ons menig onafhanklike aspekte, aangedui is wat as basis van fyner analise kon dien. Die inhoud daarvan word in die tabel hier onder weergegee.

Daar moet gelet word dat die indeling nog steeds relatief generies is en dat onder elkeen van die genoemde aspekte daar nog verdere indeling is. So byvoorbeeld kan onder die *Inname*-aspek van *Voortbestaan* alles in 'n lys genoem word wat die mens moet inneem: bv. suurstof, water, soute, proteïene, vette, koolhidrate en vitamine. Volgens die patogeniese benadering tot behoeftes is elkeen van daardie subaspekte 'n behoefte want 'n tekort veroorsaak een of ander vorm van skade, wanfunksionering en selfs dood van die organisme. Die studie van behoeftes op hierdie vlak van detail kan egter net deur die vakspecialis gedoen word. Die doel van hierdie raamwerk 'n om 'n omvattende dog hanteerbare manier te hê om behoefte-bevrediging binne die huishouding te analiseer.

<b>Behoeftes en aspekte van behoeftes in die Murray Pauw model</b>	
<b>Waarde volgens Max-Neef</b>	<b>Onafhanklike aspek van behoefte</b>
<b>Voortbestaan</b>	Intaktheid, Rangskikking, Inname, Uitskeiding, Ontvanklikheid, Aanpasbaarheid
<b>Veiligheid</b>	Beskerming van voortbestaan, Beskerming van psigiese welsyn
<b>Liefde</b>	Genot, Vertroue, Lojaliteit, Respek, Skoonheid, Sinvolheid
<b>Deelname</b>	Gee, Ontvang
<b>Begrip</b>	Persepsie, Kognisie, Emosie, Refleks

<sup>105</sup>Transendensie. Die redes was dat Max-Neef dit self voorstel, dat die geleentheid gee om die teologiese dimensie wat in elk geval onderliggend aan al die ander waardes lê duidelik uit te lig (sien Nürnberger se stelling dat transendente behoeftes die dieptedimensie van immanente behoefte is: 1.4 op bladsy 32) en omdat Montagu Murray hou van getallemagie.

<b>Skepping</b>	Transformasie van materie, Transformasie van simbole, Prokreasie
<b>Rus</b>	Reiniging, Herlading
<b>Identiteit</b>	Fisiese disposisie en voorkoms, Persoonlikheid, Vorige ervaring, Aspirasies
<b>Vryheid</b>	Keuse, Waarde
<b>Transendensie</b>	Bewestiging van lewe, Oorwinning oor sinloosheid

Ek bespreek elke behoefte-waarde en sy aspekte vlugtig

1. **VOORTBESTAAN:** Hierdie behoefte handel oor alles wat met die fisiologiese funksionering van die mens as organisme te doen het. Die organisme moet liggaamlik intakt bly om te kan leef. Nie net moet die liggaam intakt bly nie, die besondere rangskikking van organe en prosesse is ook noodsaaklik. Dit beteken dat organe nie net daar moet wees nie, maar reg moet funksioneer. Inname van 'n groot verskeidenheid stowwe en uitskeiding van afvalstowwe is vanselfsprekende aspekte van die behoefte aan voortbestaan. Die nie-ervulling van die behoefte aan inname meld sigself in pynlike en ongemaklike gewaarwordinge soos asemnood, honger en dors. By tekort aan spesifieke voedingstowwe of die opbou van gifstowwe in die liggaam ontstaan 'n verskeidenheid siektebeelde soos anemie en skeurbuik. Ontvanklikheid en aanpasbaarheid gaan saam. Die liggaam moet in staat wees om op 'n verskeidenheid stimuli uit sy omgewing en uit die verskeie organe van die liggaam self te ontvang en daarop te reageer. Die konsep van homeostase wat reeds by die behandeling van Maslow se siening oor fisiologiese behoeftes by 7.4.3.1 op bladsy 243 aangeraak is, is weer hier ter sprake.
2. **BESKERMING:** Die behoefte aan beskerming funksioneer op 'n effens ander manier as die ander behoeftes. Dit is 'n negatiewe behoefte in die sin dat dit 'n aanduiding is van wat mens nie nodig het nie. Wat 'n mens nie nodig het nie, is dat die vervulling van sy behoeftes onmoontlik gemaak sal word. Op die manier funksioneer beskerming op 'n meta-vlak as die instandhouding van die vervullers vir al die ander behoeftes. Beskerming het ook 'n tydsdimensie. Beskerming beteken dat

'n voortgaande moontlikheid gehandhaaf word dat die ander behoeftes vervul sal word. Om bogenoemde redes onderskei ons die *beskerming van voortbestaan*, dit is die instandhouding van die voorwaardes van die vervulling van fisiologiese funksionering, en die *beskerming van psigiese welsyn* as versamelnaam vir die instandhouding van die voorwaardes van die vervulling van die behoeftes aan liefde, deelname, begrip, skepping, rus, identiteit, vryheid en transendensie. Die bevredigers vir beskerming is dus besonder uiteenlopend omdat hulle die funksionele voorwaardes van die vervullers van die ander behoeftes is.

3. LIEFDE: In die onderskeiding van die aspekte van die behoefte aan liefde het ons ons tot 'n mate laat lei deur die Griekse onderskeid tussen die nuanses van ἀγάπη, ἔρως en φιλέιν. Op een manier is liefde genot, maar dit is ook wedersydse lojaliteit en respek. Liefde behels ook vertrouwe in 'n ander. Die vraag het ontstaan of vertrouwe nie 'n kognitiewe funksie is en daarom eerder by *Begrip* tuishoort nie. Ons het besluit om by die behoefte aan begrip suiwer die soorte van begrip te plaas. Vertroue, geloof en kennis (in die Hebreeuse sin van die woord) is verhoudingsterme wat die verhouding tussen mense of 'n mens en 'n voorwerp uitdruk - dit hoort dus by *Liefde*. Twee aspekte wat verband hou met die waardering van iets of iemand as waardevol op sigself is *skoonheid* en *sinvolheid*. Sinvolheid beteken juis dat iets 'n doel op sigself is.
4. DEELNAME: Deelname het net twee aspekte. Om te *gee* en om te *ontvang*. Ons het eers die sferes waarin mense deelneem probeer onderskei maar toe tot die gevolgtrekking gekom dat die sferes van deelname (soos die gesin, intieme verhoudings, die samelewing, werk, spel en godsdiens) in werklikheid bevredigers is vir die behoefte aan deelname, naamlik betrokkenheid by ander mense. Deelname in al hierdie sferes behels dat 'n mens die geleentheid het om 'n bydrae te maak (dus te *gee*) asook dat 'n mens in daardie verhouding iets deelagtig word (dus iets *ontvang*).
5. BEGRIP: Die behoefte aan begrip het as aspekte die verskillende maniere *modi* van bewussyn. Soos met *Liefde* en anders as *Voortbestaan* is die aspekte van *Begrip* in 'n mate vervleg. Denke (*kognisie*) kan byvoorbeeld nie totaal van *emosies* en waarneming (*persepsie*) losgemaak word nie. Ten spyte van die vervlegtheid staan diskrete aspekte tog uit. *Persepsie* is die term wat ons gekies het as versamelnaam vir



alle vorme van waarneming. Dit hou verband met die funksionering van die sintuie en die interaksie van die sintuie met die ander prosesse soos emosie en kognisie. *Kognisie* dui op bewuste denke. *Emosie* is ook bewus, meer omvattend en volg nie dieselfde struktuur as denke nie. Ons sluit die *Refleks* as manier van bewussyn in omdat dit te make het met die vermoëns wat 'n mens deur die loop van jou lewe aanleer soos om fiets te ry of om kitaar te speel. Hierdie bykans outomatiese maar tog willekeurige handeling is op hulle eie manier 'n vorm van wete.

6. SKEPPING: By die behoefte om te skep onderskei ons drie aspekte. Die eerste twee het te doen met die dinge wat deur 'n mens getransformeer kan word: materie en idees. Ook hierdie twee aspekte staan nie totaal los van mekaar nie. By die transformasie van materie speel denke en simbole 'n deurslaggewende rol in die vorm wat uiteindelik aan iets gegee word. Terselfdertyd het alle simboliese transformasie en of ander materiële basis. Self 'n lied wat gesing word, kry sy vorm net in die transformasie van lug deur 'n menslike stem. *Prokreasie* is die inherente drang tot die verwekking en versorging van kinders.
7. RUS: By die behoefte aan *Rus* onderskei ons *reiniging* en *herlading*<sup>106</sup>. Reiniging handel oor die verwydering van stimuli of die gevolge van stimuli wat negatief of oorlaaiend op die persoon inwerk. *Herlading* behels die opbou van reserwes energie en die herstel van homeostase in fisiese en psigiese prosesse. Daar moet daarop gelet word dat homeostase nie net herstel word deur minder aktiwiteit nie, maar soms ook deur meer. Strawwe oefening is soms 'n vorm van ontspanning. Spel vereis meermale inspanning en fokus. Slaap is een bevrediger waarin albei hierdie aspekte teenwoordig is.
8. IDENTITEIT: Onder identiteit het ons aan die hand van die onderskeidingsliggaam-siel en verlede-toekoms, vier aspekte onderskei. 'n Mens se identiteit berus op jou *Fisiese disposisie en voorkoms* wat verband hou met die fisiese vorm en werking van jou liggaam. *Persoonlikheid* is die min of meer konstante patroon van 'n mens se denke, gevoel en optrede. 'n Mens se identiteit is 'n historiese proses en nie 'n statiese gegewe nie. 'n Mens se *ervarings in die verlede* is een van die bepalende aspekte van 'n mens se identiteit. Terselfdertyd is die verwagting wat

---

<sup>106</sup>n Vertaling van die term *revitalisation*.

iemand van die toekoms het (ons verwys daarna met die term *Aspirasies*) ook bepalend.

9. VRYHEID: 'n Mens gee gestalte aan sy vryheid deur konkrete *keuses*. Die geleenthede tot sulke keuse in die sosiale en fisiese omgewing is bevredigers vir die behoefte aan vryheid. Die ander diskrete maar noodsaaklike aspek van vryheid is *waardes*. Keuse het betekenis wanneer dit in verband staan met iets wat waarde het.
  
10. TRANSENDENSIE: Die insluiting al dan nie van die behoefte tot transendensie het nogal gesprek ontlok. Die een oorweging is dat elke behoefte 'n transendente dimensie het<sup>107</sup> en dat transendensie daarom nie 'n afsonderlike waarde is nie. Daar is egter tog waarde om dit as 'n afsonderlike aspek uit te lig: Dit gee 'n geleentheid om bevredigers wat oënskynlik geen ander funksie vervul nie, soos gebed, te plaas en te analiseer. Daar is reeds by die bespreking van Max-Neef se bydrae daarop gewys dat al die behoeftes in elk geval in interaksie met mekaar is en nie van mekaar losgemaak kan word nie. Soos elke behoefte 'n transendente dimensie het, het dit ook 'n fisiologiese basis. As die inhoud van die behoefte *transendensie* het ons slegs twee aspekte gekies. Die onderskeid tussen vervolmaking en verlossing het hier 'n rol gespeel. Daar is dus 'n positiewe en 'n negatiewe formulering. Nürnberger (1999:7) se onderskeid tussen drie dimensies van transendente behoeftes naamlik 'n gesaghebbende stelsel van betekenis, gesaghebbende bevestiging van 'n mens se reg om te bestaan en jou magte uit te oefen, is ook oorweeg. As sintese van die konsep van vervolmaking en Nürnberger se bevestiging van 'n mens se reg op bestaan en aksie het ons die eerste aspek *bevestiging van lewe* genoem. Dit handel oor die vervolmaking van lewe in die volste sin van die woord: die sinvolheid en duursaamheid van lewe. Die tweede aspek is die teenpool vir die dood en die verydeling waaraan alle lewe nou nog onderworpe is. Ons noem dit *oorwinning oor sinloosheid*.

---

<sup>107</sup>Daar is reeds na Nürnberger se formulering dat *die transendente behoeftes die diepte-dimensie van immanente behoeftes is*, verwys. Verwysing en bespreking by 1.4 op bladsy 32.

### 7.6.3 Analise vanuit die perspektief van bevredigers

Op dieselfde manier as wat ons gepoog het om Max-Neef se indeling van behoeftes te nuanseer het ons ook probeer om 'n nuansering aan Max-Neef se analise van bevredigers aan te bring sodat daar 'n gedetailleerde analise gemaak kan word van die funksionering van sekere bevredigers binne die huishouding en hulle verhouding tot behoeftes.

Die eerste keuse wat ons gemaak het was om 'n onderskeid tussen die mate van generisiteit van 'n sekere bevrediger te maak. Ons wou byvoorbeeld die verband ondersoek tussen die generiese bevrediger *kos* en die konkrete voedsel wat 'n huishouding eet. Ons het ook na 'n manier gesoek om die algemene menswetenskappe en die resultate van ons eie veldwerk en gevallestudies op 'n sinvolle wyse te kan vergelyk. Dit wat in die omgangstaal as *behoefte* bekend staan is in werklikheid generiese bevredigers. So sal mense in die omgangstaal na mense se behoefte aan kos, behuising en klere verwys. *Kos*, *huis* of *klere* is egter nie behoeftes in die sin wat ons dit hier gebruik nie, maar artefakte wat bevrediging fasiliteer. Eintlik is die bevrediger die eet van kos, die bewoning van 'n huis en die dra van klere. Hierdie artefakte en hulle gebruik is egter so algemeen dat gespesialiseerde vakdissiplines, soos argitektuur of voedselwetenskap, rondom elkeen ontstaan het. Ons verwys na sulke bevredigers wat baie algemeen voorkom en wat histories en transkultureel bestudeer word, as generiese bevredigers. Op die manier kan die resultate van die studie van menslike bewoning in die algemeen in verband gebring word met die studie van 'n huishouding se bewoning van 'n informele huis êrens in een van die semi-stedelike gebiede van Suid-Afrika<sup>108</sup>. Terselfdertyd kan die ervaring van die spesifieke geval weer die generiese analise informeer.

Met hierdie basiese onderskeid is 'n raamwerk saamgestel waardeur die verhouding van beide generiese en konkrete vervullers tot die reeks behoeftes en hulle aspekte ge-analiseer kan word. Die leë raamwerk word weergegee as tabel 7.4 op die regterbladsy. Die raamwerk het twee kante: die eerste is die algemeen menslike patroon en die twee die konkrete gebruikspatroon. Natuurlik bestaan net konkrete gebruikspatrone en is die algemeen menslike patroon (en daarmee saam die gedagte van generiese vervullers) afgelei uit die waarneming van konkrete gebruikspatrone oor tyd en tussen kulture. Die konkrete gebruikspatroon is iets wat empiries waargeneem word, self beleef word of eerstehands oorvertel word.

Ek gaan vervolgens voort om kursories die elemente te verduidelik. Daarna

---

<sup>108</sup>Vir 'n meer gedetailleerde analise sien (Holm, Murray, en Pauw 2005).



gaan ek kortliks 'n indikasie gee van die gebruik van die raamwerk sonder om in besonderhede in te gaan en bloot as 'n aanduiding van die soort aanwending waarvoor hierdie raamwerk gebruik kan word.

**Generiese bevrediger** Generiese bevredigers is dié soort bevredigers wat in 'n wye reeks vorme in verskillende kulture en tydvakke voorkom. Sien verduideliking en voorbeelde op bladsy 290. Generiese bevredigers is meermale sinergiese bevredigers<sup>109</sup>.

**Funksie en dimensie van die generiese bevrediger** Die funksie van 'n generiese bevrediger verduidelik die verhouding tussen 'n generiese bevrediger en 'n aspek van 'n bepaalde behoefte of aspekte van behoeftes. So byvoorbeeld hou die generiese bevrediger DRINK onder meer verband met die *inname*-aspek van die behoefte aan lewensonderhoud. Die dimensies van hierdie behoefte hou verband met die wyse waarop die menslike liggaam funksioneer. Dit word deur die mediese wetenskap bestudeer en kan gemeet word deur 'n indikator soos die persentasie water in iemand se bloed. Deur mediese navorsing kan riglyne daargestel word vir hoeveel water 'n persoon in sekere omstandighede behoort te drink. Sulke riglyne kan dan gebruik word om die huidige vervullers mee te beoordeel.

**Funksionele voorwaarde vir die generiese bevrediger** 'n Funksionele voorwaarde vir 'n generiese bevrediger verwys na die voorvereistes wat bevredig moet word vir so 'n bevrediger om behoorlik te kan funksioneer. Om by die voorbeeld te bly: water moet versamel, geberg en gereinig word vir mense om dit te kan gebruik. Dit moet ook bo 'n minimum temperatuur wees om vloeibaar te bly vir inname.

**Huidige gebruikspatroon** 'n Huidige gebruikspatroon is die aksies van 'n spesifieke persoon of persone wat 'n spesifieke aksie uitvoer op 'n spesifieke tyd en plek om 'n spesifieke rede en met spesifieke middele. Huidige bevredigers is al wat bestaan. Die generiese bevredigers is abstraksies daarvan. Hierdie kant van die raamwerk handel oor die werklike, empiriese en spesifiek. Dit is ook hier waar die kerklike barmhartigheidswerk aktief is deurdat die kerk se bediening altyd op iemand spesifiek in spesifieke omstandighede gerig is.

---

<sup>109</sup>Max-Neef se definisie by 7.5.3 op bladsy 274.

**Konkrete bevrediger** 'n Konkrete bevrediger is 'n waarneembare manier waarop iemand in een of meer behoeftes voorsien as 'n geïntegreerde wyse van wees, doen, hê en bevind<sup>110</sup>.

**Funksionele voorwaarde** Net soos die funksionele voorwaarde van generiese bevredigers is die funksionele voorwaarde hier ook die vereistes vir die werking van die bevrediger. Sekere gesindhede, aksies, artefakte, instellings en omstandighede is noodsaaklik vir konkrete bevredigers om te kan funksioneer.

**Dimensie van funksionele voorwaarde** Die dimensie van 'n funksionele voorwaarde is 'n aanduiding van die kriteria of hoeveelhede waaraan voldoen moet word vir 'n gebruikspatroon om te kan funksioneer.

**Funksionele bevrediger** 'n Funksionele bevrediger is 'n enkele produk, aksie of artefak binne 'n gebruikspatroon.

**Afkoop** 'n Afkoop is die ongewenste newe-effek van 'n gebruikspatroon. Dit is dit wat noodwendig uit die gebruikspatroon voortvloei maar wat nie deel van die doel daarvan is nie. Daar is natuurlik positiewe sinergiese effekte ook moontlik.

Hierdie raamwerk verteenwoordig 'n oefening in nuansering van begrippe wat veral deur Max-Neef gebruik word. Die onderskeidinge tussen behoeftes, aspekte van behoeftes, vervullers, funksionele voorwaardes vir vervullers, dimensies van voorwaardes en funksionele vervullers maak dit moontlik om redelik genuanseerd oor menslike behoeftes en hulle vervulling te praat en om huidige gebruikspatrone en toekomstige intervensies te bestudeer. Dit bied ook die moontlikheid om vanuit die ervaring van die konkrete 'n generiese begrip van behoeftes en vervullers op te bou.

Die betekenis van hierdie nuansering vir die sistematiese teologie word by hoofstuk 9 op bladsy 306 bespreek.

---

<sup>110</sup>Sien ook Max-Neef se definisie van bevredigers by 7.5.3 op bladsy 272.

#### 7.6.4 Praktiese aanwending van die analitiese raamwerk

Die raamwerk vind sy praktiese toepassing in die analise van spesifieke gebruikspatrone binne arm huishoudings. Hierdie analise word gedoen om die effek van intervensies te beoordeel wat gerig is op armoedeverligting. Die generiese kant van die raamwerk word aangewend om huidige kennis te gebruik om vrae te genereer wanneer daar ondersoek gedoen word na die impak van 'n spesifieke intervensie wat daarop gerig is om die kwaliteit van lewe van mense te verbeter. Die spesifieke gebruik van die instrumente word nie hier verduidelik nie<sup>111</sup>.

---

<sup>111</sup>Sien daarvoor die verslae van Murray en Pauw asook die artikel van Holm, Murray en Pauw: (Holm *et al.* 2005),(Murray en Pauw 2004b) en (Murray en Pauw 2004a).

## Hoofstuk 8

# 'n Voorbeeld van implisiete behoefte-antropologieë

**Samevatting.** Die geloof oneindige behoeftes vloei nie noodwendig uit die empiriese bevindinge van die ekonomie voort nie. Die verskynsel van dalende grensnut, waaruit die vraagkromme afgelei word, dui juis op behoeftes beperk is. Skaarheid is 'n antropologiese kategorie weens die beperktheid van die mens se tyd en vermoë. Sen se bydrae tot die ontwikkelings-ekonomiese is juis dat hy, teenoor die konvensie van veral die jare sewentig van die vorige eeu, 'n nie-hierargiese beeld van menslike behoeftes het. Vryheid funksioneer by hom as die doel en die middel van ontwikkeling. Vryheid het egter 'n substantiewe basis.

### 8.1 Doel en metode van hierdie hoofstuk

Ek het reeds in die inleiding tot deel twee aangedui wat die bydrae van die ekonomiese wetenskap tot die tema van menslike behoeftes is. Die perspektief van ekonomie is op die middele en op die kollektief. Daarby is daar vele definisies van die ekonomie waar die behoefte-begrip in die formulering 'n sleutelrol speel<sup>1</sup>. Ekonomie gee dus self voor dat hulle vak oor die bevrediging van behoeftes gaan. Dit gaan spesifiek oor die studie van die middele van behoefte-bevrediging: daarom is die behoefte-antropologie by die meeste

---

<sup>1</sup>Sien die lys van definisies in Mohr en Fourie (2001:4).



skole van die ekonomie slegs geïmpliseer. Dit hoort dus binne hierdie hoofstuk.<sup>2</sup>

Ek gaan in hierdie hoofstuk die verband tussen 'n antropologiese begrip, 'n psigologiese begrip en 'n ekonomiese begrip ondersoek. Die drie begrippe is *behoefte*, *begeerte* en *vraag*. Die vraag na wat 'n stelling soos dat die mens oneindige behoeftes het sou on beteken gaan dan ook beantwoord word. Ek gaan die werk van Mohr en Fourie (2001), wat vir die eerstejaarstudente aan die grootste universiteit in Suid-Afrika voorgeskryf word, se uiteensetting van die vraagbegrip en verwante begrippe kommentariseer vanuit die perspektief van menslike behoeftes. Ek vul dit ook aan uit ander bronne. Die vrae wat aan hierdie teks gaan stel is of die stelling dat mense oneindige behoeftes het, te rym is met die manier hoe die vraagbegrip aan die orde gestel word. Ek gaan probeer aantoon wat die antropologiese betekenis van die vraagbegrip en die nutsbegrip is.

Ek gaan een voorbeeld aanbied van 'n invloedryke hantering van die behoeftebegrip in die ekonomie van die vorige eeu. Daarna gaan ek die bydrae van Amartya Sen tot die begrip van menslike behoeftes analiseer. Hy het nie 'n uitgewerkte behoefteleer nie, maar uit sy kritiek teen die liberale benadering tot die ekonomie en spesifiek in sy werk oor die ontwikkelings-ekonomie kom daar perspektiewe na vore wat belangrik is vir die begrip van menslike behoeftes in die algemeen. Ek kies Sen omdat hy 'n besonder gesiene en leidende denker op die gebied is (hy het in 1998 die Nobelprys vir ekonomie gewen).

## 8.2 Die onderskeid tussen behoefte, begeerte en vraag

Die terme *behoefte*, *begeerte* en *vraag* word dikwels in gesprek oor die ekonomie maar ook in die samelewing in die brûeë, uitruilbaar gebruik en met mekaar verwar. Van die drie bogenoemde konsepte is die konsep van behoefte die mees fundamentele. Behoefte is immers per definisie dit wat 'n mens regtig nodig het. Die basiese probleem is dat die ekonomie ongevoelig is vir behoefte. Slegs *vraag* verskyn op die ekonomiese radarskerm. As behoefte

---

<sup>2</sup>Max-Neef is natuurlik 'n uitsondering. As ekonoom het hy 'n besondere bydrae gelewer tot die begrip van menslike behoeftes in die algemeen. Die metodes wat hy aangewend het was egter nie die van sy spesialiteitsgebied nie, maar die breë filosofiese vaardighede waarvoor hy duidelik beskik.

en vraag nie verskil nie, is dit geen probleem nie. Dan sou die ekonomie gewoon behoefte kon waarneem *in die vorm* van vraag. Met ander woorde, vraag is dan 'n aanduiding van behoefte. Vraag is egter 'n aanduiding van begeerte en koopkrag. Begeerte en koopkrag bemiddel dus die verhouding tussen behoefte en vraag. Wat die presiese verhouding tussen hierdie drie begrippe is, gaan in hierdie hoofstuk ondersoek word.

As daar 'n onoorkombare spanning tussen behoefte en vraag is - as vraag dus nie aanduiding van behoefte is nie - ontstaan die vraag of die ekonomie werklik gerig is op die bevrediging van menslike behoeftes. As dit net gedeeltelik so is, word dit 'n etiese vraagstuk omdat die ekonomiese sfeer juis sy dominansie in die samelewing in die algemeen regverdig met verwysing na bevrediging van menslike behoeftes.

### 8.2.1 Vraag

Vraag is begeerte wat kan betaal. Die vraag na 'n produk het nie met die behoefte aan daardie produk te doen nie. Dit het ook nie so veel te doen met hoeveel daardie produk begeer word nie. Die vraagbegrip handel oor wat kopers werklik bereid en in staat is om te betaal vir 'n sekere hoeveelheid van 'n produk. Die vraagkromme bestaan as 'n kromme wat die verhouding tussen die hoeveelheid van 'n produk en die prys daarvan aandui. Die vraagkromme van die meeste produkte het 'n afwaartse helling. Dit beteken dat kopers net bereid is om meer van 'n produk te koop teen 'n laer prys. Dit het niks met die koste van produksie te doen nie, omdat vraag en aanbod onafhanklik van mekaar is. Die dalende vraagkromme hou verband met die dalende nut wat die verbruiker put uit die verbruik van elke opeenvolgende eenheid van 'n spesifieke produk. Die vraagkromme is dus af te lei uit die dalende nutskrommes van verbruikers.

Die begrip van dalende grensnut word hier onder vlugtig verduidelik: Die satisfaksie wat 'n verbruiker uit die verbruik van 'n produk put, bly nie dieselfde by die konsumpsie van elke opeenvolgende eenheid nie. Voorbeelde van dalende grensnut van beide primêr fisiologiese en primêr simboliese verbruik is legio: die sewentiende draairoomys van dag is net nie meer lekker nie. Om vir 'n hele dag die kunsskatte van die Louvre te besigtig raak teen die middag êrens vervelig.

Die gevolg van die daling in grensnut is dat verbruikers nie bereid is om dieselfde prys vir elke opeenvolgende eenheid van 'n produk te betaal nie omdat die satisfaksie wat hulle daaruit put verskil. Die berekening van prys

per eenheid nut<sup>3</sup> lewer die konsep van geweege grensnut op. Met die konsep van geweege grensnut kan die prys van 'n volgende eenheid van 'n produk wat 'n verbruiker bereid sal wees om te betaal, bereken word. Geweege grensnut is die aanduiding van die koste van satisfaksie. Hierdie kromme van prys teen hoeveelheid van 'n produk lewer die vraagkromme van die enkele verbruiker. As al die verbruikers se vraagkrommes bymekaargetel<sup>4</sup> word, lewer dit die vraagkromme van die mark.

Die antropologiese betekenis van dalende grensnut en die vraagkromme is dat mense genoeg van iets kan kry. Dit lyk inderdaad of mense genoeg van bykans enige produk kan kry. Die enkele uitsondering is wat ek noem simboliese verbruik. Wat tog opval is dat hierdie konklusie nie gedeel word deur klassieke ekonome nie. In sy bespreking van die basiese verband tussen nut en moraal by klassieke ekonome soos Adam Smith stel Goudzwaard Goudzwaard (1978:36) dit dat: “De klassieke ekonome... geloofden dat de mate van bevrediging van de mens everedig was met het aantal beschikbare produkten. Hierdie kwessie is belangrik en sal onder die vraag na die betekenis van oneindige behoefte bespreek word<sup>5</sup>.

### 8.2.2 Begeerte

Begeerte is die subjektiewe kant van behoefte. Begeerte is gerig op iets spesifiek as vervuller vir 'n sekere behoefte wat kenbaar is in die gemis daarna in een of ander vorm van pyn of die gevoel van aktiewe gemotiveerdheid om die produk of diens te verbruik.

Die betekenis van begeertes word nie baie in die ekonomie bedink nie, omdat daar aanvaar kan word dat begeerte en behoefte dieselfde is deurdat die enkeling self moet besluit wat hy nodig het. Die ekonomie ontstaan uit die bestuur van hulpbronne. Die makro-ekonomie het sy basis spesifiek in die bestuur van 'n land se hulpbronne. Binne die liberaal-demokratiese denke kan die staat nie namens die enkeling besluit wat goed is vir hom nie en word

---

<sup>3</sup>Wat 'n moeilike meetbare konsep is. Om die rede is daar ekonome wat enige kardinale meting van nut verwerp en net metodes gebruik wat op 'n ordinale skaal gebaseer is. Die resultate van die twee benaderings lewer egter dieselfde resultaat.

<sup>4</sup>Bv. verbruiker A sal 1 eenheid teen  $x$  Rand koop en 2 eenhede teen  $x + (x-n)$  en someer. Verbruiker B en C tot  $n$  sal dieselfde doen met moontlike ander waardes van  $x$ . Die sommering van wat al die verbruikers vir een eenheid sal betaal bepaal die hoeveelheid teenoor een. Dieselfde word gedoen met opeenvolgende hoeveelhede.

<sup>5</sup>Sien 9.3.5 op bladsy 326 en verder.

daar gestreef na 'n staat wat die vryhede van sy burgers om self te kies wat die inhoud van die goeie lewe is, kan waarborg. Die staat waarborg egter sekere basiese regte waaroor daar redelik wye konsensus is oor die wesenlikheid daarvan. Wat daardie regte is en of dit ook positiewe verpligtinge op die staat plaas is 'n debat wat nie hier ontleed kan word nie. Die punt is hier dat die liberale benadering tot die samelewing, waar die vryheid van die enkeling beklemtoon word, die vraag na die verskil tussen begeerte en behoefte tot 'n groot mate uit die openbare gesprek verdaag.

Begeerte anders as behoefte is op iets konkreet gerig. 'n Behoefte kan bly bestaan by afwesigheid van 'n vervuller maar oor die lang termyn met die aanwesigheid van 'n patologie wat die teken is van die afwesigheid van die vervuller. As antropologiese kategorie kan behoeftes nie geskep of vernietig word nie - in elk geval nie binne die leeftyd van 'n enkele mens nie. Begeertes, as 'n gerigtheid op iets spesifiek het altyd 'n konkrete vervuller en 'n konkrete produk of diens as funksionele vervuller in gedagte. Begeertes kan geskep word en word geskep<sup>6</sup>.

Begeerte, omdat dit op iets konkreet gerig is, is 'n voorwaarde vir die bevrediging van enige behoefte<sup>7</sup>. Behoefte is egter die onderliggende antropologiese tekort en potensiaal waarvan die begeerte die konkrete gestalte is. As begeerte die konkrete en huidige gestalte van behoefte is, ontstaan die vraag na die soort korrespondensie wat tussen die twee bestaan. Die passing van vervullers op behoeftes word deur Max-Neef gekategoriseer onder vyf soorte vervullers: vernietigers, pseudo-vervullers, inhiberende vervullers, enkelvoudige vervullers en sinergiese vervullers<sup>8</sup>.

Begeerte is dus 'n noodsaaklike maar nie genoegsame voorwaarde vir die

---

<sup>6</sup>Nürnbergger praat van die sentrum van behoeftes skep wat dan oorspoel na die periferie met meegaande gevolge. Hierdie formulering onderskei nie begeerte en behoefte nie en lyk of dit die gedagte dat behoeftes oneindig is ondersteun, wat sekerlik nie Nürnbergger se bedoeling was nie. Sien bespreking by 1.3.2.2 op bladsy 25, veral nommer 6.

<sup>7</sup>Barth se formulering is: "begeerte maak die wil moontlik en die wil maak die begeerte aktief." Sien my bespreking van die konsepte begeerte en wil in Barth (1948) op bladsy 126. Dit vertoon besondere ooreenkomste met Max-Neef se konsep van 'n bevrediger as wyse van *wees* en *doen*. Sien 7.5.3 op bladsy 272. Ook Murray en Pauw se analise van 'n konkrete bevrediger as geïntegreerde manier van wees, doen het en bevind, waar iemand iets om 'n sekere rede doen, staan hiermee in verband. Sien die bespreking van Murray en Pauw se gebruik van die term *konkrete vervuller* op bladsy 293. In Max-Neef se analise is 'n manier van wees onderliggend aan die bevrediging van enige behoefte. Op daardie manier is begeerte, as wyse van *wees*, die voorwaarde vir die wil wat 'n wyse van *doen* is.

<sup>8</sup>Bespreking op bladsy 273.

bevrediging van behoeftes nie. 'n Mens kan dus nie positief wees oor behoeftes en negatief staan teenoor begeertes nie. Daar is egter nog 'n antropologiese voorwaarde<sup>9</sup> vir die bevrediging van behoeftes waaraan daar nog nie aandag in hierdie uiteensetting gegee is nie, maar wat van groot belang is om die verhouding tussen behoefte, begeerte n vraag reg te verstaan. Daardie aspek is vaardigheid<sup>10</sup>.

As konkreet behoefte vervul word as geïntegreerde manier van *wees*, *doen*, *hê* en *bevind* dan beïnvloed nie net die kwaliteit van die *hê*<sup>11</sup> en die *bevind*<sup>12</sup> nie, maar ook die kwaliteit van *wees*<sup>13</sup> en *doen* die uiteindelijke vervulling van behoeftes. Alle soorte vervulling, van fisiologiese prosesse tot estetiese belewenisse is afhanklik van die vermoë van 'n persoon. Daardie vermoë verskil na gelang van die aktiwiteit wat verrig word ter vervulling van die behoefte: dit mag wees om kos te kou of om 'n skildery te verstaan en waardeer. Die vermoë van 'n persoon om 'n funksionele vervuller te gebruik stel 'n soort plafon-waarde vir die kwaliteit van vervulling. Meermale oorskry die potensiaal van die funksionele vervuller die vermoë van die gebruiker. Byvoorbeeld: om rooiwyn te waardeer is 'n vermoë wat 'n mens aanleer. Nie almal kan die smaak en neus van wyne eers onderskei nie. 'n Leek wat wyn betref het dus nie werklik die vermoë om 'n sekere gehalte wyn te onderskei of te geniet nie. Net so word die fisiologiese effek van voedsel-inname bepaal deur die vermoë van 'n persoon om kos te verteer. Die moontlikheid bestaan, en kom moontlik algemeen voor, dat die kwaliteit van die vervulling van behoeftes nie gekortwiek word deur 'n tekort aan middele - dus aan funksionele vervullers - nie, maar deur die tekort aan vermoë aan die kant van die gebruikers. Ek is nie bewus dat hierdie soort tekort en skaarsheid 'n sentrale tema in die ekonomie is nie.

---

<sup>9</sup>In die konteks van die ekonomie is koopkrag 'n ander voorwaarde. Daar is natuurlik ook nog nie-antropologiese voorwaardes buiten koopkrag. Die middele (funksionele vervullers) het ook hulle eie voorwaardes en effektiwiteite. 'n Funksionele vervuller het 'n sekere effektiwiteit wat ook 'n faktor is by die kwaliteit van die uiteindelijke vervulling van die behoeftes.

<sup>10</sup>Die is nie presies dieselfde as Sen se begrip van *capability* nie, maar is daaraan verwant.

<sup>11</sup>Die is die sosiale omgewing waarbinne die behoefte bevredig word.

<sup>12</sup>Die is die tyd en ruimte waarbinne die behoefte bevredig word.

<sup>13</sup>So byvoorbeeld hang die kwaliteit van die bevrediging van die behoefte aan begrip deur middel van die lees van 'n boek af van die leser se eie kennis, belangstelling en denkvermoë (kwaliteite van *wees*) asook sy vermoë om die teks te lees en verstaan (kwaliteit van *doen*). Die inhoud van die boek, as fasiliteerder van die proses waardeur die behoefte aan begrip geaktualiseer word, is 'n ander voorwaarde.

Sou daar meetbare eenhede wees, sou die bevrediging van 'n gegewe stel behoeftes dus bereken kon word deur die effektiwiteit (fasiliteringsvermoë) van die begeerde goedere te vermenigvuldig met die effektiwiteit van die persoon se gebruik (vermoë tot aktualisering).

Dit volg dus dat waar behoeftes onvervuld is by verbruik van 'n sekere produk of diens beteken dit dat óf die produk 'n lae inherente effektiwiteit het, óf die verbruiker se vermoë laag tot gebruik laag is.

### 8.2.3 Behoefte

Waar begeerte 'n subjektiewe kategorie is, is behoefte 'n antropologiese kategorie. Die natuur van die mens en dit wat hy nodig het staan in 'n baie duidelike verband met mekaar. In die ekonomie in die breë kom behoeftes nie aan die orde maar wel begeerte as die subjektiewe konkretisering van behoefte. Ekonomie gaan nie oor behoeftes nie maar oor middele en begeertes. Die tema van behoeftes het egter tog in die jare sewentig van die vorige eeu eksplisiet aan die order gekom in die ontwikkelingseconomie, en wel in die vorm van die *basiese behoefte benadering*.

#### 8.2.3.1 Die 'basiese behoefte' benadering

In die ekonomie is die begrip *behoefte* in die ontwikkelings-ekonomie vanaf die jare sewentig van die vorige eeu op 'n baie spesifieke manier verstaan. Na die onafhanklikwording van die meerderheid van Afrika-lande in die sestigs van die vorige eeu is gehoop dat Afrika ook sou ontwikkel soos Europa na die implimentering van die Marshall-plan. Teen 1969 het dit geblyk dat groei in BBP nie 'n verandering gemaak het in die voorkoms van massa-armoede nie. Vanaf 1970 ontstaan 'n nuwe paradigma in die geledere van die wêreldbank en ander internasionale ontwikkelings-organisasies. Dit word ingelei deur die sogenaamde *Columbia Declaration* wat uitgevaardig is deur 'n groep belangrike ekonome in reaksie op 'n verslag oor internasionale ontwikkeling wat gebrog is deur die Wêreldbank (Rostow 1990:379).

Die basiese behoefte benadering was 'n poging om bevredigers te identifiseer wat werklik noodsaaklik is en die ontwikkeling van arm lande so te stuur dat die groei in die eerste plek in terme van daardie bevredigers gemeet kan word. Volgens hierdie benadering is behoeftes die minimum kos en skuiling wat vir oorlewing nodig is. Dit kan fisiologies gedefinieer word<sup>14</sup>. Die basiese

<sup>14</sup>Daar is wye konsensus dat daar fisiologiese voorwaardes vir menslike lewe is. Hierdie

behoefte benadering is gebaseer op 'n implisiete hiërargie van behoeftes hoewel dit nie literêr afhanklik is van die literatuur in die psigologie oor dieselfde tema nie<sup>15</sup>.

Die projek van die basiese behoefte bandering tot ontwikkeling het nie daarin geslaag om massa-armoede uit te wis nie. Dit was deels as gevolg van die gebrek aan steun wat dit gekry het, en deels as gevolg van die inherente tekortkominge waarop Sen later sou wys. Ek bespreek Sen se bydrae by 8.2.3.2 op die regterbladsy.

Sommige denkers onderskei behoefte en begeerte (needs and wants) as dit wat 'n mens werklik nodig het en dit wat 'n mens wil hê<sup>16</sup>. Die onderskeid is gebore uit die waarneming dat mense soms onkundig of selfvernietigend optree. Die een wat vir 'n ander kan sê of sy begeerte 'n *need* of 'n *want* is, het uit die aard van die saak een of ander vorm van gesag nodig.

Beide die basiese behoefte benadering en die onderskeid tussen '*needs*' en '*wants*' staan los van 'n persoon se eie subjektiewe belewenis van sy behoefte. By basiese behoeftes kom dit glad nie ter sprake nie en by die onderskeid tussen '*needs*' en '*wants*' word dit geweeg aan een of ander eksterne kriterium en soms te lig bevind.

Die oplossing wat die basiese behoefte benadering tot die probleem vind is om die voorwaardes as behoeftes te definieer en alles anders as begeerte of nie-basiese behoefte. Dit is 'n interessante geval van die skeiding van liggaam en gees. Die mensbeeld wat 'n suiwer basiese behoefte benadering veronderstel is dat die mens 'n dier is. Dit is natuurlik onder andere waar.

Die praktyk van voorsiening in basiese behoeftes, soos byvoorbeeld in internasionale hulpverlening aan vlugtelingen, toon gou aan dat daar ander behoeftes is wat ook 'basies' is, soos waardigheid. Programme word dan *ad hoc* aangepas om die nuwe 'basiese' behoeftes in te sluit. So verweer die praktyk die basiese behoefte benadering wanneer daar ontdek word dat ander behoeftes as fisiologiese behoeftes 'basies' is. Hierdie behoeftes is nie

---

voorwaardes dui egter nie op 'n hiërargie van behoeftes nie. Dit beteken slegs dat daar parameters is waarbinne menslike lewe moontlik is.

<sup>15</sup>Ek kon net een direkte verwysing na Maslow se hiërargie van behoeftes in die literatuur oor *basiese behoeftes* raakloop. Dit is 'n sylangse verwysing na 'die' hiërargie van behoeftes en Maslow se werk daaroor by Paul Streeten (1981) in die slot van sy *First things first*. Sy verwysing na 'die' hiërargie van behoeftes is 'n aanduiding dat hy dit as gegewe aanvaar en dat hy aanvaar dat sy leser sy mening deel. Hierdie werk van Streeten is deur niemand anders as Walt Rostow, die *guru* van ekonomiese groei-teorie, as 'n 'professionele pro-basiese behoefte' studie bestempel.

<sup>16</sup>So byvoorbeeld Gough (1994:29).

objektief meetbaar soos in die geval van basiese behoeftes nie. Die sterkte van hierdie benadering was juis in die meetbaarheid geleë.

### 8.2.3.2 Sen bydrae tot die ontwikkelings-ekonomie

Amartya Sen se bydrae tot die ontwikkelings-ekonomie kan moeilik oorskakel word. Hy was een van die span kenners wat verantwoordelik was vir die sogenaamde *Human Development Index* in die Verenigde Volke se Menslike Ontwikkelings Program. Binne die huidige gesprek is sy denke geweldig invloedryk. Sen het ook besonder baie gepubliseer. Sy mees gelese boek, wat die resultate van sy werk oor etlike jare heen weergee is bes moontlik *Development as freedom* (Sen 1999b). Hierin neem hy die trajek wat deur die basiese behoefte benadering ingelei is na die volgende stap. Die basiese behoefte benadering het wegbeweeg van 'n suiwer fokus op ekonomiese indikatore en die bevrediging van menslike behoeftes direk probeer meet. Hierdie behoeftes was dan van 'n sekere soort, naamlik dié waaraan 'n aanduibare tekort kan bestaan. Ek het aangetoon dat die basiese behoefte benadering wel 'n verbreding ondergaan het, soos blyk uit die werk van Streeten (Streeten 1984:30). Tog het daar nog iets van 'n behoefte-hiërargie is die basiese behoefte benadering geskuil.

Sen maak die wete, wat mettergaan by die praktiseerders van die basiese behoefte benadering ontwikkel het, dat die sogenaamde hoër behoeftes ook basies is tot sy basiese uitgangspunt. Vir hom is die vryheid van die persoon nie net die mees basiese doel van ontwikkeling nie, maar ook die mees basiese middel. Sen bewys hierdies stelling met onder andere die volgende bevindinge: Na 'n uitvoerige studie van hongersnood vind Sen dat daar nog nooit 'n hongersnood in 'n werkende demokrasie was nie. Hongersnood vind plaas in kolonies en in diktature. Net so is die beste manier om die bevolkingsontploffing te keer ook nie geforseerde sterilisasie of 'n een-kind-beleid nie, maar onderwys, regte en geleenthede vir vroue. Algemene basiese onderrig is 'n vereiste vir volgehoue ekonomiese ontwikkeling. Onderwys, spesifiek aan dogters, is die grootste faktor in die afname van kindersterftes. Sen se punt is dat waar mense die vermoë het, hulle self sorg dat hulle lewensomstandighede verbeter. Daardie vermoë is 'n kombinasie van persoonlike vermoë, regte en geleenthede.

Sen glo egter nie aan nominale vryheid soos byvoorbeeld gewaarborg deur die Amerikaanse grondwet nie. Hy glo dat vryheid substantief ondersteun moet word. Sen wys daarop dat swart Amerikaners se lewensverwachting laer



is as mense in Sri Lanka en 'n rits baie armer lande. Sen skyf dit toe aan 'n stelsel van mediese dienste wat arm mense uitsluit. Swart Amerikaners is nominaal vry maar nie substantief vry nie. Substantiewe vryheid beteken dat 'n mens die substantiewe basis moet hê wat nodig is om dié dinge na te jaag wat 'n mens rede het om aan waarde te heg.

Vir Sen is die dinge wat mense met rede waardeer nie uitsluitlik op die maksimering van persoonlike gebruik gerig nie. In die eerste hoofstuk van sy werk oor ekonomie en etiek, *On ethics and economics* (Sen 1987) kritiseer Sen die tipe ekonomiese teorieë wat die mense as 'n rasionele gierigaard sien. Sy kritiek is tweeledig: werklike mense jaag nie net hulle eie belang na nie, en selfsug is in elk geval 'n belaglike kriterium vir redelikheid.

Sen het nie 'n uitgewerkte behoefte-beskouing nie, maar 'n maak sekere implisiete veronderstellinge. Die belangrikste is dat vryheid om waardevolle doele na te jaag die belangrikste behoefte en dus die sterkste motivering is. Om hierdie rede is vryheid ook 'n vervuller<sup>17</sup>. Sen werk dus met die teenoorgestelde van Maslow se behoefte-hiërargie. Sen glo egter nie in 'n gnostiese vryheid nie. Vryheid het 'n substantiewe basis. Hy is nie net geïntereesd of iemand wettig toegang tot 'n sekere geleentheid het nie, maar ook of dit substantief haalbaar is. Sen wil die vermoë van mense om waardevolle doele na te jaag waarborg en substantief ondersteun. Geleedheid is nie net iets formeel nie. So byvoorbeeld is die vraag nie net of 'n sekere persoon formeel toegang het tot byvoorbeeld 'n skool nie, maar of sy dit werklik kan bywoon (Sen 1999a:4).

Die sogenaamde hoër behoeftes is by Sen primêr, maar hy maak volle erns met die baserende funksie van die fisiologiese behoeftes en die funksionele vereistes van 'n spesifieke gemeenskap. Elke gebruikspatroon het sy eie funksionele vereistes. Daar is verskille tussen gemeenskappe in die vereistes wat nagekom moet word vir 'n persoon om sonder skaamte in die openbaar te verskyn. 'n Stel klere waarmee 'n persoon in die openbaar kan verskyn is byvoorbeeld so 'n substantiewe vereiste vir vryheid (Sen 1999a:1). 'n Persoon sonder basiese onderwys kan ook nie werklik in die gemeenskap deelneem

---

<sup>17</sup>Vryheid is vir Sen die doel en middel van ontwikkeling. As middel tot die vervulling van ander behoeftes is vryheid 'n vervuller. Sen maak belangrike konsepsuele onderskeidings soos tussen *well being* en *advantage*. *Well being* verwys na die staat van 'n persoon. *Advantage* verwys na die werklike geleenthede waaroor 'n persoon beskik (Sen 1999a:4). Net so onderskei hy ook tussen 'n persoon se *functioning* en *entitlements*. Eersgenoemde is die persoon se vermoë om iets te doen, laasgenoemde is die besit van middele. 'n Persoon se vryheid bestaan uit die produk van sy vermoëns en middele (Sen 1999a:9).

nie. Basiese menseregte is natuurlik ook 'n vereiste, maar dit word gewoonlik omskryf as dinge wat nie aan 'n persoon gedoen mag word nie. Sulke regte is besonder waardevol. Sen wys juis daarop dat daar buiten hierdie negatiewe regte ook positiewe (substantiewe) vereistes is vir vryheid. Sen sien dus raak dat binne 'n sekere gemeenskap daar funksionele vervullers is (bv. 'n stel klere) wat, binne die konkrete gebruikspatroon van daardie kultuur, 'n vereiste is vir 'n fundamentele behoefte soos deelname.

## Hoofstuk 9

# Gevolgtrekking van deel 1 en 2

**Samevatting.** Die inhoud van die eerste twee dele van hierdie studieword hier gebruik om samevattend die betekenis van die behoefte-begrip vir die Christelike geloof aan te toon. Die Christelike geloof glo dat die mens God nodig het as sy diepste tekort en sy hoogste potensiaal. God is die grond en die doel van die mens. Die verhouding tot die medemens funksioneer as die medium waarbinne alle behoeftes bestaan. So het mense mekaar fundamenteel nodig om hulleself te kan wees. Die immanente behoeftes is begrond en gerig op dit wat dit oorskry. Die mens se liggaam is sy materiële basis en die voorwaarde vir sy bestaan. In die sekulêre antropologie sedert die begin van die twintigste eeu het daar 'n sekere beweging weg van die fokus op die dierlike plaasgevind. Waardes is al hoe meer gebruik om die inhoud van behoeftes mee uit te druk. Daar word ook al hoe skerper onderskei tussen behoeftes en vervullers. Hierdie fokus op die simboliese en die voorlopige maak dit makliker om die teologiese interpretasie van behoeftes, soos dit in hierdie hoofstuk gemaak is, met sekulêre behoefte-teorieë in gesprek te laat tree.

### 9.1 Inhoud en werkswyse van hierdie hoofstuk

Die kritiese taak van die dogmatiek is om te vra na die waarheid van die geloof. Dit beteken in die eerste plek konsekwentheid met die basis van die geloof. In die tweede plek beteken dit konsekwentheid met ervaring.

Hierdie studie het tot hier volgens hierdie skema verloop. In die eerste deel is gevra wat die implikasies van die Christelike geloof<sup>1</sup> vir 'n leer oor menslike behoeftes is. Die woord *implikasie* beteken juis die gevolg van 'n sekere stelling of redenasie wanneer dit konsekwent deurgevoer word. Die tweede deel van hierdie studie kom die apologetiese funksie van die dogmatiek aan die beurt. Ek het in hierdie deel invloedryke beskouinge oor menslike behoeftes uit die 20ste eeu ondersoek. Die doel is tweeledig: Om die inhoud daarvan krities vanuit die eerste deel te ontleed, en om te soek na die kritiese vrae wat hierdie beskouinge oor menslike behoeftes aan die sistematiese teologie stel. Hierdie proses van wedersydse kritiek is die taak van hierdie hoofstuk.

Hier word die resultate van deel een in gesprek met die bevindinge van die studies oor menslike behoeftes geëvalueer. Waar die wetenskap sy empiriese grense oorskry en 'n wêreldbeeld word onder die pretensie dat dit nie een is nie, beteken die kritiese funksie van die dogmatiek dat dit ook uitgewys moet word. Die sistematiese teologie kan ook egter deur bevindinge van die empiriese wetenskap gekorrigeer word<sup>2</sup>.

Ek bied in hierdie hoofstuk 'n gevolgtrekking vanuit die resultate van die eerste twee dele. Dit neem ten eerste die vorm aan van 'n gevolgtrekking vanuit die resultate van elke deel. In die gevolgtrekking gaan ek nie die samevatting herhaal wat aan die begin van elke hoofstuk gegee word nie. Ek gaan op 'n nog hoër vlak van algemeenheid met die stof probeer werk. Ek bied die gevolgtrekking van die inhoud van deel een aan as 'n poging

---

<sup>1</sup>Natuurlik is die uiteensetting van die inhoud van die geloof nie dié Christelike geloof nie, maar my verwoording daarvan. Ek glo egter dat my interpretasie van die inhoud tog inpas binne 'n breë konsensus binne die Christelike geloof en spesifiek die gereformeerde tradisie.

<sup>2</sup>Die leser kan amper vooraf voorspel dat die sistematies-teologiese uiteensetting van menslike behoeftes wat ek in die eerste deel uitgewerk het, as wanner uit hierdie interaksie gaan uittree. Die rede is omdat die sistematies-teologiese uiteensetting in deel een my eie interpretasie is, wat afgelei is van my eie uiteensetting van die inhoud van die geloof. Ek het dit immers so geformuleer omdat ek dink dat dit waar is. Sien in die verband Pauw (1999). Montagu Murray se formulering is dat 'n persoon wat nie 'n waarheidsaanspraak het nie, ook nie 'n bydrae het om te lewer nie (persoonlike mededeling). Die kritiese vraag kan dan geopper word of 'n vergelyking nie 'n triomfantalistiese oefening in selfregverdiging is nie. Dit hoef nie te wees nie. Om teenoor 'n teenargument die redes aan te voer waarom 'n mens n sekere mening huldig is ook 'n kritiese aktiwiteit. Verder gaan ek aantoon watter verskillende vertrekpunte daar tussen die Christelike (m.a.w. my Christelike) behoefteleer en die van die sekulêre geleerdes bestaan. Heyns en Jonker het gesê dat die apologetiek die punt moet aantoon waar 'n geloofskeuse gemaak word (Heyns en Jonker 1974:296). Ek hoop om dit te kan doen.

om 'n basiese struktuur van 'n Christelike behoefteleer daar te stel. Die gevolgtrekking van die tweede deel gee ek in die vorm van 'n analise van ontwikkelings binne die vakwetenskappe wat ek bespreek het<sup>3</sup>.

---

<sup>3</sup>Die werkswyse is gebaseer op die aanname dat die wetenskap 'n historiese en kumulatiewe proses is. As kumulatiewe proses sluit dit natuurlik nie spronge en doodlope uit nie. Ook sluit dit nie sosiale prosesse uit nie. Sien Hans Küng se voorwoord in *Paradigm change in theology : a symposium for the future* (Küng en Tracy 1989).

## 9.2 Die basiese struktuur van 'n Christelike behoefteleer

### 9.2.1 'n Mens het God nodig as grond en doel van ons bestaan

Die Christelike geloof veronderstal dat 'n mens God nodig het. Die manier waarop 'n mens God nodig het wil ek op grond van die resultate van deel een soos volg formuleer:

Die mens het God nodig omdat God die grond haar bestaan is en ook die doel van haar bestaan. Op hierdie manier is die mens geheel van God afhanklik as haar enigste werklike behoefte: die mens se diepste tekort en hoogste potensiaal is God.

Die leer oor die skepping van die mens deur God, en God se voorsienigheid vir sy skepping, is die basis van die formulering dat God die grond van ons bestaan is. Tillich se formulering van God as grond van die syn<sup>4</sup>, Barth se formulering van God as die mens se enigste behoefte<sup>5</sup> en Nürnberger se konsep van *basiese behoeftes*<sup>6</sup> verwoord hierdie aspek op 'n besondere manier.

Die Christelike geloof glo dat die mens 'n doel het. Daardie doel is vir die mens om God te ken en in verhouding met hom te bestaan. So 'n lewe saam met *die Lewe* self vereis natuurlik onbeperkte tyd<sup>7</sup>, vandaar die hoop op ewige lewe met God. Wat die inhoud van die lewe met God is, kan aangedui word met die term *liefde*. Liefde is nie iets wat in 'n minimum hoeveelheid benodig word nie, maar juis iets wat op die kwalitatief oneindige bevestiging en ontplooiing van iemand anders se bestaan gerig is. Die Christelike geloof is gerig op die volheid van lewe. Die mens se primêre behoefte is hierdie volheid van lewe. Die inhoud van daardie volheid is lewe in liefde met God binne die skepping van God. Vir die Christelike geloof is hierdie lewe in liefde met God binne die vervolmaakte skepping die mens se hoogste potensiaal.

---

<sup>4</sup>Bespreking by 2.3.1 op bladsy 44.

<sup>5</sup>Sien bespreking vanaf bladsy 126 maar veral vanaf bladsy 128.

<sup>6</sup>Let daarop dat Nürnberger die term anders gebruik as wat die ontwikkelingsindustrie die term vanaf 1969 gebruik. Nürnberger gebruik *basies* in die sin van dit wat iets voorafgaan en dit moontlik maak. Bespreking van Nürnberger se taksonomie van behoeftes by 1.4 op bladsy 32.

<sup>7</sup>Vergelyk my bespreking van Barth se behandeling van die mens se tyd vanaf 4.1.7.5 op bladsy 112 en verder.

Barth se formulering dat die skepping die eksterne basis van die verbond is en die verbond die interne basis van die skepping<sup>8</sup> kan ook in terme van hierdie onderskeid tussen *grond* en *doel* geparafraseer word: “Die skepping is die grond van die verbond en die verbond is die doel van die skepping.”

Wat by Barth se behandeling sterk na vore tree, is dat die verhouding tussen God, mens en skepping ’n historiese proses is. Die mens kan nie in die historiese loop van sy lewe sy doel bereik nie. Dit is *de facto* onmoontlik weens die akkumulering van mislukkinge aan die kant van die enkele mens maar ook van die mensdom in geheel. Dit is ook *in beginsel* onmoontlik omdat die mens nie die vermoë tot onbeperkte lewe het nie - die basis vir die bereiking van die mens se doel is dus ongenoegsaam. Hierin kom die twee mees fundamentele tekorte in die menslike lewe duidelik na vore: die tekort aan herstel van ons historiese geakkumuleerde vervreemding van God en dus verdeling van ons doel, en die tekort aan voldoende grond vir die realisering van ons potensiaal. Tradisioneel heet hierdie sake *skuld* en *sterflikheid*. Vir hierdie tekorte het die mens geen hoop buite God nie: dit is die inhoud van die Christelike verlossingsleer.

God se herstel van mense vind as ’n historiese proses plaas. Christene glo dat die helende krag van God deur die Heilige Gees kollektief in hulle lewe werksaam is. Die gelowiges beleef dit konkreet as die vermoë tot lewe in geloof, hoop en liefde. Tog ontbreek die basis vir die volle ontplooiing van die mens in ’n lewe met God steeds. Die Christelike hoop is daarop gerig dat God self hierdie tekort sal aanvul deur die mens en inderdaad die hele skepping te vernuwe. Beide tekort en ontplooiing kenmerk dus die lewe van die gelowige.

### 9.2.2 ’n Mens het jou medemens nodig - die mens is dus die beeld van God

In die vorige paragraaf het ons God aangedui as die grond en doel van die mens en as sy diepste tekort en hoogste potensiaal. So ’n formulering beklemtoon die transendensie van God op ’n sekere manier. Die mens se daaglikse belewenis van tekort en potensiaal is egter op die medemens en die skepping gerig. Die teoloë wat in hierdie studie behandel is naamlik Barth, Pannenberg en Nürnberger die mens se behoefte aan God *via* die immanente behoeftes duidelik word. By Barth is alles wat ons nodig het die werk van God se

---

<sup>8</sup>Sien 4.1.5.1 op bladsy 102 vir die konteks binne Barth (1948).

## 9.2. DIE BASIESE STRUKTUUR VAN 'N CHR. BEHOEFTELEER 311

hande. By Nürnberger het die immanente behoeftes 'n dieptedimensie. By Pannenberg is God die veronderstelling van die menslike eksentrisiteit en sy identiteit<sup>9</sup>.

'n Christelike behoefteleer moet die verhouding tussen die behoefte aan God en die behoefte aan die medemens duidelik maak.

Ek formuleer die manier waarop 'n mens 'n behoefte het aan jou medemens soos volg:

Geen menslike behoefte word beleef en verwesenlik buite die medium van die medemenslike nie. Die mens leef sy lewe in wetersydse afhanklikheid met sy medemens. 'n Mens ontvang die basis van jou biologiese lewe, jou persoonlikheid en die middele wat jy gebruik van ander. Terselfdertyd bring die meeste mense lewe voort, vorm hulle ander se persoonlikhede en dra hulle deur die vele vorme van arbeid by tot die daarstelling van middele vir gebruik deur ander. 'n Mens word jouself in die proses van wetersydse gee en neem wat tussen mense afspeel. Hierdie proses van wording word deur die dood afgesny maar mense hunker na 'n voortgang daarvan. Die mens se behoefte is nie net in die immanente begrond en daarop gerig nie, maar dit het sy begronding en rigpunt in God<sup>10</sup>.

Ek verduidelik die inhoud van hierdie formulering kortliks. Elke mens se oorsprong is sy ouers. Op hierdie manier ontvang 'n mens jouself fisiek van ander. Die prosesse waardeur 'n mens se identiteit ontwikkel vind ook in verhouding met ander plaas<sup>11</sup>. Selfs 'n mens se verhouding met die materie en natuur word bemiddel deur taal en denke wat 'n mens met ander deel. Die mens handel ook aktief met dit wat hy ontvang het en gee weer aan ander.

---

<sup>9</sup>Bespreking en verwysings by 1.4 op bladsy 32; 4.1.8.5 op bladsy 127 en verder, asook 4.2.5 op bladsy 163 en verder.

<sup>10</sup>Die basis van Pannenberg se argument is dat die breedste horison, die sinvolheid van alles wat bestaan, dus God, die veronderstelling en oriëntasiepunt van die menslike kultuur, samelewing, persoon en organisme is. Sien 4.2.4.2 op bladsy 155. Barth se formulering is dat die mens georiënteer is op dit waarvoor hy bestem is, en dat die medemenslikheid die inhoud van die beeld van God is. Sien 4.1.5.3 op bladsy 103 asook 4.1.8.4 op bladsy 124 en 4.1.8.4 op bladsy 125. Nürnberger sien die transendente behoeftes as die dieptedimensie van die immanente behoeftes. Sien hieroor die bespreking by 1.4 op bladsy 32.

<sup>11</sup>Sien die bespreking van Pannenberg se behandeling van die tema by 4.2.3.1 op bladsy 142 asook die kort uiteensetting van die gedagtes van Freud en Erikson oor die ontwikkeling van die kind by 7.2.1.3 op bladsy 227 en 7.2.1.4 op bladsy 232.



Die Christelike geloof bevestig met die gedagte van 'n individuele oordeel dat die mens 'n verantwoordelike subjek is. Terselfdertyd is dit waarvoor 'n mens verantwoordelik gehou word die verhouding met jou medemens. Daar is geen sprake binne die Christelike geloof van 'n ideaal om los te kom van die medemens nie. Die medemens is immers ook die medium waardeur 'n mens God beleef.

Deur sy lewe en in sy arbeid beywer die mens hom vir waardes soos kennis, skoonheid, duursaamheid, harmonie en ander kwaliteite. Die menslike gemeenskap gee aan hierdie kwaliteite konkrete vorm in sy arbeid en lewe maar die vorm bly onvolmaak en voorlopig. In die kwalitatiewe sin sou 'n mens moontlik van die mens se oneindige behoefte kan praat as daarmee bedoel word dat die kwaliteite wat die mens najaag nie uitgeput word deur die vormgewing daaraan nie<sup>12</sup>. Eintlik sou die Christelike geloof sê dat 'n mens nie oneindige behoeftes het nie, maar behoefte aan die Oneindige. Dit is hoe dit vestaan word deur die teoloë wie se werk in hierdie studie ondersoek is. Die najaag van hierdie waardes beteken dat hulle bestaan of die moontlikheid daarvan reeds veronderstel word. Stoker (1993:48) haal Tillich aan wat sê dat hy wat 'n vraag vra, reeds 'n idee van die antwoord het. Dit is wat ek bedoel dat die mens se immanente waardes transendent begrond word.

Die mens se oriëntasie is nie op die sogenaamde laer behoeftes nie<sup>13</sup>. Die bevrediging van hierdie behoeftes is belangrik in sigself maar veral as middele wat die mens in staat stel om haar potensiaal, in die vorm van die gestaltegewing aan hoër waardes, na te jaag. Sorokin se empiriese navorsing het aangetoon hoe hardnekkig mense hulle identiteit, soos byvoorbeeld vergestalt in gedeelde morele waardes, te midde van die haglikste omstandighede bewaar<sup>14</sup>. Die Christelike geloof hou vol dat die mens nie van brood alleen leef nie, maar uiteindelik leef vir God. Tog beleef mens alles transendent deur 'n immanente medium wat 'n materiële basis het. Mens beleef eintlik alles deur die medemens, nie net die biologiese lewe nie, ook nie net die vorming van mens se persoon nie, ook nie net die lewensmiddele van elke dag nie, maar ook denke, taal en verbeelding geskied net in terme van taal en simbole en strukture wat tussen mense gedeel word.

Die mens se direkte tekort en potensiaal word aangevul en uitgeleef in

<sup>12</sup>Ricoeur verwys byvoorbeeld na die oorfloed van betekenis in simbole.

<sup>13</sup>Dit is die bydrae van Maslow dat hy, veral later in sy loopbaan, hierdie punt op 'n besondere manier beklemtoon en uitgebou het. Die populêre interpretasie van sy bydrae beklemtoon egter steeds sy konsep van 'n behoefte-hiërargie.

<sup>14</sup>Sien die bespreking oor die werk van Sorokin op bladsy 244.

9.2. DIE BASIESE STRUKTUUR VAN 'N CHR. BEHOEFTELEER 313

die verhouding tot die medemens. Hierdie tekort en potensiaal het volgens die Christelike geloof egter 'n transendente begroning en duiding. As immanente medium van die behoefte aan die transendente is die mens vir sy medemens die beeld van God.

### 9.2.3 Die mens het die skepping nodig as die basis van sy lewe

As God die grond van ons bestaan is, en die medemens die medium daarvan, is die skepping die basis daarvan. Ons hele bestaan is materieel. Die bevrediging van al ons behoeftes, insluitende dié wat deur denke en verbeelding bevredig word, het 'n materiële basis. Ruimte, tyd en materie is dimensies van alle bevredigers. Die kerk het hom in die eerste eeue verset teen die gnostiek wat 'n ander waardering van die materie gehad het as dié waarvoor die kerk, op grond van sy wortels, gekies het. In deel een van hierdie studie het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die leer oor God as skepper beteken dat die Christen nie negatief oordeel oor die materie, die materiële aard van die mens se bestaan of die behoefte aan materiële dinge nie.

Ek formuleer my gevolgtrekking as volg:

Die Christen glo in die goeie skepping van die goeie God. Hierdie skepping is die basis van ons lewe en die horison waarbinne ons lewe afspeel. Die spesifieke aard, samestelling en dimensies van ons liggaam bepaal die beperkinge waaraan ons onderworpe is en die aard van ons tekorte en potensiaal. Die middele binne die skepping waardeur die mens sy lewe onderhou en sy potensiaal verwesenlik, is nie onbeperk nie, en daar is selfs soms, met of sonder die mens se toedoen, akute tekorte in hierdie middele. Ons lewe in die skepping kan nie volgehou word nie, sodat daar 'n punt kom waar geen middele meer ons lewe kan red nie. Hierdie fundamentele tekort aan die moontlikheid tot voortgaande lewe rig ons op God van wie alle lewe afkomstig is in totale afhanklikheid van Hom. Ons hoop op Hom nie net vir die vernuwning van ons lewens nie, maar vir die vernuwning van die hele skepping.

Tekort is deel van ons lewe omdat ons liggaamlik bestaan. Selfs al word in alle tekorte voorsien, is die dood onvermydelik deel van ons lewe<sup>15</sup>. Die skepping

---

<sup>15</sup>Die manier hoe Barth hierdie vraagstuk hanteer, is by 4.1.7.5 op bladsy 112 bespreek.

soos ons dit nou ken, is die basis vir ons lewe - 'n lewe waarin ons ook iets van God weet deur die bemiddeling van ons medemens en die wêreld - maar dit is ook die basis van ons beperktheid. Die Christelike geloof sien in God die gewer van lewe ook die een wat by magte is om die basis 'n voortgaande lewe met Hom, wat ons as die mens se hoogste potensiaal uitgedruk het, te voorsien.

### 9.3 Die teologiese betekenis van enkele belangrike ontwikkelinge in die psigologiese en ekonomiese mensbeeld in die 20ste eeu

Hierdie seksie poog om die veranderinge wat deur die loop van die 20ste eeu veral in die psigologiese beskouing van menslike behoeftes plaasgevind het, teologies te interpreteer. Daardie mensbeeld het ook in 'n sekere soort ekonomiese denke neerslag gevind. Onmiddelik moet ek byvoeg dat die ondersoekveld nouer is as dié psigologie. Ek ondersoek in werklikheid net een trajek van verandering in die psigologie<sup>16</sup>: Die wending wat Maslow se beskouing van behoeftes ten aansien van sy voorgangers in die dieptepsigologie en gedragspsigologie teweeg gebring het, en die betekenis van die geweldige populariteit van sekere aspekte van sy teorie.

Ten opsigte van die ekonomiese mensbeeld bespreek ek die vraag of mens oneindige behoeftes het en wat so 'n formulering sou kon beteken.

#### 9.3.1 Die beweging van die onbewuste en refleksmatige na bewussyn

Aan die begin van die 20ste eeu het daar aan beide kante van die Atlantiese Oseaan twee gesofistikeerde dissiplines ontstaan, gerugsteun deur onderskeidelik terapeutiese en eksperimentele sukses, wat die primaat van die bewuste in die mens se daaglikse doen en later radikaal in twyfel getrek het. Die gedragspsigologie (Europees of Amerikaans) en die dieptepsigologie se verdere ooreenkoms is dat albei die menslike psige biologies verklaar: Freud was 'n

<sup>16</sup>Vir die analise van 'n ander trajek, vergelyk Jan-Hendrik van die Berg se werk oor die verhouding van psigologie tot teologiese antropologie (van den Berg 1969b). Van den Berg dui hier die ooreenkomste tussen die personale wending in die psigologie en in die teologiese antropologie aan.

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 315

dokter en Pavlov 'n fisioloog<sup>17</sup>. Hulle deel dan ook 'n baie spesifieke waardering van wat 'n biologiese verklaring van menslike gedrag inhou. Dit hou in dat die sogenaamde hoër menslike funksies nie selfstandig bestaan nie. Met sy konsep van sublimasie kan Freud gedrag wat oënskynlik op morele waardes gebaseer is tot basiese drange herlei. Die gedragspsigologie het alle verwysings na denke of enige ander intra-psigiese prosesse afgewys. Alles wat na hoër menslike funksies lyk, is bloot aangeleerde gedrag wat versterk is deur assosiasie met stimuli wat drangspanning, geskep deur fisiologiese prosesse, verlig. Skinner probeer 'n taalteorie ontwerp waarby begrip geen rol speel nie. Albei skole sien menslike behoeftes as dierlike behoeftes<sup>18</sup>.

Maslow was nie die enigste psigoloog wat in hierdie denke opgelei is en dit later verwerp het nie. Maslow ontwikkel egter 'n nuwe teorie van menslike behoeftes en om daardie rede is sy werk vir hierdie studie belangrik. Van verdere belang is die populêre aanhang wat sy behoefte-hiërargie geniet<sup>19</sup>. Maslow sien die hoër menslike behoeftes ook as instinktief en herlei dit nie na fisiologiese tekorte nie. Dit opsigself was 'n deurbraak. Later in sy loopbaan beskryf hy sekere waardes, wat hy metamotiveerders noem. Dit is waardes soos waarheid en skoonheid wat 'n doel opsigself is. Maslow het probeer aantoon dat ook die strewe na hierdie metamotiveerdes iets natuurlik by die mens is. As een van die belangrike inisieerders van die beweging weg van die beskouing van behoeftes as drange en fisiologiese tekorte het Maslow 'n belangrike bydrae gelewer. Sy konsep van 'n hiërargie verteenwoordig egter nog reste van hierdie soort denke. In die behandeling hiervan het ek probeer aandui dat Maslow se konsep van 'n hiërargie van behoeftes formeel en empiries onhoudbaar is. Ongelukkig is dit die deel van sy denke wat

---

<sup>17</sup>Sien ook die bespreking van die ooreenkomste tussen die twee denkrigtings onder ses punte van ooreenkoms by 7.3 op bladsy 234 asook die dele oor elke skool afsonderlik by 7.1 op bladsy 214 en 7.2 op bladsy 223.

<sup>18</sup>Dit is besonder interessant dat Skinner se proefdier van voorkeur die duif was. In terme van breinanatomie is die voël nader aan die reptiele as aan die soogdiere (McClelland 1987:116). Hoe nader die proefdier aan die mens kom in terme van die bou en werking van hulle breine, hoe meer word fenomene waargeneem wat “menslik” is. Maslow het byvoorbeeld 'n studie gedoen oor sekere emosies by honde en nuuskierigheid en moontlike leergierigheid by primate waargeneem. Selfs in die keuse van sy proefdier kies Skinner teen die menslike. Dit is belangrik vir sy projek om 'n dier met 'n byna reptiliese brein te gebruik om menslike fenomene, soos geloof, na die heel basiese dierlike (en dan nie eers soogdierlike nie) te kan herlei.

<sup>19</sup>'n Internetsoektog op [www.google.com](http://www.google.com) onder die trefwoorde “Maslow” en “hierarchy of needs” lewer meer as 400 000 bladsye op. (25/09/2005)

populêre byval gevind het.

Die Christelike beskouing van behoeftes is nie 'n gnostiese behoeftebeskouing nie. Dit gaan nie uit van die verwydering van die liggaam van die siel nie. Verlossing is ook nie die bevryding van die siel uit die liggaam nie. As sodanig is 'n biologiese studie van die mens en sy behoeftes dus nie vir die Christelike geloof 'n probleem nie. 'n Mensbeeld wat sekere aspekte van die mens ignoreer en as objek van studie diskwalifiseer, versteek egter 'n ideologiese kern binne sy wetenskaplike vorm<sup>20</sup>. Die dieptepsigologiese en gedragpsigologiese mensbeeld is te onderskei van die wetenskaplike en terapeutiese benaderings tot die studie van die mens. Die basiese aksioma van hierdie genoemde mensbeelde is dat die mens nie van die dier te onderskei is nie. Die geloof in God kan dan niks ander wees as projeksie of aangeleerde bygeloof nie. Maslow se bydrae was dat hy aangetoon het dat hierdie mensbeeld glad nie met die ervaringe en waarneming van werklike mense te rym is nie.

'n Beskouing van menslike behoeftes wat waardes soos waarheid, skoonheid en liefde as iets beskou wat nie sekondêr tot die mens is nie, toon ooreenkomste met die teologiese antropologieë wat in hierdie studie ondersoek is. Barth se formulering dat die mens georiënteer is op dit waarvoor hy bestem is, beteken dat die inherente oriëntasie van die mens op waardes soos waarheid, skoonheid, liefde en kreatiwiteit te verwagte is. Ook Pannenberg volg die konsentriese uitkringing van die menswetenskappe en vind dat die mens streef en gebaseer is op die breedste horison van betekenis.

Daar bestaan by die gereformeerde teologie in die algemeen en ook by die teoloë wat in die loop van hierdie studie aan die orde gekom het, 'n huiwering om menslike behoeftes as 'n bron van kennis oor God te gebruik. Barth wil nie 'n teologie uit die menslike natuur aflei nie, self nie eers al sê hy dat mense georiënteer in op dit waarvoor hulle bestem in nie. Op dieselfde manier wil Tillich nie die mens se behoefte aan sin as bron van kennis oor God gebruik nie.

Maslow se teorie oor *B-values* of metamotivering of die instinktiewe aard van die hoër behoeftes lei nog glad nie direk na 'n apologie vir die Christelike mensbeeld en nog minder vir die Christelike Godsbeeld nie. Die *geestelike* natuur van die mens wat na vore kom in mistieke ervarings en soortgelyke verskynsels hou nie vir hom noodwendig met een of ander inhoud van die

---

<sup>20</sup>Maslow se hiërargie word aanvaar sonder dat hy eers poog om dit te bewys deur eksperimente (soos die behavioriste), gevallestudies (soos die psigoanalitici), historiese voorbeelde (soos Sorokin) of enige ander ou of nuwe metode.

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 317

ervaring of geloof verband nie. Vanaf Maslow is geloof nie meer 'n illusie (dus 'n vorm van patologie) nie, maar iets positiefs, solank mens nie een of ander spesifieke inhoud daarvan verabsoluteer nie. By die Christelike geloof gaan dit nie oor die geloof van die mens nie, maar in die God waarin hy glo. Hierdie verskil tussen Maslow en 'n teologiese beskouing van behoeftes is fundamenteel.

In Maslow het die Christelike teologie dus 'n bondgenoot en 'n teenstander. Hy is 'n bondgenoot teen die beeld van die mens as dier. Terselfdertyd het hy 'n baie spesifieke waardering van die psigies gesonde mens<sup>21</sup> en die mistieke ervaring wat die Christelike fokus op die praat van naasteliefde en die belang van die inhoud van geloof ondermyn. Dit is egter sy hiërargie van behoeftes wat populêr geword het. Waar die Christelike geloof glo dat mens nie net van brood alleen leef nie, glo Maslow dat in mens in die eerste plek van brood leef. By die Christelike geloof is die fisiologiese behoeftes die voorwaarde van lewe terwyl dit by Maslow die basis is.

Tog is die populariteit van die hiërargie van Maslow 'n uitdaging aan die Christelike antropologie om 'n ander manier te vind om die verhouding tussen behoeftes en spesifiek hulle onderlinge afhanklikheid van mekaar aan te dui. Maslow se oplossing was 'n lineêre hiërargie wat op die mees logiese plek begin: die fisiologiese funksionering van die organisme op die kort termyn en daarna op die langer termyn (veiligheid). Natuurlik kan 'n mens geen ander behoeftes hê as hy nie meer leef nie. Op daardie manier is die fisiologiese behoeftes basies. Die onderskeid tussen behoeftes en bevredigers asook 'n nadere ondersoek van die patogeniese definisie van behoeftes sal 'n meer bevredigende antwoord op hierdie vraag bied. Dit word by 9.3.4 op bladsy 320 bespreek.

### 9.3.2 Die beweging vanaf 'n fisiologiese begrip van behoeftes na 'n simboliese uitdrukking van die inhoud van behoeftes

'n Ander verandering het gedurende die loop van die twintigste eeu in die sekulêre behoefte-beskouing aangespeel. Hierdie beweging was die verandering van die fisiologiese definisie van behoeftes na die simboliese definisie. Erikson, Maslow en Max-Neef het hierin 'n beduidende rol gespeel. Hierdie ontwikkeling het in 'n mate binne die psigoanalitiese skool plaasgevind. Die

---

<sup>21</sup>Sien 7.4.4.6 op bladsy 265.

gedragspsigologie staan heeltemaal buite hierdie beweging maar het deur die loop van die eeu sy dominante posisie verloor. Max-Neef het behoeftes as waardes binne die toepassingsveld van die ekonomie ingebring.

Die beweging is baie duidelik by vergelyking van Freud en Erikson se teorieë oor die ontwikkeling van die kind. Erikson bou op Freud se werk maar maak belangrike aanpassings. Dit kom daarop neer dat Freud die ontwikkeling van die kind in terme van drange (deeldrange omdat hulle later verenig word in die volwasse seksualiteit) en in terme van die organiese basis van daardie drange sien. Die benamings vir die verskillende ontwikkelingsfasies is dan ook telkens een of ander orgaan. By Erikson nuanseer hy die inhoud maar sy groot verandering is dat hy die fasies nie in terme van organe en drange beskryf nie, maar in terme van take. Die inhoud van die taak is om die regte balans in die oplossing van twee, meestal polêr waardes te vind<sup>22</sup>. Erikson vind dus dat analise in terme van drange en organe nie die inhoud van menslike ontwikkeling kan omvat nie. Die simboliese is 'n meer gepaste medium om dit wat die mens word mee uit te druk.

Ook Maslow druk die hoër vlakke van sy hiërargie in terme van waardes uit. Later in sy loopbaan ontwikkel hy sy teorie van *B-values* en sy *psychology of being* waarin dit juis gaan oor waardes wat inherent waarde het en motiveerders op sigself is. McClelland, na wie vlugtig op bladsy 265 verwys is, se inhoud-gebaseerde teorie oor motivering vind in die Westerse kultuur drie motiverende waardes: mag, affiliasie en prestasie. Ook hy druk dit wat mense motiveer uit in terme van waardes. Daar moet bygevoeg word dat McClelland dit doen na 'n ondersoek na die psigoanalise en behaviorisme se meer organiese motiveringsteorieë<sup>23</sup>.

Dit was egter Manfred Max-Neef wat in sy taksonomie van behoeftes die prinsipiële besluit geneem het om behoeftes in terme van waardes uit te druk. Dit stel hom in staat om behoeftes te sien as state wat mense najaag. Hy kan dus maklik die betekenis van behoefte as motivering in sy skema beklemtoon. Hy laat daarmee ook die ruimte om die onderskeid tussen behoefte en vervuller wyd genoeg te maak om werklik alternatiewe wyses van vervulling te kan bedink. Die gebruik van 'n waarde teenoor 'n drang of fisiologiese proses maak dit ook moontlik om nuwe motiverings te ontdek of nuut ontdekte fisiologiese voorwaardes te inkorporeer. Die behoefte aan *voortbestaan* beteken dat die mens alles nodig het en wil hê wat haar liggaam

---

<sup>22</sup>Sien die tabel op bladsy 233.

<sup>23</sup>Sien (McClelland 1987:hoofstuk 1).

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 319

laat funksioneer - wat dit ook al is. Max-Neef wou dit spesifiek moontlik maak om behoeftes te ontdek waarvoor daar geen bevredigers bestaan nie. Juis hiervoor het 'n lys van waardes teenoor 'n lys van eksistensiële kategorieë 'n besondere heuristiese nut. Die uitbreidings van Pauw en Murray<sup>24</sup> het getoon dat 'n stel waardes soos die wat Max-Neef voorstel as basis kan dien vir gedetailleerde analitiese prosedures.

Dit is ook makliker om die dieptedimensie (om Nürnberger (1994:7) se gebruik van Tillich se term na te volg) van behoeftes te ontdek as dit in terme van waardes uitgedruk word. Terselfdertyd kan daar behoeftes geïdentifiseer word waarvoor daar geen immanente bevredigers bestaan nie. Weereens kan die voorbeeld van *voortbestaan* gebruik word: Die mens se behoefte aan *voortbestaan* hou aan selfs by ontbreking van die bevredigers daarvoor en ook as die fisiologiese drange wat dit onderhou, byvoorbeeld honger, ophou. Dit is makliker om in die behoefte aan *voortbestaan* die transendente dimensie van ewige lewe raak te sien as in 'n fisiologiese formulering soos *die hongerdrang*. Op 'n stadium hou mens op om honger te wees. Selfs die wil tot lewe hou op. Die waarde *voortbestaan* mag op daardie punt moontlik net voortbestaan as 'n verlange, selfs al is dit 'n hopelose verlange of 'n gelate heimwee na die lewe<sup>25</sup>.

### 9.3.3 Die metodologiese onderskeid tussen behoeftes en vervullers

Hoewel baie denkers al met wisselende grade van nuansering na die onderskeid tussen behoeftes en vervullers verwys het, was dit juis die gebruik van waardes as die inhoud van behoeftes wat dit moontlik gemaak het om metodologies tussen behoeftes en vervullers te onderskei. Waar behoeftes by Max-Neef simbolies is omdat dit in terme van waardes uitgedruk word, is bevredigers eksistensiël. Dit hou verband met die manier waarop 'n mens bestaan: As liggaam in tyd en ruimte en as aktiewe willende persoon binne 'n gemeenskap. Die artefakte en instellings wat mense gebruik, is fasiliteerders van die aktualisering van behoeftes en nie die vervullers daarvan self nie.

---

<sup>24</sup>Sien 7.6.2.1 op bladsy 284.

<sup>25</sup>Ter ondersteuning kan ek aanvoer dat Erikson die laaste fase van 'n mens se lewe sien as getipeer deur die spanning tussen integriteit en wanhoop. Die vraag hier is of die lewe wat 'n mens geleef het sin gehad het. As lewe minder word, word die vraag na die waarde daarvan meer akuut. Dit dui aan dat lewe selfs vir die sterwende mens 'n waarde is.



Na Max-Neef kan 'n mens nie meer praat van iemand se behoefte aan byvoorbeeld 'n huis nie<sup>26</sup>. Die onderskeid tussen behoefte, vervuller en artefakte stel 'n mens juis in staat om te analiseer op watter manier en met watter effektiwiteit die artefak *huis* al die behoeftes bevredig. Hierdie analise kan 'n mens in staat stel om alternatiewe vir 'n sekere gebruikspatroon te ondersoek. Op so manier kan stereotipe denke en konvensies deurbreek word. Dit kan nuwe perspektiewe op armoede en rykdom open. Pauw en Murray (Murray en Pauw 2004b) se ontwikkeling van 'n instrument vir die analise van lewenskwaliteit is 'n poging om hierdie onderskeid prakties en teoreties in kerklike barmhartigheidswerk aan te wend. Die onderskeidings tussen vervullers en hulle voorwaardes, asook die bepaling van hulle dimensies maak dit moontlik om 'n gebruikspatroon in detail te ondersoek sonder om doele en middele met mekaar te verwar.

Die onderskeid tussen behoefte en vervuller het egter nie net konsepsuele en praktiese voordele nie, dit het ook 'n sekere dieptedimensie wat deur die teologie belig kan word. As behoeftes waardes of simbole is waarna die mens streef wat tot 'n mate onafhanklik is van die beskikbare artefakte en selfs moontlik van die vermoë van die mens, is die mens radikaal op die toekoms georiënteer. Die mens is dan in wese georiënteer op dit wat hom te bowe gaan en wat moontlik vir hom voorlê. Die dimensie van die toekoms en die transendente in onoorkomelik teenwoordig in die verband tussen simboliese behoeftes en eksistensiële vervullers. Die vervullers kan nie die behoeftes uitput nie. Op die manier het die mens in die kwalitatiewe sin oneindige behoeftes.

In die volgende twee paragrawe behandel ek twee temas wat by herhaling al voorgekom het. Ek behandel dit in die vorm van twee vrae en poog om samevattend antwoorde daarop te verskaf.

### 9.3.4 Bestaan daar 'n hiërargie van behoeftes?

Self die minder oplettende leser sal teen hierdie tyd al weet dat ek dit teen 'n hiërargie van behoeftes het. Die empiriese gegewens ter ondersteuning ontbreek. Die getuienis daarteen, soos die werk van Sorokin (1943:81) is indrukwekkend. Ek het reeds Maslow se teorie van die pre-potensie van

---

<sup>26</sup>Sien in die verband ook (Holm *et al.* 2005).

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 321

behoefte gekritiseer<sup>27</sup>. Wat oorbly, is om 'n alternatiewe formulering daar te stel wat aan die kritiek wat gelewer is, sal ontkom.

Ek wil aan die hand doen dat die onderskeid tussen behoeftes en bevredigers asook 'n nadere ondersoek van die patogeniese definisie van behoeftes, 'n meer bevredigende antwoord op hierdie vraag sal bied.

Selfs Maslow het geweet dat 'n konkrete vervuller meer as een behoefte aanspreek. So byvoorbeeld verwys hy na die eet van kos wat ook 'n ander funksies het behalwe voeding (Maslow 1987:16). Max-Neef brei hierdie onderskeid tot 'n hoeksteen van sy teorie uit. Hierdie onderskeid beteken dat benewens daardie soort van vervullers wat Max-Neef *enkel vervullers* noem<sup>28</sup>, bykans alle vervullers op meer as een behoefte gerig is. Dit geld veral vir die vervullers wat in alle kulture voorkom en dus generies gesien kan word byvoorbeeld familie, taal, spel, eet, drink, bewoon en werk. Om behoeftes by wyse van 'n hiërargie te kategoriseer terwyl vervullers vir daardie behoeftes 'n breë spektrum van behoeftes gelyk aanspreek, laat die probleem dat die teoretikus sou moes besluit op watter enkele behoefte 'n vervuller eintlik gerig is. In die geval van voeding sou die teoretikus moes aanvoer dat die eet van voedsel eintlik gerig is op die fisiologiese en dat die sosiale en persoonlike funksies daarvan bloot 'n soort byvoordeel is. Dit mag moontlik in die geval van voeding in 'n mate oortuig, maar as familie of huis of kommunikasie ter sprake is, begin die onderskeidinge vaag word. Die navolg van hierdie metode sal uiteindelik lei na 'n arbitrêre toedeling deur die teoretikus wat geforseer sal wees om aan die aard van die mees algemene vervullers 'n geweldige verenging aan te bring<sup>29</sup>.

As die sinergiese aard van vervullers, veral van goeie vervullers, 'n teenaanduiding vir 'n hiërargie van behoeftes is, bestaan die vraag na waarvan dit 'n positiewe aanduiding is. Die antwoord wat ek voorstel, is dat dit daarop dui dat behoeftes interafhanklik is en dat die netwerk eerder as die leer die gepaste metafoor vir die onderlinge verhoudinge van behoeftes is.

Die patogeniese definisie van behoeftes dui op dieselfde resultaat. Die

---

<sup>27</sup>Sien die bespreking van Maslow vanaf 7.4 op bladsy 237, maar veral 7.4.3.1 op bladsy 243 en 7.4.4 op bladsy 257.

<sup>28</sup>Hy is ook nie werklik ten gunste van die vermeerdering van hierdie soort vervullers nie. Sien 7.5.3 op bladsy 272 en verder.

<sup>29</sup>Die behaviorisme was 'n voorbeeld van so 'n oefening in konsepsuele verenging. Skinner het byvoorbeeld gepoog om 'n teorie van taal sonder die konsep van denke of begrip of intensie daar te stel. Hy kon wel so 'n teorie die lig laat sien, maar een wat gekenmerk is deur geforseerdheid en kunsmatigheid. (Chomsky 1971; Skinner 1957)

patogeniese definisie beteken eenvoudig dat 'n behoefte iets is wat by kroniese nie-vervulling een of ander patologie tot gevolg het<sup>30</sup>. As die patogeniese definisie van behoeftes gevolg word, is ook die hoër behoeftes basies omdat nie-vervulling van hierdie behoeftes ook tot patologie lei. Ek neem die interaksie tussen die mees voor-die-hand-liggende patologie, naamlik sterfte, en die kognitiewe behoeftes as voorbeeld om hier 'n punt mee te maak. 'n Tekort aan die bevrediging van die fisiologiese behoeftes lei, as dit kronies genoeg is, na die dood. Die mens kan moontlik vir enkele minute sonder asem, enkele dae sonder water en tientalle dae sonder kos leef voor die dood intree. Die manier hoe mense egter die vervullers vir hierdie behoeftes kry, is deur denke, sosialisering en dus kommunikasie. 'n Mens sou dus ook kon redeneer dat omdat die mens geen ware instink het nie, hy ook sal sterf by gebrek aan denke. Onnoselheid het sonder twyfel al vele lewens geëis. Op dieselfde manier oorleef die mens in die mate wat hy dit wel doen omdat hy 'n sosiale lewensvorm het. Dood is dus 'n patologie wat by gebrek aan water en voeding, maar ook by gebrek aan denke en sosialisering kan voorkom. Die omgekeerde is ook waar: By gebrek aan voeding word denke ook belemmer (Sorokin 1975:65 en verder).

Die behoefte aan voortbestaan is 'n basiese vereiste vir die vervulling van die ander behoeftes, maar daardie behoeftes is dit ook vir die behoefte aan voortbestaan. By kroniese afwesigheid van ervaring dat die lewe sin het, beëindig mense self hulle lewe of stel hulle hulself deur blote roekeloosheid in gevaar. Waarop ek afstuur is dit: alle behoeftes se skadukant is een of ander vorm van patologie, wat, as dit kronies genoeg is, die hele organisme laat disintegreer. Die gevolge en dimensies van elke soort patologie verskil van mekaar. Die *dodelike dosis* van die patologieë verskil. Net soos bevredigers staan patologieë meermale in verband met meer as een behoefte. Die gevolg is dieselfde as by die argument vanuit die onderskeid tussen behoefte en bevrediger wat vanaf bladsy 321 ontwikkel is: behoeftes is 'n netwerk en nie

---

<sup>30</sup>Daar mag natuurlik meningsverskil bestaan oor wat presies patologie is. Waar dit die geval is, is dit 'n aanduiding van 'n dieperliggende inkomensurabiliteit wat beteken dat konsensus oor behoeftes ook onmoontlik sal wees. Alderfer stel twee voorwaardes vir iets om as behoefte geklassifiseer te word: Die moet noodsaaklik en basies (nie aangeleer) wees. Die patogeniese definisie sluit aan by Alderfer se gedagte van noodsaaklikheid. "We have two kinds of arguments for each need category. First, some degree of need satisfaction is necessary for survival and nonpathological functioning of the human organism. Second, there must be evidence that the needs conceptualized by the theory are basic to the human organism independent of learning (Alderfer 1977:661).

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 323

'n hiërargie nie.

Die netwerk van behoeftes bestaan nie uit komponente wat eenders is nie. Elke behoefte het sy eie karakter. Ek gaan nie hier 'n taksonomie gee wat die verband uitwerk tussen byvoorbeeld elkeen van die nege waardes wat Max-Neef voorstel nie<sup>31</sup>. Wanneer die aard van die waardes in ag geneem word<sup>32</sup> kan die breedste indeling gemaak word as behoeftes van sin en behoeftes van syn<sup>33</sup>.

Sin en syn is wedersyds afhanklik van mekaar. Die bestaansbehoefte is die basis van al die ander behoeftes omdat die mens liggaamlik bestaan. Die behoeftes aan sin integreer die organisme tot 'n persoon. As persoon voed en versorg 'n mens homself. Barth se formulering van die mens as siel van sy liggaam kom hier ter sprake<sup>34</sup>. In terme van behoeftes formuleer ek die interaksie tussen die fisiologiese en die simboliese behoeftes, dus die behoeftes aan syn en sin, as volg:

*Alles van die mens het 'n organiese basis maar dit word deur die simboliese geïntegreer. Beide die bevrediging van liggaamlike en die simboliese behoeftes word deur die verhouding tot die medemens bemiddel.*

Binne hierdie breë kategorisering van behoeftes is daar dus twee funksies van die behoeftes teenoor mekaar; die baserende en die integrerende. Die meer tradisionele manier om die baserende en die integrerende aspekte van die mens met mekaar in verband te bring, is deur die konsepte van liggaam en siel. Die vraag ontstaan nou of 'n teologiese-antropologiese formulering van

---

<sup>31</sup>Daar is 45 kombinasies.

<sup>32</sup>Sien die bespreking by bladsy 283 en verder, veral vanaf bladsy 286.

<sup>33</sup>Die presidentsraad van die RSA se verslag oor indikatore om welstand te meet gaan ook uit van 'n benadering gebaseer op 'n analise van menslike behoeftes (met gebruikmaking van Max-Neef) en deel hulle werk in in *oorlewing* en *uitlewing*. (Die presidentsraad van die RSA 1993). Gough en Doyal doen min of meer dieselfde met sy onderskeid tussen voortbestaan en outonomie as basiese behoeftes. Sien (Doyal en Gough 1991:56 en verder) en (Gough 1994). Clayton Alderfer onderskei drie soorte behoeftes: *Existence, Relatedness, Growth* (Alderfer 1977). My onderskeid stem meer ooreen met die eerste twee asook met die onderskeid van die mens as siel en liggaam of Tillich se onderskeid tussen syn en sin. Die medemenslike is die medium waarin die bevrediging van behoeftes aan beide bestaan en sin plaasvind.

<sup>34</sup>Sien die bespreking by 4.1.6 op bladsy 105. Barth se beskrywing van die heersende funksie van die siel is wat ek met *integrasie* bedoel. Die sin-behoeftes maak die mens tot persoon, dus tot die vorm van sy liggaam.

hierdie verhouding ook kan lei tot 'n formulering oor die onderlinge verband tussen die breedste kategorieë van behoeftes.

Ek het by 4.1.6 op bladsy 105 en verder Barth se behandeling van hierdie vraagstuk bespreek. Ek gaan daardie bespreking kortliks herbesoek om vas te stel of die teologiese denke oor die liggaam-siel verhouding op behoeftes toepasbaar is.

Barth se opsommende formulering van die verhouding tussen liggaam en siel lui:

Deur die Gees van God is die mens die subjek, die vorm en die lewe van 'n stoflike organisme, die siel van sy liggaam, geheel en tegelyk: in onophefbare verskeidenheid, onskeibare eenheid, in onvernietigbare orde.

Ek gee 'n *midrash*-agtige kommentaar op die formulering van Barth as voorbeeld waardeur die verband tussen behoeftes vanuit teologiese-antropologiese denke oor die liggaam-siel verhouding belig kan word. Ek gaan telkens verwys na teoloë wat in hierdie studie bespreek is asook na my eie formulering in hierdie studie.

*Deur die Gees van God...* Die gedagte dat God die basis en doel van ons bestaan is, is een van my sentrale gevolgtrekkings<sup>35</sup>. Dit is ook die gevolg waartoe Pannenberg aan die einde van sy fundamenteel-teologiese antropologie kom<sup>36</sup>. By Tillich is God ook die grond van sin. Die Christelike skeppingsleer en verlosingsleer maak eintlik geen ander gevolgtrekking moontlik nie.

*...is die mens die subjek, die vorm en die lewe van 'n stoflike organisme...* Die terme *subjek*, *vorm* en *lewe* dui aan wat ek met die gedagte van integrasie probeer uitdruk. Daardie eenheid is die integrasie van 'n subjek as 'n liggaam. Weer eens vind ek my eie gevolgtrekking baie naby aan dié van Barth. As die stoflike liggaam die basis is, soos ek betoog, is die term *vorm* uiters gepas om die integrerende funksie van die siel (by Barth) of die simboliese behoeftes (my formulering hierbo) uit te druk. Die stoflike liggaam het nie sy eie *vorm*, in die sin wat Barth dit hier gebruik nie. Pannenberg dui hierdie aspek aan met die begrip *wêreldopenheid* van die mens<sup>37</sup>.

<sup>35</sup>Sien 9.2.1 op bladsy 309.

<sup>36</sup>Sien die bespreking van Pannenberg se fundamenteel-teologiese antropologie vanaf bladsy 161.

<sup>37</sup>Sien die hele bespreking van Pannenberg vanaf 4.2 maar veral my behandeling van die implikasies van sy fundamenteel-teologiese antropologie by 4.2.5 op bladsy 163.

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 325

Die mens is nie gevorm deur instink nie, hy moet gevorm word. Pannenberg se argument volg met 'n konsentriese beweging dit wat die mens vorm totdat hy tot die gevolgtrekking kom dat die kultuur, gemeenskap en persoon net kan bestaan by grasia van die antisipasie van die mees finale horison van betekenis. Op die manier is die menslike persoon 'n skepping van die Gees<sup>38</sup> - presies wat Barth ook hier uitdruk.

*... die siel van sy liggaam, geheel en tegelyk:...* My formulering van die onderlinge verhouding van behoeftes tot mekaar is dat die fisiologiese behoeftes die basis vorm en die simboliese die integrasie. Dit het 'n parallel in die *vorm-inhoud* skema waarna hierbo verwys is. Barth se formulering dat die mens die siel *van* sy liggaam *is* het dieselfde inhoud in gedagte. Die mens is 'n subjek, daarom *is* die mens die siel van sy liggaam. As mens sou sê die mens *het* 'n siel, dan is die vraag wie daardie besitter is wat 'n siel *het*. Die mens *is* 'n subjek en *het* 'n liggaam waarvan hy die vorm en lewe is. Die mens is die siel *van* sy liggaam. Die liggaam is dus die basis waarop die integrasie plaasvind. Pannenberg bespreek ook hierdie gedagte waar hy dit het oor die verhouding van die ego tot die self (Pannenberg 1999:206). Die self as basis van die ego, is altyd die materiële liggaam. Die mens is vir Barth *geheel en tegelyk* die siel van sy liggaam. Geheel beteken geïntegreerd.

*... in onophefbare verskeidenheid...* Die liggaam en die siel verskil. So verskil die behoeftes aan die onderhoud van die liggaam en die patologiese wat uit tekorte hierin voortvloei van dié van die simboliese behoeftes.

*... onskeibare eenheid...* Die siel bestaan by grasia van die liggaam en die liggaam bly voortbestaan by grasia van die siel. Die fisiologiese en simboliese behoeftes is wedersyds mekaar se voorwaarde.

*... in onvernietigbare orde...* Barth sien die mens as beheersende siel en dienende liggaam. Die integrerende funksie van die simboliese het by die mens voorrang bo die fisiologiese. So byvoorbeeld is daar by die mens nie werklik sprake van instinkte nie.

Die oefening hierbo toon hoe 'n mens 'n teologiese begrip van die verhouding van behoeftes tot mekaar kan vorm deur gebruik te maak van stof uit die teologiese antropologie. Die analise van 'n ander teologiese tradisie sal moontlik na ander gevolgtrekkings lei. Dit het ook die geleentheid gebied om my formulering van die funksie van fisiologiese behoeftes as basis en simboliese behoeftes as integrasie te toets. Ek glo ek het die raakvlakke met Barth se antropologie, wat vir my persoonlik 'n besonder oortuigende verwoording

---

<sup>38</sup>(Pannenberg 1999:528)

van die Christelike leer oor die mens is, duidelik aangetoon.

### 9.3.5 Het die mens oneindige behoeftes?

Die populêre omskrywing van oneindige behoeftes berus op 'n mate van konsepsuele slordigheid. Die stelling word gemaak deur mense wat gewoonlik nie onderskei tussen behoefte, begeerte en bevredigers nie. Die vraag of mense oneindige behoeftes het, is dus eintlik drie vrae: Is daar 'n oneindige aantal behoeftes? Benodig mense 'n oneindige aantal bevredigers? Begeer mense 'n oneindige aantal dinge? Ek behandel die drie vrae en hulle teologiese konsekwensies hieronder.

#### 9.3.5.1 Is daar 'n oneindige aantal behoeftes?

Die bekende taksonomieë van behoeftes gee lyste van behoeftes wat wissel van drie primêre motiveerders (Alderfer) tot agttien instinktiewe geneigdhede (McDougal<sup>39</sup>) en twintig behoeftes (Hall en Lindzey<sup>40</sup>). Hoewel daar breër en fyner kategorisering is, is daar by geen van die teoretici die suggestie dat die aantal behoeftes-tipes oneindig is nie.

'n Oneindige aantal behoeftes sou beteken dat die menslike natuur totaal vloeibaar sou wees en dat die verskille tussen mense onoorkombaar groot sou wees. Dit is net waar behoefte en bevredigers nie onderskei word nie dat daar sprake kan wees van 'n oneindige aantal behoeftes. In terme van die argument wat hier gevolg word, is die onderskeid tussen behoeftes en bevredigers 'n basiese konsepsuele onderskeid. Die vraag of 'n mens 'n oneindige aantal funksionele bevredigers benodig, word by 9.3.5.2 bespreek. Die teorieë wat in hierdie studie bespreek is en waarna verwys is, is almal pogings om juis die eenheid van die mensdom te handhaaf deur 'n teorie te ontwerp wat vir alle mense geld. Die Christelike geloof handhaaf die eenheid van die mensdom deur die geloof dat verlossing vir almal bedoel is en almal moet deel word van die kerk.

---

<sup>39</sup>Sien McClelland (1987:32)

<sup>40</sup>Sien McClelland (1987:46-47).

### 9.3.5.2 Benodig mense 'n oneindige aantal funksionele bevredigers?

Dit wil lyk dat mense nie met die stelling dat mense oneindige behoeftes het, bedoel dat daar 'n oneindige aantal behoefte-tipes is nie. Die mees voor-die-hand-liggende betekenis van so 'n stelling kan wees dat daar 'n oneindige aantal dinge is wat die mens nodig het - m.a.w. dat 'n mens nooit genoeg kry aan die middele waarmee behoeftes bevredig word nie.

Die verskynsel van dalende grensnut dui daarop dat wat 'n enkele produk betref, die satisfaksie wat mense binne 'n bepaalde tydsbestek uit die gebruik van 'n opvolgende produk put, in 'n stadium begin daal<sup>41</sup>. Die dalende vraagkurwe, wat teoreties hiervan afgelei word, is bykans by alle produkte empiries waarneembaar. Die verskynsel van dalende grensnut beteken dat mens genoeg van iets kan kry.

Die verskynsel van dalende grensnut is iets wat binne 'n sekere tydsraamwerk plaasvind. Dalende grensnut is waar te neem (al is dit nou net introspektief) by opeenvolgende gebruik binne 'n bepaalde tydperk. Waar die nut van 'n bakkie pap elke oggend omtrent dieselfde is, sal dit definitief daal as mens ook dieselfde pap vir middagete en aandete kry. Die daling al dan nie van die nut van die opeenvolgende eenheid van gebruik word bepaal deur die tydsraamwerk. Die fundamentele beperktheid van elke mens is tyd. Nut daal omdat bevrediging plaasvind en effektief bly vir 'n sekere tydperk. Omdat bevrediging plaasvind en tyd fundamenteel beperk is, kan behoeftes nie kwantitatief onbeperk wees nie en kan 'n mens nie 'n onbeperkte hoeveelheid goedere nodig hê nie.

Daar is reeds daarop gewys dat vaardigheid in alle gevalle 'n voorvereiste vir die bevrediging van behoeftes is<sup>42</sup> en dat die vlak van vaardigheid 'n beperking plaas op die vermoë tot bevrediging by die gebruik van goedere en dienste. Behalwe as 'n mens werklik so ver wil gaan soos om te wil aanvoer dat 'n mens se vermoë in enige opsig onbeperk is, kan daar nie aangevoer word dat die mens behoefte het aan 'n onbeperkte aantal goedere of dienste nie. Daar kom 'n punt waar die funksionele bevredigers (goedere) nie meer 'n beperking is nie, maar die mens se vermoë tot gebruik. Dit volg hieruit dat die geloof in oneindige behoeftes nie nodig is om die konsep van skaarsheid, wat saam met die daaruit voortvloeiende konsep van keuse die

---

<sup>41</sup>Sien die bespreking op bladsy 297.

<sup>42</sup>Omdat elke konkrete bevrediger 'n wyse van *doen* insluit.



basis van ekonomiese denke vorm, te ondersteun nie<sup>43</sup>. Skaarsheid en dus die noodsaak tot keuse is teenwoordig selfs by oorfloed van goedere. Skaarsheid het 'n antropologiese betekenis en is te vinde in die mens se beperkte tyd en beperkte vermoë.

### 9.3.5.3 Begeer mense 'n oneindige aantal dinge?

Daar is, hoop ek, oortuigend aangetoon dat 'n mens nie onbeperkte soorte behoeftes het nie en dat 'n mens ook nie 'n onbeperkte hoeveelheid middele benodig nie omdat die mens se tyd en vermoë beperk is. Die feit dat mense nie onbeperkte goedere nodig het nie beteken natuurlik nie dat mense nie onbeperkte dinge begeer nie. Die vraag wat ek hier wil beantwoord, is wat die betekenis van die eindelose begeerte is en of oneindige begeerte teologies geïnterpreteer kan word.

Die eerste vraag is of mense inderdaad oneindige middele begeer. Sommige ekonome meen wel so<sup>44</sup>. Dit is moeilik om so 'n vraag te beantwoord omdat, soos Maslow gerieflik maar tereg al in 1943 opgemerk het, gedrag vele oorsake het waarvan begeerte maar een is. Die subjektiewe van die mens is moeilik toeganklik. Om daardie rede is ek bewus dat die volgende voorbeeld nie volledig uitsluit oor die saak gee nie. Met dit in gedagte bied ek tog die volgende voorbeeld aan as 'n aanduiding oor wat die antwoord op die gestelde vraag mag wees. Die voorbeeld is die verhouding van die loonkoers tot die ure wat mense werk<sup>45</sup>. Wanneer die uurlikse loonkoers verhoog, is mense geneig om meer ure te werk ten einde meer geld te verdien. As die koers aanhou styg kom daar egter 'n punt waarop mense begin om minder te

<sup>43</sup>Mohr en Fourie (2001:7) verbind skaarsheid aan die oneindigheid van behoeftes: "Behoeftes is oneindig - ons wil almal soveel as moontlik hê - maar middele is skaars. Derhalwe moet keuses deurentyd uitgeoefen word." Hulle maak egter op 'n ander plek melding van die skaarsheid aan tyd wat selfs die rykste mense konfronteer. (Mohr en Fourie 2001:13)

<sup>44</sup>Mohr en Fourie (2001:10) is van mening dat mense wel oneindige middele begeer. Let in die volgende sitaat op hulle gebruik van behoefte en begeerte as sinonieme en die onderskeiding van basiese behoeftes as spesiale kategorie. Hulle onderskei ook nie behoeftes, bevredigers en funksionele bevredigers nie: "Behoeftes is die innerlike drang of begeerte na goedere en dienste. Ons behoeftes is onbeperk - ons wil almal alles hê. As individue en as 'n gemeenskap begeer ons altyd meer of beter goedere en dienste. Individue het biologiese, geestelike, materiële, kulturele en sosiale behoeftes. 'n Groep mense, daarenteen, het kollektiewe behoeftes soos wet en orde, opvoeding en bestaansbeveiliging. Basiese behoeftes is dinge wat noodsaaklik is vir oorlewing, soos voedsel, water, skuiling en klere. Anders as in die geval van behoeftes, is dit moontlik om basiese behoeftes... te beraam."

<sup>45</sup>Sien grafieke en verdere verduideliking in (Mohr en Fourie 2001:402-404).

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 329

werk. In terme van vrye tyd is die verloop soos volg. Wanneer die uurlikse loonkoers begin styg, werk mense harder om meer geld te verdien. Hulle kies dan geld bo vrye tyd. Soos die loonkoers verder styg, bereik hulle 'n punt waar tyd belangriker is as om nog geld te verdien. Dit wil dus voorkom asof mense nie geld ten alle koste najaag nie. Geld is die ruilmiddel waarmee 'n persoon toegang het tot alle produkte en dienste op die mark - gegewe dat sy genoeg daarvan het. So kies mense eintlik in 'n stadium goedere en dienste bo tyd en later weer tyd bo goedere en dienste. Omdat alle verbruik liggaamlik en dus binne tyd plaasvind, sal hierdie verskynsel vir alle soorte gebruik geld. By afwesigheid van 'n beperking aan tyd sou sake heel anders lyk. Dit lei weereens tot die gevolgtrekking dat die fundamentele skaarsheid die skaarsheid aan tyd is. Die mens het miskien nie 'n begeerte na meer tyd nie omdat so 'n begeerte futiel is<sup>46</sup>, maar wel 'n heimwee daarna.

Daardie heimwee neem wel by party mense en kulture die vorm aan van 'n strewe na onbeperkte of onprakties hoë verbruik. Hoewel 'n persoon net 'n beperkte stel produkte en dienste kan gebruik weens die antropologiese beperkinge van tyd en vaardigheid, begeer meerdere mense wel om meer te besit as wat hulle kan gebruik. Eintlik is nominale besit<sup>47</sup> los van verbruik 'n spesiale geval van verbruik. Dit is simboliese verbruik. Die betekenis van nominale besit van geld is simbolies nie werklik anders as die strewe om die hoogste telling op 'n arkade-speletjie hou nie. Die strewe om die rykste mens op aarde te wees en die strewe na die hoogste telling op *pac-man*<sup>48</sup> is

---

<sup>46</sup>Alderfer (1977:659) maak die nuttige onderskeid tussen *need theory* en *expectancy theory*. Laasgenoemde hou in dat menslike motivering die som van die produk van die satisfaksie-waarde van die verwagte uitkoms en die waarskynlikheid daarvan is. Begeerte beteken in die sin die motivering om iets te doen. Omdat die waarskynlikheid van aanhoudende fisiologiese lewe nul is, bestaan die begeerte - in sin van verwagting - ook nie.

<sup>47</sup>Ek gebruik die term *nominale besit* vir die verskil tussen 'n persoon se vermoë tot gebruik (dus tyd en vermoë) en die goedere waarvoor so 'n persoon beheer uitoefen. Die vermoë tot *gebruik* moet nie met die vermoë tot *verbruik* verwar word nie. Ek bedoel *gebruik* hier in die antropologiese sin as die wyse van *wees, doen, hê* en *bevind* waardeur iemand 'n sekere stel behoeftes aktualiseer. Ek bedoel dan *verbruik* as die ekonomiese handeling van koop en besit. Die feit dat 'n persoon tientalle miljoene dollars vir 'n skildery kan betaal dui die skaal van verbruik aan. Of daardie persoon die vermoë het om daardie produk optimaal te gebruik (in die antropologiese sin van die woord) is daarby glad nie aangespreek nie.

<sup>48</sup>Een van die mees populêre arkade-speletjies in die geskiedenis. Dit is in die laat jare sewentig van die vorige eeu ontwerp deur Toru Iwatani vir sy werkgewer Namco. Dit het gedurende die jare 80 van die vorige eeu geweldig populêr geword. Die eerste persoon wat die volmaakte spel kon speel was 'n Amerikaner met die naam Billy Mitchell.

weselik dieselfe. Dit gaan in beide gevalle oor die simboliese inhoud en nie die gebruik van een of ander produk of diens nie. Net soos die spelers by die wêreldkampioenskap van *pac-man* na 'n al hoe hoër telling streef, is daar mense wat al hoe meer produkte begeer. Die simboliek het moontlik binne 'n sekere gemeenskap 'n simboliese funksie en dan spesifiek om 'n persoon van ander te differensieer as beter of meer verheue, maar dit is nie noodwendig die geval nie<sup>49</sup>. Die verskil tussen die strewe om die wêreld se beste *pac-man* speler, of selfs net 'n goeie een te wees en om fabelagtig ryk te wees, is die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe oneindigheid. Die speler wat in een spel wil uitblik streef na die kwalitatiewe vervolmaking van een enkele handeling. Die opgaarder van surplus rykdom streef na die kwantitatiewe vermeerdering wat alreeds sy kwalitatiewe vermoë tot gebruik<sup>50</sup> oortref.

Daar is twee psigoloë wat reeds vlugtig behandel is wat bydraes gelewer het wat die betekenis van onbeperkte begeerte insiggewend toelig: Erich Fromm en Karen Horney. By 7.2.1.4 op bladsy 230 en die daarop volgende bladsy is daar verwys na Fromm se analise van hoe die mens van sy dag probeer het om aan die angs wat die gevolg is van die isolasie en struktuurloosheid van die samelewing is te ontsnap. Veral die oriëntasie van opberging en bemarking (3 en 4) is hier ter sprake. Volgens die analise van Fromm is onbeperkte begeerte en onbeperkte verbruik 'n teken van angs.

Daar is bepaalde produkte waarvan die verbruik op sigself 'n teken van angs is. Alle sekuriteitsprodukte is voorbeelde hiervan. Die heinings, alarms en slotte op ons huise toon aan hoe bang ons is. Daar is moontlik rede om te wees. Daar is dus nie noodwendig iets patologies aan hierdie soort verbruik nie. Daar is wel so iets soos patologiese verbruik. 'n Produk waarvan die

---

Hy het al 255 vlakke voltooi met 'n maksimum van 3 333 360 punte. Die maatskappy waarvan hy die eienaar is, het intussen 'n beloning van honderdduisend dollar uitgelooft vir die speler wat die 256de vlak voor getuies kan voltooi. Sien die artikel op wikipedia (<http://en.wikipedia.org/wiki/pacman.html>).

<sup>49</sup>McClelland onderskei mense wat gemotiveer word deur mag van dié gemotiveer deur prestasie. Prestasie-gemotiveerde mense doen dinge wat matig moeilik maar bereikbaar is ter wille van die uitdaging daaraan verbode. Mag-gemotiveerde mense doen wat nodig is om meer mag, aansien en respek van ander te kry. Hulle sal moontlik aan die selfde aktiwiteite deelneem as mense wat eerder deur die uitdaging daarvan self gemotiveer word, maar met die doel om beter as iemand anders te wees. Sulke mense is meer aggressief, statusbewus en neem meer risiko's. Sien (McClelland 1987:246-250 en 280 en verder)

<sup>50</sup>*Gebruik* is die antropologiese term wat dui op behoefte-bevrediging. *Verbruik* is die ekonomiese term. Die mens se vermoë tot verbruik hou natuurlik nie op nie voor sy geld op is nie. Enige hoeveelheid geld kan gemors word.

## 9.3. ONTWIKKELINGE BINNE DIE SEKULÊRE MENSBEELD 331

grensnut nie daal nie maar styg, kan as 'n patogene fasiliteerder gesien word. Dwelms is 'n goeie voorbeeld: Die angs gewek deur die afwesigheid van die dwelm by die uitwerking van die effek styg telkens met gebruik sodat die afhanklike mettertyd meer en meer gereeld moet verbruik. In hierdie paragraaf is surplus verbruik, dus verbruik wat vermoë en tyd oortref, ter sprake. Sulke verbruik is altyd patologies omdat bevrediging nie plaasvind nie<sup>51</sup>. Dit is patologies omdat dit nie bevrediging bied nie maar afhanklikheid van die verbruik van 'n sekere produk verhoog. Horney se konsep van latente angs is hier van toepassing. Die angstige persoon vrees iets spesifiek en tref dan maatreëls ter verdediging maar juis die maatreëls hou die angs teenwoordig<sup>52</sup>. Surplus verbruik het meermale te doen met status. Juis die maatreëls om te verseker dat iemand deur ander aanvaar word (byvoorbeeld opsigtelike verbruik) is binne hierdie analise van Horney 'n teken van onsekerheid en minderwaardigheid. Fromm en Horney se analise maak dit moontlik om die begeerte tot oneindige besit as 'n uitdrukking van angs en dus as 'n patologie te beskou.

Daar is reeds verwys na Augustinus se siening dat liefde vir die verganklike altyd met vrees en maniese genieting gepaard gaan<sup>53</sup>. Die verwantskap tussen patologiese verbruik en wat Augustinus *maniese genieting* noem, kan 'n mens nie ontgaan nie. By albei gaan genot en angs saam. Albei is in die finale instansie gedoem om te faal omdat die mens verganklik is. Albei aksentueer tegelyk die eindigheid van die mens én sy begeerte maar ook sy onvermoë om dit te oorkom. Hierdie basiese spanning bring die religieuse tematiek weer onvermydelik na vore. Die mens het inderdaad behoefte aan die Oneindige en nie oneindige behoeftes nie.

---

<sup>51</sup>Die dwelmafhanklike ervaar ook eerder tydelike *verligting* van die angstigheid as werklike *bevrediging*. Maslow het ook gevind dat neurotiese behoeftes angs verlig maar self ook 'n bron daarvan is. Sien Maslow se behandeling van die verskil tussen ware en neurotiese behoeftes. (Maslow 1971:381-388)

<sup>52</sup>Dit bly dus latent. Sien die bespreking van die onderskeid tussen latente en manifeste angs by van den Berg (1970:250-251).

<sup>53</sup>Sien die bespreking van Augustinus se gebruik van die begrippe *cupiditas* en *caritas* 5.5 op bladsy 195.